

DIE AFRIKANER- KIND

LEESBOEK

VIR

STANDERD
VI.

SKb
439.3686
AFR

INTERNATIONALE
BOEK BEPERKT
ONTEIN



DIE AFRIKANERKIND.

SKOOLLEESBOEK

VIR

STANDERD VI.

DERDE DRUK.



Afrikaans onder toesig van

Dr. D. F. MALHERBE

(Professor in Afrikaans, Grey-Universiteitskollege,
Bloemfontein)

en

Dr. J. F. W. GROSSKOPF

(Professor in Staathuishoudkunde, Stellenbosch-Universiteit).

Uitgewers: NASIONALE PERS, BEPERK,
Bloemfontein, Kaapstad, Stellenbosch, Pietermaritzburg.

1923.

VOORBERIG.

Ons is bly om vir die Afrikaanse onderwysers en veral die Afrikaanse skooljeug te kan aanbied hierdie deeltjie vir Standard VI van 'n nuwe reeks skoolleesboeke „DIE AFRIKANERKIND,” deur ons uitgegee. Wat die taalkundige kant betref, het die boekie onder die sorgvuldige persoonlike toesig gestaan van Professor Dr. D. F. Malherbe en Prof. Dr. J. F. W. Grosskopf. So kan ons die boekie die wêreld instuur met die volste vertroue, dat dit by die onderwys in Afrikaans 'n besonder nuttige en betroubare hulpmiddel sal wees—vir meester sowel as leerling.

DIE UITGEWERS.

Bloemfontein, Februarie 1921.

I N H O U D,

Die wonderlike leiding Gods	11
<i>J. G. Engela (Afrikaanse Verhale).</i>	
Uit die jeug van Generaal Christiaan de Wet	20
<i>J. D. Kestell (Christiaan de Wet, 'n Lewensbeskrywing).</i>	
Die Ploeg	24
<i>Eerw. W. G. Dowsley (Boerdery vir Suid-Afrikaanse Skole).</i>	
Die Boervrou in die trekpad	26
<i>Dr. Okulis (Die Boervrou).</i>	
Die Koeël	31
<i>J. Lub (Eenvoudige mense).</i>	
Die Slaweskip	40
<i>'n Dominee (Reisavonture op land en see).</i>	
Organiseer in die Vrystaat	53
<i>J. D. Kestell (Christiaan de Wet).</i>	
Afwisseling van Oeste	56
<i>Eerw. W. G. Dowsley (Boerdery vir Suidafrikaanse skole).</i>	
Die Kluisenaar van die Karo	58
<i>C. J. Langenhoven (Ons weg deur die wêreld).</i>	
Marthinus Oosthuysen	68
<i>R. J. v. Reenen (Die achterstevoortrekkers).</i>	
Die Toordokter	77
<i>Thos Blok (Grensboere).</i>	
Die Baassnyer	83
<i>J. van Bruggen (Op veld en rande).</i>	
Die Welse	87
<i>'n Dominee (Reisavonture op land en see).</i>	
'n Bladsy uit die geskiedenis van een wat vyftig jaar Predikant in Patagonië was	89
<i>'n Dominee (Reisavonture op land en see).</i>	
Op jag vir Johannes	98
<i>J. H. H. de Waal (Johannes van Wijk),</i>	

Op die dorp	110
D. F. Malherbe (<i>Vergeet nie</i>).	
Die Nuwe Republiek van Vryheid (1884-1888)	117
E. Stockenström (<i>Handboek van die Geskiedenis v. Suid-Afrika</i>).	
Die end van ons weg	121
C. J. Langenhoven (<i>Ons weg deur die wêreld</i>)	
Wysheidsfontein	124
Eerw. W. G. Dowsley (<i>Boerdery vir Suidafrikaanse skole</i>).	
I. Die eerste Boer land in Patagonië	135
'n Dominee (<i>Reisavonture op land en see</i>).	
II. Die aankoms van die Eerste Trek	141
'n Dominee (<i>Reisavonture op land en see</i>).	
Loop eg jou lande	146
Eerw. W. G. Dowsley (<i>Boerdery vir Suidafrikaanse skole</i>).	
Oorlog	147
Totius (<i>Trekkerswee</i>).	
'N Esau (derde toncel)	152
Grosskopf (<i>'n Esau</i>).	
En dan sê hul nog: „Dit spook nie!”	164
Von Wielligh (<i>Staan jou man</i>).	
Bruilof	169
Celliers (<i>Martjie</i>).	

DIE WONDERLIKE LEIDING GODS.

Die verhaal wat ons nou hier wil teboekstel, had sy oorsprong op die plaas Leliedal in die distrik W., Kaapkolonie.

Was die naam Leliedal skoonklinkend, die plaas self was niks minder bekoorlik nie, daar dit aan die voet van 'n hoë berg gelê het, en dik begroei was met vrugte en ander bome, uit die midde waarvan 'n pragtig geboude woning gepryk het.

Was die gebou nou van buite sierlik, daarbinne was dit nie minder aantreklik nie: met sy tien, twaalf netjies gemeubileerde vertrekke, was dit vir die besoeker 'n verrukking om die prag en praal wat daar tentoongesprei word in oëskou te neem.

Leliedal was die eiendom van meneer Andries Cilliers, wat hy as huweliksgeskenk van sy vader, enige weke gelede, in besit geneem het.

Hy was pas getroud, en het dadelik na die feestelikhede met sy vrou tjie intrek geneem in sy nuwe bekoorlike woning.

Dit was in die hartjie van die winter, en die aand, waarvan ons hier skrywe, het daar 'n vreeslike storm gewoed.

Dit was bitter koud, en terwyl die verskriklike stormwind daarbuite 'n vermaak daarin skyn te vind om die massiewe bome heen en weer te slinger, en die plasreën neerdaal, asof jy dit met emmers van die hemel afgooi, was dit daarbinne heel anders gesteld.

Daar sit meneer Cilliers en sy gade in die eetkamer voor 'n kaggel, terwyl daar 'n heerlike vuur in brand.

Mevr. Cilliers was nog jonk, pas twintig jaar, maar was nietemin 'n tere kristen. Haar skoon en onskuldige voorkoms het jou onwillekeurig daaraan laat dink dat sy vir iets hoërs bestemd was.

Hy daarenteë was heeltemal anders gesind. Die wêreld sou hom 'n fatsoenlike man genoem het, daar hy hom nooit aan ongewone buitensporighede skuldig gemaak het nie. Tog was hy 'n wêreldling. Sy voorkoms was stuurs, en in die omgang met sy bure, en vreemde veral, was hy regte onvrindelik.

Terwyl die tweetjies daar nou so aangenaam voor die vuur sit, het mevr. Cilliers haar so gedraai, dat sy haar hoof op die bors van haar man kon neervly, en daar hy haar met sy regterarm ondersteun, kon sy gemaklik in sy, vir haar, lieflike oë kyk. Want sy had hom innig lief.

Meteens hoor jy haar praat: „Ag hartjie, hoeveel dankbaarheid is ons tog aan die Algoede God verskuldig, as ons in aanmerking neem dat ons niks by die Here verdien het nie, en ook maar sondaars is nes al die ander mense, en tog nog boonop bo so vele duisende bevoorreg is. Terwyl ons hier heerlik en warm, in 'n groot huis alleen verkeer, en nog as dit sou nodig wees, plek het vir minstens 'n twintig mense, kan dit altemit wees dat daarbuite in die nare en stormagtige nag, mense moet ronddool, sonder herberg. Sulke omstandighede, al is dit nou nie juis van toepassing hier nie, laat my altyd dink aan die ou bekende Gesangversie:—

„Ruwe stormen mogen woeden.
 Alles om mij heen zij nacht;
 God, mijn God zal mij behoeden:
 God houdt voor mijn heil de wacht.
 Moet ik lang Zijn hulp verbeiden,
 Zijne liefde blijft mij leiden:
 Door een' nacht, hoe zwart, hoe dicht,
 Voert Hij mij in 't eeuwig licht.”

Onderwyl dat sy so met haar man sit en praat, word daar aan die deur geklop, en daar dit al laat was, kon hulle dit amper nie glo nie, maar andermaal word die klop weer verneem, net 'n weinig harder. Meneer Cilliers staan toe op, om te gaan kyk, en toe hy die deur oopmaak, sien hy, met behulp van die lig wat by die deur uitstraal, 'n veerwaentjie met ag perde met hulle koppe almal na die aarde geneig, as teken, sou 'n mens amper sê, van dankbaarheid vir die tydelike skuiling onder die groot bome.

Vlak voor die deur staan 'n man deur en deur nat, en nadat hy gegroet het, vra hy beleef maar dringend, vir meneer Cilliers, om tog asseblief vir die nag vir hom en sy mense 'n skuiling onder dak te gee, daar dit tog onmoontlik was om in so 'n storm voort te gaan.

Dadelik het die vreemdeling bespeur dat Cilliers maar nie al te ingenome was met sy versoek nie en voeg toe nog verder daarby: „Meneer Cilliers moet tog nie altemit dink dat ons rondlopers is nie, maar ons is op 'n lang reis uit die Onderveld na die Pêrel. Ons wil ook niks verniet hê nie, en sal met alle bereidwilligheid betaal, as ons mag oorbly vir die nag, al was dit net in die waenhuis.”

Seer barstig laat Cilliers hom hoor:—

„Ek het nie plek nie en daarom kan jy nie hier uitspan nie; en wat nog meer is, jy moet dadelik ry, en glad nie eens op my grond uitspan nie. Daar is die pad! Trek!“

En daarop slaan hy die deur dig in die gesig van die vreemdeling en gaan na binne.

By sy binnekoms het sy vrou vir hom gevra, wie daar was, en of die mense afkom, daar sy al besig was om die tafel te dek, om vir die vermoeide reisigers iets te ete voor te sit.

„Nee, antwoord hy, wie dit is weet ek nie, maar ek het hulle gesê dat ons nie so laat mense kan ontvang nie, en dat hulle maar moet verder gaan.“

Mevr. Cilliers was regte verontwaardig oor die handelwyse van haar man, en terwyl sy met 'n sug weer netjies die tafeldoek opvou en neerlê, sê sy vir hom: „Maar Andries, is dit dan moontlik, dat jy in so 'n weer, mense soos 'n hond van jou deur af kan wegja? Weet jy nie dat die Here gesê het dat jy die herbergsaamheid nie moet vergeet nie? En dink tog nog verder, wat ons saai, sal ons seker eendag moet maai. Vergelyk tog ons voorregte met die van die vreemdeling wat jy so onkristelik behandel het.“ En daar haar gemoed te vol was om verder te praat, bars sy in tranes uit.

Hy daarenteë was glad nie bewoë nie en sê nog in sy onverskilligheid: „As die Here my bo ander mense bevoorreg het, dan raak dit my ook nie, elkeen vir homself, en God vir ons almal,“ en daarop stap hy die slaapkamer in.

Met die vreemdeling daarbuite het dit, soos kan verwag word, allertreurigs afgeloop. Hy het maar aangery, en omtrent 'n myl van die huis af, het hy in 'n moddersloot te lande gekom, waar die waentjie vasgeval het,

en met die op en af slinger van die diere om die wa uit te trek, het die disselboom afgebreek, en so moes hulle die on vergeetlike nag daar deurbring.

Die volgende môre, toe dit lig geword het, het die onbekende die gebroke deel van sy waentjie, so goed hy kon, herstel en voortgegaan. Meneer Cilliers het niks verder van hom verneem nie.

Kort daarna werd mevr. Cilliers deur die dood van haar man geskei.

Op haar sterfbed het sy hom ernstig vermaan, om 'n ander weg in te slaan, en sy hart aan die Heere te gee, sodat hulle eendag weer mekaar mag ontmoet in die geweste van geluksaligheid. En met die woorde van haar geliefkoosde gesang:—

„Ruwe stormen mogen woeden” ens.,
is sy soet en salig in haar Heer en Verlosser ontslope.

Dat nou die dood van mevr. Cilliers 'n diep indruk op haar man gemaak het, sou nie 'n onjuiste veronderstelling gewees het nie. Ja, so ernstig was dit, dat hy kort daarna, op 'n eensame en afgesonderde plekkie op sy plaas, hom onvoorwaardelik aan die Here oor-gegee het. Die onmiddellike verandering in sy lewe, deur sy bekering veroorsaak, was so opmerklik dat iedereen wat hom geken het, dit kon bespeur.

Hier was die leeu in 'n lam, en die onvriendelike, selfsugtige in 'n nederige en vriendelike verander.

Die skrywer van die verhaal het die voorreg gehad, as jongeling, meneer Cilliers persoonlik te ken, en hy herinner hom nog hoe vol liefde dat die man was. As hy nou oor die hemel, en die heerlijkheid daarbo gepraat het, dan fonkel daar so'n liefdegloed in sy gelaat, dat dit onwillekeurig by jou 'n verlange opwek, om ook soos Paulus te sê: „ontbonde te wees”, en dan ook maar

daar te wees waar 'n mens vir altoos ontslae is van die ramp en teenspoed, waarmee jy so dikwels in *die* lewe te kampe het.

Etlike jare na die dood van meneer Cilliers se vrou, het sy gesondheid hom begewe, en na verskeie dokters te geraadpleeg het, moes hy op voorskrif van hulle 'n reis onderneem, daar hulle van oordeel was dat 'n gedurige afwisseling en verandering van lug, 'n bevredigende uitwerking op sy gesondheid sou hê..

Daar meneer Cilliers van 'n lewendige natuur was, het hy besluit om maar 'n togryery aan die gang te sit. Nie om daar juis munt uit te slaan nie, want hy had dit nie nodig nie, maar meer om iets te hê waarmee hy hom kon besig hou.

So was dit dat hy hom op een van sy togte in die distrik van Beaufort-Wes bevind het. Dit was die jaar maar verskriklik droog; daar was byna niks te vreet vir die diere nie, en van voer was daar glad nie eens sprake nie.

Eendag terwyl hy hom op so 'n geskotige afdraand met sy wa met muile bespan bevind, sien hy daaronder op die plaas waar sy plan na toe was, 'n groot plaat brakbosse. 'N brakbos besit nie juis groot voedingskragte nie, maar daar hy wonderlik teen droogte kan staan, en altyd groen bly, sal hy, al sou jy nou niks anders kan kry nie, daarom nie jou diere van honger laat vrek nie.

Met sy oog op die plaat bosse, het Cilliers hom klaar gemaak, om sodra hy op die plaas kom vir die eienaar verlot te vra, om sy muile daar te laat wei.

Met sy aankoms op die plaas het Cilliers dadelik opgemerk dat dit 'n ryk man mocs wees wat daar woon, want die orde en skoonheid wat in alle opsigte te bespeur was, was voldoende bewys daarvoor.

Pas het hy stilgehou of die eienaar van die plaas, Jacob Zekerhave (want so het hy geheet) stap hom tege-
moet. Die man was die goedheid self, en was bemind
deur almal wat hom geken het.

Nadat Cilliers gegroet het, vra hy ook somar (want
waar die hart van vol is, spreek die mond) of meneer
Zekerhave hom nie asseblief sal toestaan, om sy muile
daar in die plaat brakbosse te laat wei nie.

Zekerhave het Cilliers so opmerkzaam beskou dat 'n
mens kan gedink het dat hy hom al vantevore gesien
het, maar daar hy nie aanmerkings in die rigting gemaak
het nie, moes die gedagte verval.

Van die versoek van Cilliers wou hy glad niks hoor
nie, en sê toe ook op laggende toon: „Wat! brakbosse?
Nee meneer Cilliers, kom maar huis toe.” En daarop gee
hy die volgende bevel aan sy volk:—

„Span nou gou die baas se muile uit, en lei hul
deeglik koud, en as julle hulle water gegee het, sit hulle
dan in die stal, en gee hulle dan 'n goeie koring- en kaf-
voer. En,” vervolg hy verder, „maar volkies, moet nou
nie altemit die eerste slag te veel kos gee nie, want dan
kan ons moontlik die baas se muiltjies siek maak, maar
namate hulle nou gewoon word, kan ons altyd meer
gee.”

Cilliers het hom byna dood geskrik, toe hy hoor van
koring en kaf, en vra toe waarvandaan meneer Zeker-
have so iets in so 'n droë tyd kon haal, waarop hy tot
antwoord kry: „Ag, meneer Cilliers, bekommer jou
daar tog maar nie oor nie. Ek het 'n besonder goeie
koringoes gehad: genoeg vir my eie gebruik en nog
oërvloed vir vreemdelinge. En,” gaan hy verder voort
„daarom wil ek nou nie hê dat jy altemit moet dink dat
ek myself ontriewe nie. Nee, want ek beskou dit 'n ge-

not om aan 'n ander te gee, wat die Here aan my gegee het.

Die volgende dag wou Cilliers, soos sy gewoonte was, weer vertrek, maar Zekerhave wou daar nie van hoor nie, want sê hy :

„Jou esels is maer en moeg, en op 'n ander plek sal jy na alle waarskynlikheid nie die geleentheid hê, om hulle weer 'n bietjie lewe in te sit, soos hier nie, en te meer nog daar jy gesê het dat jy vir jou gesondheid rondreis, sien ek glad nie wat jou haas kan wees nie. Nee, meneer Cilliers,“ hervat hy verder, „Ag dae op sy minste moet jy by my deurbring.“

Hoe dat Cilliers ook al teëgekap het, op die ou end moes hy ingee.

Gedurende die agdaagse verblyf, het Zekerhave gesêre dat die esels drie maal per dag 'n goeie koringvoer gekry het, en dat Cilliers met al sy volk met die grootste gasvryheid behandel geword.

Die laaste dag het aangebreek en die volgende môre vroeg, om vier uur, sou Cilliers vertrek.

Die lug was die hele dag betrokke gewees, en teen die aand bars daar 'n storm los. Dit was so verskriklik dat almal gevrees het dat die dakke van die huise sou afruk, terwyl die reën in strome neerval.

Dit was juis winter, en daar dit bitter koud was, sit Cilliers en Zekerhave lekker voor 'n groot vuur wat in die kaggel in die eetkamer brand.

Cilliers het al afskeid geneem van mevr. Zekerhave en die kinders wat ook almal al na bed was, want môre sou hy nie die geleentheid hê om hulle te groet nie, want hy wou vroeg ry.

Terwyl die outjies so lekker en alleen daar voor die vuur sit, en die vreeslike orkaan daar buite woed, kan 'n mens begryp dat Cilliers onwillekeurig moes dink het aan die storm dertig jaar gelede op Leliedal. En dit was ook werklik so.

Letterlik het hom voor die gees gekom sy wrede behandeling van die vreemdeling, en die ernstige waarskuwende stem van sy vrou tjie. Nog was dit asof haar woorde in sy ore klink: „Vergeet die herbergzaamheid nie, en wat ons saai, sal ons maai.”

Toe was dit dat hy inwendig gebid het min of meer op die volgende wyse: „O my God, hoe genadig syt Gy tog, as ek moes behandel word ooreenkomstig my handelwyse, met betrekking tot die vreemdeling, dertig jaar gelede, dan was my plaas daarbuite in die storm as 'n weggejaagde,” en daar verneem hy die lieflike stem van die Heilige Gees: „Uwe wegeen zijn niet mijne wegeen.”

Lank daarna het die tweetjies nog lekker gesit en gesels, en daar die gesprekke meesal geloop het oor die geluksaligheid daarbo, en die heerlikheid wat ons wag aan gindse sy van die graf, het die tyd gouer omgegaan as hulle vermoed het, want tot hulle grootste verbasing was dit reeds drie uur in die môre.

Die bybel word geopen en die gewone oggendgoddiens word gehou, en nadat hulle ernstig gebid het, sou hul haas afskeid van mekaar neem, daar die volk ook al besig was om die muile in te span.

Die storm was verby, en die lug heerlik skoon.

Toe die wa ingespan was, stap Cilliers na Zekerhave met betraande oë en sê: „Meneer Zekerhave, ek wil nou nie grootpraat nie, God verhoed dit, maar ek

wil in alle nederigheid net dit sê dat ek ook soos die wêreld sê, 'n welgestelde man is, en wil, met die bereidwilligheid, betaal vir al die liefdevolle weldade deur jou aan my bewys." En dit was werklik van harte gemeen, al sou Zekerhave hom nou 'n duisend pond gevra het, dan sou hy nie 'n woord teëgepraat het nie .

Daarop vat Zekerhave hom by die hand en sê : „Nee, my broer, dit kos niks! Maar ek wil jou net attent maak op iets, nie om jou te verwyt nie, maar om jou in alle liefde te vermaan : Mag daar ooit weer eendag by jou 'n vreemdeling kom, soos dit my lot was dertig jaar gelede, in die onvergeetlike stormagtige nag, gehoorsaam dan die bevel van die Heer : Vergeet die herbergsaamheid nie !”

Cilliers, met sy hoof na die aarde geboë, terwyl die trane hom oor die wange stroom, herinner hom nogmaals die gesegde van sy liewe vrou tjie : „Wat ons saai, sal ons maai !”

Hier moes hy die wrange vrugte pluk van 'n boom, deur hom dertig jaar gelede geplant, en terwyl hy snik soos 'n kind, bedank hy Zekerhave in korte bewoording vir al sy liefde. Daarop het hul afskeid van mekaar geneem, soos kinders van die Heer dit alleen kan doen.

Zekerhave het in diep gepeins op die stoep bly staan, om die wa nog gade te slaan, terwyl dit van die werf af wegrol, en daar dit stil was, verneem hy 'n rukkie daarna, te midde van die gedruis van die wa, daar in die vlakke die weergalmende stem van Cilliers wat in bekoorlike tone besig was om sy geliefkoosde Gesang te sing :

„Ruwe stormen mogen woeden,
Alles om mij heen zij nacht;
God, mijn God zal mij behoeden,
God houdt voor mijn ziel de wacht.
Moet ik lang Zijn hulp verbeiden,
Zijne liefde blijft mij leiden :
Door een nacht, hoe zwart, hoe dicht,
Voert hij mij in 't eeuwig licht.”

E n g e l a.

UIT DIE JEUG VAN GENERAAL CHRISTIAAN DE WET.

Christiaan de Wet het 'n huisie gebou nie ver van sy vader se woning nie. Dit was maar 'n klein woninkie van drie vertrekke. Hy het dit met snyruigte bedek, wat hy self in Grootspuit in die nabyheid van sy huis gesny het. Die huwelik is geseën met ses seuns en ag dogters. Nie een van die dogters leef meer nie, en van die seuns is daar nog ses in lewe.

Die jeugdige paar was nie met veel aardse goedere geseën toe hulle die huwelikslewe begin het nie. Saam het hulle sestig skape bymekaargebring. Hy het een perd en een koei gehad: sy, sewe koeie.

Met hierdie veetjies het dit nie goed gegaan nie. Daar het in die winter van 1873 buitengewoon swaar reëns geval, en die vee was teen die nat koue nie bestand nie. Die gevolg was dat daar by die end van die jaar maar nog net een uit die ag koeie oorgebly het en maar weinig van die skape. Oorweldigend het die jong paar onder die besef van hul teenspoed gekom toe dit blyk dat Christiaan vir sy eerste skeersel wol nie meer as £5 ontvang het nie.

Maar hy was nie 'n man om ontmoedig te word nie. Behalwe aan die veeboerdery, het hy sy aandag gewy aan die landbou. Daar was onder die dam naby die huis besonder goeie saagrond, en die het Christiaan bebou. Daarop het hy hard gewerk. Van vroeg in die môre tot laat in die nag was hy besig. Hy het sy

kragte so ingespan, dat alleen 'n man van ysere konstitusie dit kon verdra. En wat het hy veel aan sy jong, wakker vrou te danke gehad. Sy was met hom daar op die land. In die nagte, in die helder maanlig, was sy hom behulpsaam. Sy het die bondels gemaak van die koring of hawe wat afgesny was, en die bande daarop gelê, sodat haar man agter haar die gerwe vinnig kon bind.

„En ek kon my kindjie,” so het sy later vertel, „in die huis nie laat, of êrens op die land neerlê nie. Ek het hom op my rug in 'n tjalie vasgebind, en so vir my man gehelp.”

Dit het meermale gebeur dat die egpaar tot by die middernag op die land werk, en dan was Christiaan weer om drie-uur die volgende môre op. Hy kon met min slaap klaarkom. Dit is later op buitengewoon merkwaardige manier in die oorlog gesien, toe hy hele nagte agter mekaar in die lang kommandotrekke kon deurry aan die hoof van sy manskappe, en dan nog in die nag, terwyl die burgers slaap, sy rapporte skryf, of met iets anders vir hom besighou.

Waar mevr. de Wet vir haar man so op die land gehelp het, was dit nooit oorsaak dat sy haar huis verwaarloos het nie. Sy het in die begin geen bediende gehad om haar te help nie, maar niemand sou dit gemerk het nie, as hy die kans gehad het om die blinkgeskuurde potte in die kombuis te sien. Een môre kom haar skoonvader haar 'n bietjie koffie bring, koffie was die jaar, weens 'n misoes 2s. 6d. die pond, en natuurlik was die geskenk baie welkom. Hy vind haar besig met werk op haar vloer, wat altyd deur die meide verrig word, en hy merk ook hoe mooi sy self, sedert sy laaste

besoek, die woonhuis uitgewit het. Besorg sê hy vir haar :

„My kind, jy sal jou gedaan werk.”

„Nee, Pa,” was haar antwoord, „ek sal nie! Maar as iemand hier kom en oor my huis aanmerkings maak, moet ek hom kan stormloop!”

Stormloop! Christiaan en Cornelia de Wet—twee siele van een metaal!

De Wet was voorspoedig. Hy het goed aan koring en hawer gewen. Die vraag vir hom was nou, waar hy vir sy produkte 'n mark kon kry. Soos dit te dinke val, rys die Diamantvelde voor sy geestesoog op. Maar hy het geen middele waarmee hy sy graan op die mark kan bring nie. Hy is nog maar altyd skraal bedeed met aardse goedere. Wel het hy van sy vader 'n kort osse-tentwa gekoop, een van die ou Voortrekkerstiepe, met houtasse. Maar daarvoor het hy geen trekdier nie. Spoedig dink hy vir hom 'n plan uit. Hy sou nie Christiaan de Wet gewees het as hy nie dadelik 'n weg uit sy moeilikheid gesien het nie. Wat in hom nou opkom, is om te gaan na die heer Louis Fourie wat omtrent drie uur teperd van hom op Rusfontein woon, en te verneem of hy hom nie kan help nie. Meteen gaan hy daarheen en deel aan hom dit mee dat hy sy koring en hawer op Kimberley wil gaan verkoop, maar dat hy geen osse het om voor sy wa te span nie. „Sal jy my nou wil help?” vra hy. „Sal jy my op uitstel 'n span osse verkoop?”

„Ek sal twee perde laat opsaal,” antwoord Louis Fourie, „en ons kan na die beste ry.”

Hy het toe vir De Wet 'n span osse van veertien gewys vir 'n seer billike prys, en vir hom gesê: „Ek gee jou 'n jaar uitstel.”

Later het Generaal de Wet dikwels betuig dat die span osse vir hom op die been gebring het en dat hy dit nooit kon vergeet dat die Here dit so beskik het nie.

Van sy eie graan het hy toe nie genoeg vir 'n wawrag nie. Hy besluit toe om ook 'n weinig transport op te laai. So is hy op sy eerste handels- en transporttog na Kimberley toe. Dit het voorspoedig gegaan, nie alleen met die verkoop van sy graan nie, maar ook met die transportry. Hy het toe daarop gou weer met 'n vrag transport na die Diamantsvelde gegaan; en dit duur nie lank nie of hy is in staat om twee osse by te koop, sodat hy 'n span van sestien kon laat trek voor 'n bokwa wat hy gekoop het. Daarmee het hy nou transport gery. Dit was sy gewoonte om, al gaande, van plaas tot plaas, pluimvee te koop, en die op Kimberley van die hand te sit. Die profyt wat hy eenmaal met die verkoop van sy pluimvee gemaak het, was £6 ros. Presies vir hierdie bedrag het hy nog 'n os gekoop, wat hy die naam van „Hoendergeld” gegee het.

Nog voordat die jaar uit was, het hy aan Louis Fourie betaal wat hy vir die span osse verskuldig was. Met die betaal van sy skuld was Christiaan de Wet altyd seer presies. Dit was vir hom 'n gewetenssaak.

DIE PLOEG.

Die ploeg is die oudste en allervernaamste landbou-werktuig.

Die geskiedenis van die ploeg gaan saam met die van die mens, en namate die mens die landbou ontwikkel het, is die ploeg ook ontwikkel of verbeter.

Die soort van ploeg wat in verskillende tydperke in die geskiedenis van die wêreld gebruik is, is 'n vertroubare maatstaf om die ontwikkeling van die landbou mee te meet.

In vroeër eeue het 'n ploeg bestaan uit 'n mikpaal, waarvan die een ent skerp gemaak was, om as skaar en ryserbord te dien, en die lang ent moes as balk dien.

In die elfde eeu het die mense eers begin om ploë met ysterskare, op min of meer grote skaal te maak, hoewel sommige nasies dit al vroeër moes gebruik het, want ons lees in die Bybel dat die Israëliete in die tyd van Samuel hulle ploegysters skerp gemaak het om die Filistyne daarmee te beveg.

In 1785 is dit ontdek hoe om ploegskare van gegote yster te maak, en in 1803 is dit eers geluk om 'n ploegskaar van 'n soort geharde smee-yster te maak.

Menigeen van ons ou boere wat vandag nog „spring lewendig” is, het nog as kind op die 12 voet lang balk van die ou hout-ploeg moes ry, om die ding se neus onder die grond te hou. Hierdie ou mense vertel ons dat die ou grootvaders maar min vertrou in die eerste ysterploë gehad het. Hulle het gesê, die

yster maak die grond mae- en laat allerhande soorte vreemde onkruid en ander giftige goed op die lande groei. Hierdie idee was nie onder ons Suid-Afrikaanse voorvaders alleen nie, maar met dieselfde agterdog is die ysterploeg ook in ander lande ontvang.

Ons seuns wat 'n hele rukkie voor die oorlog gebore is, kan ook nog 'n tyd onthou toe daar maar 'n paar soorte ploë op die Suid-Afrikaanse mark te kry was. „No. 25” en „No. 75” houtbalk, en so hier en daar 'n ou „Omsitter”-ploeg; dit was min of meer die aantal, waaronder ons kon uitsoek. Later het daar 'n paar ander soorte ingekom, waaronder twee- en drie-voorploë ook was. Vandag is die aantal en die verskillende maaksels so ontsaglik groot, dat 'n boer vanaf 'n klein, ligte een-voorploeg tot 'n reuse stoom- of olieploeg kan kry.

Ons sien dus dat die ploeg hom ontwikkel het van 'n mikpaal tot 'n wonderlike werktuig.

Die ontwikkeling van die moderne ploeg was veral snel vanaf die end van die 19e eeu. Net die tyd toe die wetenskaplike wêreld met beslistheid begin het om groot belang te stel in die boer en boerdery.

DIE BOERVROU IN DIE TREKPAD.

Van die vroeër tyd af is dit waar dat ons volk op trek gebore en opgevoed is. Laer staan en trek was die element, waarin ons voorgeslag gevorm is. Om dit in die oog te hou is van die grootste belang. Dis daarom nodig om die laerlewe 'n bietjie van nader te besien. So 'n laer was vol van goedgeordende lewe en bedrywigheid, waarin die vrou seker die vernaamste rol gespeel het saam met haar kinders. Die mans had met die vee te doen, was veel op jag, het dikwels vergaderings bygewoon en moes die growwe werk doen, soos waens maak en regmaak. Op trek het dit dikwels gebeur dat moeders en dogters help vee aanja, selfs wa-drywe en toulei. Daar waar die laer staan vir weke en soms maande lank, was daar vir die vrou en dogters maar min tyd. Brood moes gebak word, vleis bewerk, wasgoed gewas, klere gemaak en herstel word.

Lion Cachet het die hele lewenswyse in die laer nog hoor beskrywe deur mense wat daaraan deelgeneem het en hy beskryf die lewe daar mooi. Ek volg dit vry met aanvullings:—

Dit is nie so centonig in die laer soos 'n mens miskien sou dink nie. Met dagbreek laat die een of ander haan uit die hok hom hoor en gee die ganse die môregroet met winste terug. Dit is die sein vir die korporaal van die wag om sy manskappe wat gedurende die nag wag gehou het „te bedank,” en terwyl hulle

'n bietjie rus gaan seek in wa of tent, begin die laer te lewe.

Onder die waens uit kruip bondels velle wat lang-samerhand die gedaante aanneem van Boesmans of Hottentots, en uit ondenkbare plekke kom die meide, Leas en Sabiens, te voorskyn.

Hoeveel mense in een tent kan slaap, word nou eers duidelik, en dit lyk of in sommige waens, tot brekens toe gepak met goed van allerlei aard, minstens 'n half dosyn kinders, buiten vader of moeder ontwaak. In 'n paar minute is die mense aangetrek, wat nog al gemakliker gaan, omdat hulle byna nie uittrek om te gaan slaap nie (wat, behalwe vir die lasteraars van ons volk en onnosel mense, heel begryplik is vir mense wat geen aparte vertrekke op reis het en wat elke oomblik gereed moet wees om uit te spring teen vyand of ongedierte). As hulle gewas het, gryp die man na die pyp en skink die moeders of dogters koffie wat uit kommetjies of blikbekers met boerbeskuit gebruik word.

Daarna word gewoonlik in die tent 'n gedeelte van Gods Woord gelees, 'n versie gesing en 'n gebed gedaan, waarna die mans na die vee gaan en die vrouens begin aankant maak. Teen ag of nege uur in die more word die môremaaltyd („agtuur") genuttig, bestaande uit vleis, brood of mielies, beskuit met koffie of melk as daar is.

Elkeen het nou sy werk. Die seuns en die skepsels moet die vee oppas, die mans neem hulle gewears om te sien of hulle nie 'n stuk wild kan skiet nie of gaan jag teen leus en ander gedierte wat weer onder die vee geslag het. Die dogters help die moeders. Daar moet gewas word, gebak, geslag en toutjies en biltong gesny word; klere moet gemaak, gelap en gestop word. Dan moes daar vir die maaltye gesorg word.

Die kleremakery in so'n laer was nie 'n kleinigheid nie. Al die mans-, vrou- en kinderklere moes gemaak word van die grond af met die hand en dit met die grootste netheid en deeglikheid, want alles van die aard was skaars en duur—selfs naald en garing. Die mense was die dae net so gesteld op hulle klere as ons. So 'n vrouekappie was van belang en nie elkeen se werk nie—dit het dae en weke gekos om so'n pronkstuk fyn af te werk. Dit was dan ook in sulke gevalle net die werk van die „kappiemakers" van beroep. Uit gebrek aan modeboeke en verskeidenheid van patrone het die tabberd ook maar werk gegee, om nou nog nie eers te praat van velbroeke en onderbaadjies van die mans nie. Dat die soort werke nogal hoofbrekings en rype besprekings onderling gekos het, kan ons gerus aanneem.

Gewoonlik was daar in die laer een of ander wat in staat was om „meester" te speel, en die moes dan die kinders leer lees en skrywe en verder in die Bybel en Hellenbroek oplei. Waar die meester ontbreek het, moes die moeders maar self die werk doen. Heelwat werk is die dae gemaak van sing:— Psalms, Gesange (behalwe onder Potgieter se mense) en Liederwysies— Van Alphen, Groenewege en Sluiters. As die kinders nie op skool was of ander werk te doen had nie, het hulle kleivee gemaak en self 'n klein trekkie uitgevoer.

Die mans moes soms heelwat tyd bestee om waens en trekgoed, stoele, banke, kiste en katels, ens., te maak en te herstel, en dit het soms met die grootste gesukkel gegaan deur die skaarste van gereedskap en die nodige hout en yster. Maar tog, hulle kon en het alles gemaak, wat vir die trek nodig was. Hierby het die seuns gehelp en selfs op kleiner skaal nagemaak. Die meisies het

weer die moeders gehelp en al vroeg met popspeel geleer werk met die naald.

So het die dag met een en ander gou genoeg omgegaan. As dan saans die vee versorg is en alles soveel molik vir die nag verseker is, word die aandmaaltyd gebruik en die aandgodsdienis gehou. Daar kon „men der vromen tent” hoor „weergalmen.” Groot en klein het versies opgegee en voorgesing op die ry af. En dan was dit weer slaapyd. Die openbare godsdiensoefening word op Sondaes altyd gehou deur ’n ouderling, oud-ouderling, goedgesinde sendeling of leraar (in die geval van Eerw. Erasmus Smit). Die dienste is in die reël goed bygewoon.

In so’n laer en op die wyse het die Boer jarelank gewoon, en ’n groot deel van die volk is in die laer gebore en gevorm. Dis die mense wat magtige vyande weerstaan het, onmolike toestande oorkom het, state gestig het. Daar het hulle geleer handel, gehoorsaam en regeer. Vir vryheid het hulle alles geoffer, in vryheid het hulle gelewe, vir vryheid sou die volk nog hulle bloed moet gee—en dit nie tevergeefs nie. Hulle het geleef, gely en gestry vir ’n ideaal. Dis van hulle wat Chamberlain in 1881 gesê het:—

„Die Boere is nie van nature ’n krygslustige nasie nie. Hulle is ’n huislike, hardwerkende, maar enigszins ruwe en onbeskaafde (na die Engelse opvatting) nasie van boere wat lewe van die opbrings van die grond. Hulle word besiel deur ’n diep en ernstige godsdienstige gevoel, van hulle voorvaders geërf—mense wat hulle onafhanklikheid gewen het onder die verdrukking van Philip II van Spanje—van hulle het die Boere geërf hulle onoorwinlike liefde vir vryheid en onafhanklikheid. Is dit nie dieselfde eienskappe wat hul aanbeveel aan die

Engelse ras nie? Is dit nie daardie deugde wat ons trots op is as die wat die beste karaktertrekke vorm van die Engelse volk nie?"

Dis die deugde wat die Trekker laat trek het, en wat hy in die laer (voorwaar die beste plek ter wêreld), ontwikkel het in die suiwerste vorm, sonder enig ander as sedelike drang onder selfgekose bestuur en selfgemaakte wette. Waarlik 'n openbaring van siele-adel en fierheid van gees wat alleen gesoek en gevind kan word onder so 'n volk wat sedelik so hoog staan en alleen buig vir Gods Woord en die stem van die gewete.

DIE KOEEL.

'n Skets uit die Oorlog.

Die groot wit wa van die ambulanstrein was losgemaak, en so'n klein distansie weggery van die ander wacns. Die groot loopplank was uitgesit, en die helpers bring pasiënte binne, baie versigtig, net asof hulle kindertjies dra, want die wat in *die* wa kom, is baie siek of baie swaar gewond. Die beddens blink van wittigheid, en die verpleegsters werk hard, om elkeen te help en te versorg, dat hul lekker mag lê na al die swaar wat hul deurgemaak het.

Die een steun en die ander lê doodstil en nog 'n ander sing in sy ylkoors 'n liedjie wat geen mens kan verstaan nie. Die wa is koel, maar ons sweet van die werk en die moeite wat ons het met die arme mense. Daar is party wat nie die termometer in hul mond wil steek nie, en sê dat die verpleegster mal is, wat dit wil doen; daar is ander wat deur twee man moet vasgehou word, want hulle wil uit die bed spring en weg-hol.

Ek is hard besig om 'n jong seun te bedui dat hy nie vir die nooiens bang moet wees nie, en dat ons hom goed sal oppas. Die arme kind het 'n koeël deur sy onderkakebeen en kan amper nie praat nie. Hy het 'n hoë koors, en was dit nie dat hy vroeër by my in die klas gesit het nie, hy sou nie geluister het nie. Met mooi praatjies maak ek hom tevrede en hy wil nou maar

liever slaap, as ek beloof dat hy net deur my alleen opgepas sal word. Ek hou sy hand vas en luister na sy asem. Dit was mooi stil en sag. Opeens hoor ek 'n swaar gestamp op die plank, en wou net kwaad word. Ek kyk om, en daar kom 'n klein kêreltjie, met baie sware sugte, in die wa. Hy was so omtrent 50 jaar en aangetrek soos 'n man wat op kommando is. Hy het 'n baie morsige gesig en sy klein baardjie is vuil. Daar staan die ou nou in die middel van die groot wa. Hy kyk eers 'n bietjie rond, vat toe die stoeltjie wat die verpleegsters gebruik, gaan daarop sit, neem sy kort mouser tussen sy bene en sug nog 'n slag baie swaar. Ek staan op, gaan na die oubaas toe, en vra wat dit met hom is.

„Dokter,” sê hy, „ek is swaar gewond.”

En toe haal hy uit sy sak 'n brief van die dokter van die Modderspruit-hospitaal, waarin staan: „Amice, als je een plekje voor deze arme sukkel kan vinden, neem hem dan mee. Zijn kommandant zendt hem hierheen als gewond, maar ik geloof dat het niets ernstigs is, tenminste wat ik ervan gezien heb betekent niets. Ik heb 't erg druk. Kijk zelf maar eens. Groetend,” enz.

Toe ek klaar gelees het vra ek sy naam. Die is Petrus Johannes Andreas Labuschagne.

„Gee nou maar eers die roer en jou patrone,” sê ek vir oom Petrus. Oom Petrus vat, (baie fluks vir 'n swaar gewonde man), die roer van die grond op. druk dit teen sy bors vas en sê:

„Nee, nee, dokter dié roer kan ek nie afgee nie. Die kry jy nie van my nie! My patrone kan jy vat, maar my roer sal ek nie gee nie. Ek kan nooit somar my wapen afgee nie!”

„Wel!” sê ek toe, „kyk oom Petrus, as jy nie jou

roer wil afgee nie, kan ek jou op hierdie trein nie saam neem nie. Ek is jammer vir jou, maar ek mag nie."

Toe kyk die ou na my nes of hy wil sê: Kul jy my nou, of hoe is dit? Maar toe hy sien ek meen dit, sê hy:

„Kyk, dokter, as ek die roer terugkry kan jy hom vat, maar jy sal my 'n sekuriteit gee; gee my nou net so'n klein briefie, dat jy die roer gevat het."

My tyd was op die oomblik te kosbaar, en ek roep ook somar een van die helpers en laat hom die roer en die patrone wegneem. Oom Petrus word toe 'n bietjie kwaad en sê dat dit 'n 'snaakse manier is om met 'n witman te werk, en hy sou..... Toe sê ek:

„Kyk oom Petrus, hierdie seun is baie siek en jy moet stil bly, anders....."

„Maar die roer," sê die ou, „waar is dit?"

Die jong seun was intussen aan slaap geraak en ek gaan na die oubaas toe, en vra wat hom nou eintlik makeer. Oom Petrus het gesien, dis verniet om langer oor die saak te praat, en hy sug diep.

„Ja, kyk," sê hy, „laat ek nou mooi vir dokter vertel," en hy gaan toe lekker sit op die kant van een van die bedde. Juis op die oomblik kom daar weer 'n wa vol swaar gewonde mense aan. Ek sê toe:

„Oom moet tog 'n bietjie gou maak, want daar is weer swaar gewonde mense en ek moet daar by wees so gou as die wa hier is."

„Ja, sê oom Petrus, „so gaan dit, my bloed het gevloei....."

Toe stop ek die ou en sê:

„Maar waar is dan die wond?"

Hy wys op sy rug, net tussen die skouers met die een hand en met die ander op sy hart.

„Kyk,” sê hy, „die koeël is hier agterkant in, en hier uit!”

Ek kon op die oomblik nie help om 'n bietjie te lag nie.

„Maar oom Petrus,” sê ek, „dan was jy op die plek mordsdood gewees.”

„Wat,” antwoord die ou, „ek was ook mordsdood, maar sien jy, ek het weer 'n bietjie reggekom!”

Ek sien buitekant begin hulle toe af te laai, en sê : „Gaan maar saam, ek sal netnou kom kyk.”

„Moet ek dan nie in hierdie wa lê nie?” vraag hy.

„Dit is nie nodig nie.”

„En my roer?”

„Dit sal wel regkom.”

Daar stap die ou toe weg, maar opeens draai hy hom weer om en vra :

„Is hier nie 'n kans vir koffie nie?”

Toe word ek 'n bietjie boos en sê 'n paar woorde, wat altemit nie goed was nie, maar dit het darem gehelp. Die ou oom is somar op die plek weg.

Langsaam word die hospitaalwa vol. Elkeen weet sy werk en doen sy bes.

Ek wil nou nie 'n treurige storie vertel nie, maar as daar altemit iemand is, wat sê, (en daar is almelewe van die mense), dat àl die swaar maar praatjies is, stuur dié na my toe, en ek sal hom trane laat huil! Maar dit is nou nie my plan nie! Toe alles klaar was, die name opgeskryf, en die koors opgeneem, en elkeen rustig lê toe gaan ek kyk na my oom.

Hy lê op die naat van sy rug op my slaapplek; die koffie, wat hul hom gegee het, het hy uitgedrink en hy snork dat die wa so dreun.

„Oom Petrus! Oom Petrus!” roep ek net so hard as ek kan skree.

Ja-ja-ja,” sê die ou op die end, en vryf sy oë.

„Kom,” sê ek, „ons is nou hier alleen, laat ek nou sien wat dit is met jou wond.”

Oom Petrus staan op, voel of die deur wel regtig toegemaak is, skuif die klein gordyntjies styf toe, en begin toe uit te trek. Op sy rug het hy 'n klein wondjie in die vleis, en daar is 'n bietjie bloed in sy klere wat hy my wys.

„Sien jy nou, dokter, hoe ek gewond is? Kyk die bloed! Dàar is die koeël in, en hier, (hy wys net onder sy hart) hier is hy uit.—Of,” sê hy weer, terwyl hv nadink, „altemit is hy nog binnekant!”

Daar was geen twyfel of hy het die wond op sy rug deur 'n skramskot gekry, of deur 'n stuk van 'n bom of so iets.

„Hoe het jy die wond gekry, oom Petrus?”

„Watter dag is dit nou?” vra hy my eers.

„Dit is vandag Dinsdag.”

„Dan is dit vandag net 'n week dat ek gekwes is,” sê hy. „Die vyand”—so vertel hy toe verder—„het ons geskiet met bomme en kartetse en lidiet en skrapnelle; die koëls het somar rond en bont gevlie toe ons posiesie gevat het. Ek wou net skuilplek soek, toe kom daar 'n bom en bars somar reg op my kop en ek lê op my rug en dink, ek is nou morsdood! Toe ek weer bykom was ek in die ambulanswa en hulle bring my hospitaal toe. Die dokter se, dit beteken niks nie, maar ek weet wat ek voel! Die bloed, het somar gestroom!”

En die ou steek sy vingers reg onder my neus, om te laat sien hoe die bloed gestroom het. Op die

bors het die ou 'n klein geswel, maar ek kan nie uitmaak waar hy dit gekry het nie. Daar digby is 'n skram, maar verder niks.

Ek maak die oubaas sy rug skoon, lê daar iets op, om hom tevrede te maak en ook 'n klein pleistertjie op sy bors.

Opeens hou oom Petrus my hand vas en roep:

„Wag 'n bietjie, wag 'n bietjie! hier is hy!”

„Wie?” vra ek.

„Wel, die koeël, kyk tog 'n bietjie, dokter, hier is hy, hier onder die skram voel ek hom. Hy wou eers bo uitgekom het maar nou is hy hier gebly en vasgesteek.

Toe kon ek weer nie help om te lag nie, want oom Petrus het daar op die plek 'n klein kliergeswel, wat niks beteken nie, en hy dink dit is die koeël. Ek sê dit aan hom, maar toe word hy regtig kwaad en sê:

„Kyk, dokter, jy mag altemit baie slim wees, maar die koeël is hier, ek voel hom mos!”

„Goed,” sê ek toe, „laat dan maar staan, en kom maar saam.”

„Wat gaan jy maak, dokter?” vra oom, „gaan jy hom uitsny?”

„Nee oom, hier op die trein sny ons nie, dit doen hulle in die hospitaal op Bloemfontein; maar by jou is buitendien niks om uit te sny nie.”

„Maar sal ek dan nie bloedvergiftiging kry nie?”

„Wel, nee oom, kom nou maar saam, ek het nie meer tyd nie.”

„Ek bring hom toe na 'n ander wa toe, waar hy met twee ander lig gewonde moes saam bly. Hy vertel sy storie aan sy maats so gou as ek weg is, en hy sê, hy dink hier op die trein het hulle geen goeie dok-

ters nie. Hulle kan nie eens 'n koeël voel nie, wat jy met jou vingers kan vasvat !

Die ander môre vra ek hoe dit gaan, en hy kla oor die koeël, wat hom so seermaak. Ek lag, en die ou kyk my toe regtig kwaad aan.

Die môre daarna is ons in Bloemfontein en die swaar gewonde en siek mense word baie versigtig uitgedra, en na die hospitaal gebring. Die lig gewonde mense gaan huis toe en kry van my 'n briefie saam om te wys by hulle huis, dat hulle nie „so-mar-so” van die kommando weggeloop het nie. Ek sê vir oom Petrus, hy moet ook kom, dan sal ek hom die bewys gee.

Toe vra die ou my of ek dink dat hy mal is? Hy wou eers die koeël laat uitsny deur die dokter van die hospitaal, wat (en dit sê hy met 'n spottende gesig) altemit 'n koeël sal ken as hy hom voel .

Ek sê „allright,” en ek dink verder nie meer oor die koppige ou man nie.

Op die trein is almal weer druk besig om sake agtermekaar te maak vir ons vertrek na die oorlogsterrein. Die verpleegsters maak die bedde in orde, en skoon goed word klaar gelê, nuwe koorskaarte opgehang. Die manne maak skoon en kyk draagbare en alles na, wat tot hulle werk behoort. Môre vroeg moet ons weer trek, want twee dae het ons al versuim om te wag op orders van Pretoria. Die is pas gekom, en in die middag stap ek nog ewe na die hospitaal toe ,om te sien hoe dit met die arme mense gaan.

Op die groot veranda sit 'n klompie mense en rook. Die een het 'n verband om sy hoof en die ander het die arm in 'n doek en so gaan dit aan. Net soos ek wou binnestap, roep een van hulle my en sê :

„Dokter kom 'n bietjie hierso!”

Daar sit oom Petrus. Uit sy sak haal hy 'n sakdoek en met sy tande maak hy die knoop los, en daar rol op die grond 'n stukkie van 'n mouser-koeël. Hy tel dit haastig op en wys dit vir my.

„Sien jy nou, dokter, ek het mos gesê, die koeël was daar en hier is hy nou!”

Ek het maar 'n bietjie snaaks gevoel toe die ou daar voor my staan en my die ding wys. Was ek dan blind of was dit tog dat ek 'n fout gemaak het?

„Maar,” sê ek, „waar kry jy die ding, oom?”

„Hierso,” sê hy, en wys op sy hart „uitgesny van môre, ek het mos gesê, dokter, maar jy wou nie luister nie.”

„Maar,” sê ek, „het die Engelse jou dan met 'n mouser geskiet?”

Oom Petrus dink 'n oomblik na, en hy sê toe:

„Dit weet ek nie, maar daar het jy dit.....altemit was dit een van my maats.....”

Ek sê toe verder niks en stap die hospitaal binne. Die dokter was daar en ek gaan ook maar reguit na hom toe, en sonder sy: „Wie gehts?” te beantwoord, vra ek:

„Kyk, dokter, jy kon mos nie 'n koeël uit Labuschagne se bors gesny het nie, daar was nooit so'n ding nie?”

Daar begin hy te lag, dat ek eers nie geweet het, of hy my kul, of dat ek altemit myself baie swak gedra het nie. Na so'n rukkjie sê hy:

„Kom saam!”

In die snykamer wys hy my 'n doos met stukgies lood. Klein en groot stukgies koeëls.

Kyk,” sê hy, „die goed kom ons baieal goed

tepas. In hierdie geval ook weer. As ek die ou die waarheid gesê het, sou hy my daelank gepla het, nou is hy mos tevrede."

„O!" sê ek, „is dit die ding? Nou verstaan ek dit!"

„Ja", sê die dokter, „hy het baie sleg van jou gepraat. Hy sê, jy is nie 'n regte dokter nie!"

Toe lag ons twee saam daaroor en ek neem afskeid.

Oom Petrus het op die stoep vir my gewag en kom na my toe.

„Kyk," sê hy, „dokter, jy het gedag, ek was nie reg nie, maar jy kan nou self sien. Ek is 'n bietjie ouer as die dokter! Maar dit leer jou daarom, dat die slimste mens partykeer 'n fout kan maak. Ek is glad nie meer kwaad vir jou nie, dokter. Ek sien die dokter is haastig maar moet tog nie dink dat ek ontevrede is nie!"

Toe groet ons met die hand, en oom Petrus het my genooi om te kom kuier op sy plaas na die oorlog, wat ek seker nog sal doen as ek die tyd kry.

DIE SLAWESKIP.

Die strale van 'n tropiese son skyn besonder straf op die witgekalkte mure wat die handelsplek Ayuda in Afrika aan drie kante omring. Van die dorp self deur 'n reeks wit sandheuwels afgesluit, is die see daar eer 'n hindernis as 'n verkwikking, want die oseaan is in die hete streke nie soos in die suide, 'n sagte weerspieëling van die diepdonkerblou nie, maar dit lyk of alles daar rondom in 'n waas van hitte rus. So gloeiend heet is die son ag grade noord van die ewenaar! Gelukkig omsluit die drie hoë mure die heerlikste en weelderigste plantegroei wat 'n mens jou ooit kan bedink. Lieflike lommer van onbekende bome en blomme en groen klim-op en varre slinger slangagtig langs huise en priële op. Die wonings van die vernaamste handelaars staan weggeduik in die altyd groen tropiese plante en bome. Waar die kus hierlangs seker tyd van die jaar erg droog is, juig Bahia Ayuda, soos die strek heet, in 'n oase van fonteine wat lewende waters na bowe opstuur. Dit skyn werklik of die natuur hier soos per kontras 'n geweldige poging gedoen het om in 'n dor en heet kusstreek 'n heerlike paradys te skep. . . . So was die hawedorp Ayuda aan die weskus van Afrika geleë, die hoofstasie van 'n Portugese Kolonie. . . . Daardie plek het in die begin van die 19de eeu 'n besonder groot naam gehad as slawemark onder die handelaars uit Amerika. Noord en Suid het toe net 'n tyd belewe, waarin dit geblyk het dat die ontwikkeling van die


suiker- en koffieplantasies die arbeidskragte van die tyd ontgroeï het. Vrywillige werkers was daar nie, dus moes die slawemark in die tekort voorsien. Ayuda was een van die stasies vanwaar die slawe by honderde vir heel Amerika aangevoer is. In seker gevalle het een invloedryke man 'n stasie as sy eiendom gestig en gefinansieër, maar in veel gevalle het die koning aan 'n maatskappy 'n tjarter onder seker kondiesies verleen. Dikwels was een van die voorwaardes dat die gevolmagtigde met hom 'n aantal priesters moes saamvat om die heidens te bekeer en dan het hulle die reg om wette te maak; so groot was die mag aan die handelaars verleen dat hulle selfs oorloë gevoer het asof hulle hoofde van onafhanklike state was. Die dubbel oogmerk is in die meeste gevalle nagestreef; handel en evangelie. Miskien was die bevordering van die handel nommer een, maar daar is geen twyfel dat die ou slawehandelaars ook die evangelie onder die heidens ingebring het nie. Dit het hulle gedoen na die lig wat hulle ontvang het, maar nietemin is dit tog betrag. . . . Die blanke bevolking in Ayuda het bestaan hoofsaaklik uit handelaars wat na ivoor, goud en ander handelware gesoek het; maar die aanwerwe van slawe was nommer een. Rustende of siek matrose het ook van tyd tot tyd 'n deel van die bevolking uitgemaak, want op die maandelang reise gebeur dit dikwels dat van 'n honderd skeepsvolk baie so siek word dat daar aan die end van die tog geen tien is, wat weer voor die terugreis bruikbaar sou wees nie. . . . By die noordelike hoek van die buitewere van Ayuda het die Portugese 'n sterk fort gebou. Twee mure daarvan vorm 'n deel van die stadsmuur en rys daaruit soos een stuk rots, dertig voet lank. Om die kroon te sit op die vaste burg, was daar 'n toring

op die hoek wat nog dertig voet bokant die fort self uitstaan. Die vesting en toring was van klip en baksteen gebou, maar die fondament was gegrondves in 'n vaste rots. . . . Hier was dit moontlik om 'n garnisoen van kos en water vir baie maande te voorsien. Sou selfs dan die ganse stad deur 'n indringende vyand in puin gelê word, dan was dit nog ver van waarskynlik dat enige kombinasie van vyande die stasie sou oorweldig. . . . In die nabyheid van die fort was die *baracas* of *slawekwartiere*. Die vorm van so'n slawehok was 'n vierkant wat 'n plein insluit, maar dís slegs die wit mure met luike as vensters wat die toeskouer van buite sien. Was hulle hoog genoeg, dan sou hulle beter aan 'n gevangenis beantwoord het, maar nou was hulle so laag dat hulle meer na veekrale lyk.

Jaar uit en jaar in vind 'n mens hier 'n groot aantal slawe bymekaar; grotes en kleintjies wat opgevoer word om met die volgende skip na Amerika te gaan! Enige honderde bly ook agter om as arbeiders, draers, inpikkers van graan, ens., by die Portugese te dien. . . . Die aanwrf van slawe het veral vroeër jare baie gemaklik gegaan. Die handelaars kon soms negers vir 'n kleinigheid ruil of koop. Veral as die stamme mekaar beoorlog, dan is die ruil van slawe gemaklik; want die krygsgevangene word gewoonlik as slawe verkoop. Maar in veel gevalle trek die handelaars self die binneland in en met geweld van wapens oorval hulle geïsoleerde krale en voer die inwoners daarvan as buit weg. Teen die einde van die agtiende eeu egter was dit al minder gemaklik om die mark van slawe te voorsien. Die emansipasie-idee het al posgevat; die vrysettingplan is al dikwels bespreek.

Manuel Maria da Souza, die Comisionado of goe-

werneur van die kolonie het op een November 1795 in stasie na die nabygeleë strand van Ayuda uitgegaan. Dit was 'n groot dag in die lewe van die eensame kusbewoners: Allerheilige-dag en ook die koms van die San Pedro, die grootste van die transport-skepe wat ieder ses maande die reis tussen Bahia en Ayuda doen. Enige kankonskote het net van die fort af 'n saluut afgevuur, en die San Pedro het dit beantwoord. 'N end ver in die hawe lê die groot gevaarte met die vrolik wapperende vlag van Portugal Die paar pawiljoens wat teen die vroeë môreson beskerm, sit vol deftige handelaars wat wag op 'n koms van die kaptein en sy offisiere. 'N paar roeiskuite van da Souza bring die skeepsmense van die boot af, en met ieder slag van die roeiers word die geroep en die gewaai van vlae op die strand groter . . Die dag waarop 'n skip die eensame kus van Afrika nader, was almelewe 'n rooi-letter-dag in die anders so centonige lewe van die pioniers. Veel vrinde en bekende kom met die langverwagte skip aan. Koerante en briewe van oorsee bring tydings, soms, van oorloë wat reeds byna beëindig is of omwentelings wat 'n totale omkeer in die lewe van 'n ganse nasie teweeggebring het Veral die gebeurtenisse in Frankryk het toe die aandag seer getrek; want sou Portugal eers in die maalstroom van die kokende politieke pot van Frankryk ingewikkel word, dan sou dit kan gebeur dat Brasiel nog 'n vry en onafhanklike Republiek word Die kaptein en sy offisiere is gebrunde mans met swart krulbaarde. Die agtiende-ecuse uniforms met hul goud garnering skitter in die oggendson, en toe die groot base mekaar op die gebruiklike wyse omhels, was dit of konings mekaar ontmoet Die gewone bevolking het die ander skuite afgewag, maar die goewerneur en sy gaste en vrinde het



DIE OU SLAWEMARK.

dadelik in 'n pragtige koets die gebaande weg na sy villa gevolg. Toe die koets deur die menigte heen langs die kronkelende weg na Ayuda ry, beef die sandduine in die bloedige hitte. . . . Die streng wag wat die groot aantal slawe dag en nag bewaak, moes weens die fees 'n minder uogesette oplettendheid en sorg aan die baracas verleen het, want toe die oppasters die volgende more die *farinha* (meel) in bakke na die verskillende hokke bring, vind hulle dat daar 'n groot aantal slawe gemis word. Met 'n stomp instrument het die gevangene 'n gat onder die muur deurgegrawe en juis met die fees was die opening groot genoeg al dat 'n mens sy lyf daar kon deurwoel; hulle moes daar meer as 'n week aan gewerk het om met 'n stuk yster 'n gat deur 'n muur te maak. . . . 'N noukeurige opnemng van die ontvlugtes het bewys dat neëntig jong negers, sestig negerinne en twintig jongetjies van altwee geslagte die begeerde bergwêreld bereik het. Dit was mans wat van hul vroue en vroue wat van hul mans afgeneem is, wat ontvlug het. 'N paar kinders wat saam met hul moeders daar was, is saam met die moeders die wye wêreld ingevlug. . . . Wat moet dit tog gewees het vir die ongelukkige wesens om die knellende ketting van gevangenskap te verbreek en weer die ruim berglug te adem! Meer dan een is seker weer as uit die dood terugkeer! . . . Maar die skepsels wis ook nog dat die gevangenskap maar die voorportaal van nog groter ellende was. Hulle wag daar: maar om in die nog dieper en donkerder ingewande van 'n skip gelaai te word. Hier het hulle nog die vaste bodem van Moeder Aarde, maar daar sou hulle ronddobber en soos dronkes in liederlike selle vir maandê vasgeketen sit. Ja, dit wis hulle dat in die meeste gevalle die reis na die onbekende land van die witman die allerlaaste

vaart is, die onsekere en bang tog in die skaduwee van die dood! . . . Die insident van die ontvlug van die slawe het onder die wachte groot onsteltenis teweeggebring, want die wet op nalatigheid in die bewaak van die slawe was uitermate streng. Veral in hierdie geval het die tyding, dat ver oor 'n honderd slawe in die nag van die fees ontsnap en die boswêreld ingevlug is, beroering onder die bevolking gebring. Dit word verwag dat die San Pedro binne enige weke die terugreis sou aanvaar en as daar meer as 'n honderd slawe aan die lading sou ontbreek, dan was dit 'n ernstige saak. . . . Teen 'n bosryke rand aangeleun staan die pragtige residensie van die goewerneur van die kolonie. Natuurlik bome en ander plantegroei skyn met mekaar hier te wedywer in vorm, kleur en omvang. Enige van die kremetartbome steek hul kruine as in 'n triomf honderd en vyftig voet hoog in die lug. Die villa is 'n fort in sigself. Die mure is massief en hoog, en die dak en gewels sou eer aandoen aan enige stadshuis in ons moderne tyd . . . Binne die mure ontbreek dit ook nie aan geriewe van die beskawing nie. Die doolhof van gange, sale en binnepleine is uitgeplavei met veelkleurige mosaïek, en die woonkamers self is met Damascus-tapyte en gordyne van sy gedekoreer. Die ameubelment is van swart mahonie, en hieronder moet as iets seer besonders aangemerkt word die verskeidenheid van trofieë en kurio's wat uit die hart van Afrika aangevoer is! . . . Die personeel wat in hierdie kolonie aan die Goewerneur se residensie verbonde is, verdien spesiaal die aandag omdat hulle almal, met uitsondering van die Majordomo of owerste van die Goewerneur se huis, slawe is. Hulle is gebore slawe, dit wil sê, hulle is die kinders van slawe van die kolonie. Hulle het die bisonder vertroue van die Goewerneur ge-

wen en as 'n guns mag hulle met hul famielies hul lewe lank hier in die kolonie werksaam wees. Sulke slawe bereik op die manier 'n staat, wat die naaste by vryheid kom. Hulle kinders trou onder mekaar soos die blanke en hulle self mag dan tot die einde van hul lewe by hul vrinde en kinders woon. Aan die hoof van die honderd slawe en slavinne, wat aan die Goewerneur se villa diens doen, staan Sebastian Almeida, 'n gunsteling en getroue dienaar van sy heer. Oor die slawe heers Almeida met die strengste tug en vir die minste oortreding of ongehoorsaamheid word hulle wreed gestraf. As dit sou gebeur dat 'n slaaf poog om te ontvlug, word hy as 'n afskrikbeeld gedood en sy liggaam aan die groot hek opgehang. Maar so groot is die vryheidsliefde in die mens dat selfs diegene wat hul ganse lewe hier in vrede mag slyt, wat selfs hier gebore is, al pogiuge aangewend het om die groot blou berge in die binneland te bereik. Meer as eens het dit gebeur dat 'n slaaf van die residensie die middel was van die vlug van 'n aantal wat vir die mark bestem was en nou, met die jongste deurbreek uit die baracas, word daar andermaal gefluister dat 'n „mak" slaaf die instrument verskaf het, waarmee die ander 'n gat deur die muur van hul gevangenis gegrawe het. . . . Da Souza sit aan met sy vername gaste en vrinde aan 'n tafel wat weelderig gedek en belade is met die oorvloed en verskeidenheid wat alleen die tafels van rykes en grotes eie is. Vars vrugte wat in die trope enige tyd van die jaar ryp is, vars groente waarvan die skeepsmense groot behoefte had en vleis en wildbraad van allerlei soort en drank in groot verskeidenheid. Dit is maar enige besonderhede van al die lekkernye wat 'n slawekoning aan sy tafel laat bring. . . . Ons vind da Souza en sy gaste middernag, nou nie meer

aan die tafels nie, maar onder die ruim, koel verandas van sy villa. In die verligte tuine het die geoefende slawe negerdanske uitgevoer. Om die dansers en dansters te aanskou het die groot here die koel buitelig opgesoek. Hier dra mooi geklede slavinne ryk likeure aan op skinkborde wat met perlemoen ingelê is. . . . Met dagbreek en nog voor die geselskap opbreek, tree Almeida voor da Souza met 'n gesig wat wit is van kalk: „Meneer, die baracas is oopgebreek, en naby twee honderd slawe is weg.” Toe hy dit gesê het, gaan hy opsy, want hy weet hoe woedend da Souza kan word, as hy enigsins gebrek aan streng disipline ontdek. . . . 'N half uur daarna was alles doodstil op die groot villa. Net da Souza loop op en neer onder die groot veranda. Na hy so in diep gepeins enige oomblikke deurgebring het, wink hy vir die nagwag en laat Almeida roep: „My beslissing is,” sê hy vir die *Majordomo* toe hy sy verskyning maak, „dat tweehonderd famielies van mak slawe so oopgebreek word, dat meer as die ontbrekende getal slawe, mans, vroue en kinders die plek neem van die ontvlugtes!”

Eindelik het die dag van afreis aangebreek. Maar geruime tyd tevore is al die slawe, om hulle teen uitbreek heeltemal te verseker, eers na die skip oorgeneem. Die drywers wat ieder bevel met sweepslae vergesel, bind die mans aanmekaar en jaag hulle by die groot deur van die baracas uit. Die skuite word toe volgepak, en na 'n paar uur het die laaste vrag die skip bereik. Die vroue en kinders word in ruimtes afsonderlik geplaas, waar daar ewemin akkommodasie is as in die geval van die mans, maar aan die vroue word dit toegelaat om oordag met seker beperkings vry te beweeg.

Die folterings wat die menselike wesens ondergaan het, kan nie beskrywe word nie. In so'n slaweskip was die hokke in veel gevalle slegs twaalf voet lank en ses voet hoog. So veel as in die ruimte ingepers kan word, moes hier binne vir veel dae 'n aaklige marteling ondergaan. Die onskuldige natuurkinders, wie se lot dit is om die slagoffer van die wrede slawehandelaar te word, was by hul onmag totaal onkundig, en die vrees wat uit die onkunde gebore word, was die oorsaak dat meer as een selfs die eerste dag uit blote angs gesterwe het. . . . Die vaartuig was nie alleen beknop nie, maar daar was toe nog geen behoorlike sanitêre inrigtings in skepe nie. Dus by die bitter lyding kom toe nog siekte en sterfgevallen. Ieder handelaar het op nie minder as twintig persent verlies gereken nie! . . . Toe die skip in beweging kom, was al die slawe weens die see wat erg ontstuimig was, lydend aan seesiekte. Almal kom toe natuurlik vir die eerste maal in hul lewe op 'n skip. Deur verstikking en benoudheid rasend geword, het hulle soos wilde diere in hul hokke rondgeloop. Toe die wagte dit bemerk, moes hulle met swepe die vegtende en worstelende slawe uitmekaar maak, anders het party by die begin al hul lewe verloor. . . . Maar nie alleen die nou gevangenis in 'n waggelende skip het die bitterste lyding veroorsaak nie. 'N onbeskryflike gevoel van *heimwee* het die hart van die jong slaaf vervul. Heimwee! dis 'n woordjie wat nie al die *wee* uitdruk wat daarmee bedoel word nie. Almal van ons weet nie wat dit is nie; almal was nog nie ver van huis nie. Om van die ouderlike woning weg op skool te wees, gee ons maar 'n flou beeld van wat waarlik in die hart omgaan, as 'n kind van sy ouers of 'n jong vrou van haar man afgeskeur en weggevoer

word. Skeiding is altoos 'n seer ding, maar om as slaaf met 'n gebroke hart van vrou of kind of ouers, van volk en land weggenem te word, met geen verwagting ooit weer terug te keer nie, is bitterder as die dood. Daar boonop was die slawe maar ongelukkige kinders in hul onkunde en barbaarsheid, en die base was roekelose wrede mans. Die dood was duisend maal verkiesliker! . . . Die seilskip dryf nou al 20 dae op die onafsienbare oseaan. Dis of die verskillende hokke vol slawe kalmer word, want die skrik vir die groot water en die ergste siekte is verby. 'N seker aantal is aan siekte en onsteltenis gesterwe, en hulle is daar uitgehaal en oorboord gegooi. Beurtelings het die vroue en kinders op die dek verskyn, en daardeur het die siekte veel afgeneem. Die kaptein het die mans in 'n ruimer hok laat plaas en daardeur het hy seker veel van die dood gered; maar hulle mag nooit los op die dek kom nie. . . . Juis die sestigste dag na hulle Ayuda verlaat het, nie ver van die ooskus van Amerika nie, het daar 'n storm opgestaan, so geweldig en skielik as 'n mens alleen in die trope kan aantref. (Die ander dae het wonderlik kalm verbygegaan). Onder die omstandighede was dit onmoontlik vir die skip om nader na die kus te gaan. Die kaptein was verplig en stuur terug in die ruim see in. . . . Daardie dag en die ganse nag was die skip elke oomblik in groot gevaar om deur die orkaan vernietig te word. Die matrose wat jare en jare die storms getrotseer het, word eindelik soos gekke en middernag vlug hulle na onder om die skip aan die genade van die wind oor te laat. So groot was die vrees vir die dood by die bygelowige skeepsvolk dat hulle die kaptein om die lewe sou gebring het, as hy die strenge tug op hulle sou toegepas het. Hulle het dit

openlik verklaar dat da Souza en die kaptein 'n sonde begaan het deur „mak'' slawe te laat boei vir wat heidens gedoen het. Al die „mak'' slawe was kristens . . . Die kaptein het op sy pos gebly tot alles skoon van die dek deur die opwellende waters afgeslaan was. Toe is hy ook na onder om 'n gewisse dood af te wag..... Die son het die volgende môre stil en kragtig op die blinkende maar verwoeste dek geskyn. Die storm het uitgewoed en alles was weer kalm net asof daar niks gebeur het nie. Groot was die skade op dek, maar die skip self was volkome seevaardig en—*nie een siel is oorboord nie!*..... Die muitende skeepsvolk staan toe op uit die roes van dronkenskap en vrees en met skaamrode aangesigte kom hulle op die dek. Geen woord van vermaning selfs, het die kaptein hulle toegevoeg nie. Stil was hulle aan die werk van herstel gegaan. Voor die dek gerepareer word, het die offisiere en wachte die slawehokke 'n besoek gebring; die slawe moes natuurlik hul daaglikse rantsoene farinha kry..... Die eerste wat hulle ontdek, was dat die oorstortende water vry spel in die hokke van die mans gehad het. Een gedeelte van die nag was die temperatuur seer laag, en toe die arm negers met strome water knie diep worstel, het party verkluin en ander is van angs dood..... Met die vroue en kinders is dit veer erger gegaan. Die algemene indruk wat die toeskouers nou kry, was dat daar 'n verskriklike worsteling moes gewees het. Sommige van die jonger negerinne lê in mekaar se arms verwurg met die hande nog op die keel. Tussen die bleek lyke lê dooie en nog lewende maar bewustelose kinders : die binnegoed van een was uitgedruk! Dit skyn of die meeste verstik het, en in die hewige worsteling wat daar plaasgevind het, het die sterkeres die swakkeres onder die voet gekry en baie is

so dood getrap !..... Alles was morsig in die hokke. Vuil en stukgebreekte bakke en ander goed lê deurmekaar op die nat vloer. Toe die kaptein en die hoofde verwittig word van die toestand van die slawe, het hy orders gegee dat die hokke dadelik gereinig moes word. Doodgedrukte en verminkte liggame word toe uitgehaal en stywe lyke met bloed en vuil besmeer oorboord gegooi. Die nog lewende slawe staan met bleek aangesigte in 'n soort verbystering alles en aankyk. Nie 'n woord gaan oor die lippe selfs van die kristen-slawe nie. Enkele moet rasend geword het, want hulle lag met grynsende wit tande, toe die offisiere die deur oopmaak..... 'N paar uur later kom die slaweskip die hawe van Bahia binne.

ORGANISEER IN DIE VRYSTAAT.

Toe generaal De Wet teruggaan na die Vrystaat, kom hy aan die voet van die trotse gevaarte van die Magaliesberg. Daar vind hy dat die Engelse so rondom hom saamgedring het, dat sy weg heeltemal versper was. Daar was geen pad wat vir hom ooplê nie.

„Maar ek moes handel,” so verhaal hy; „ek besluit om die Magaliesgebergte sonder weg of voetpad te beklim.”

Laat hom self verhaal. „In die omtrek is daar ’n Kafferhut. Ek ry daarheen. Reg dwars voor ons, vra ek vir die Kaffer wat daar woon—ek wys na die gebergte,—kan ’n mens daaroor?”

„Nee, baas, jy kan nie!” gee die Kaffer antwoord.

„Het ’n mens ooit daaroor gery?” vra ek vir hom weer.

„Ja, baas,” antwoord die Kaffer, „vanmelewe.”

„Loop daar bobbiane?”

„Ja, hulle loop daar, maar die mens?—nee!”

„Ruk op, sê ek vir die burgers. Dit is ons enigste weg. Waar ’n bobbiaan oor kan gaan, daar moet ons dit ook kan.”

By ons was ’n korporaal Adriaan Matthysen, ’n burger van die distrik Bethlehem, wat baie vanpas en droogweg soms ’n grap kon maak. Hy kyk op teen die gebergte, twee duisend voet hoog, en hy sug: „O, Rode See!”

Daarop sê ek : „Die kindere Israëls het geloof en het deurgegaan. Kom aan, geloof maar. Dit is nie die eerste Rode See waarmee ons te doen gehad het nie, en dit sal ook die laaste nie wees nie !”

Wat korporaal Matthysen gedink het, weet ek nie, want hy het niks gesê nie, en maar 'n lang gesig getrek asof hy gedink het : „U en niemand by ons is Moses !”

Ons ruk toe op, ongemerk, so meen ek, in 'n lap bosse. Ons kom in 'n kloof, en daarin gaan ons suidwes op, buite gesig van die Engelse, totdat ons die helfte van die gebergte beklim het. Daar moes ons suidwaarts uit die kloof gaan, en in volle gesig van die vyand, verder die berg uitklouter.

Dit was so steil, dat daar geen kans was om op ons perde te ry nie. Die burgers moes hulle perde lei, en het die grootste moeite gehad om op hulle voete te bly. Dit het dikwels gebeur dat 'n burger val en agteruitgly onder sy perd in. Al swaarder en swaarder het dit gegaan, totdat ons byna bo-op 'n groot granietplaat, so glad soos ys, kom, waar mens en dier nog meer struikel en gedurig val.

Ons was, soos ek gesê het, in gesig van die vyand, en, hoewel buite bereik van Lee-Metfords, tog nie van grofgeskut nie.

Ek hoor die burgers kerm : „Wat, as die vyand nou op ons die kanonne stel !” En ander weer : „Wat sal van ons dan word ? Niemand kan hier padgee nie.”

Ek stel hulle toe gerus met die opmerking dat dit gedaan kon word as die Engelse 'n Howitzer had—'n soort van kanon wat nie erg in die smaak van die Engelse was nie—altans van die kolomme wat my agtervolg het.

Maar niks het gebeur. Die Engelse het op ons nie geskiet nie. hulle het ons ook nie agternagesit nie. Kor-

poraal Matthysen sou nou kan gesê het dat kulle versigtiger was as Farao.

Ons het die top van die berg bereik—doodmoeg. Ek het vele berge beklim. Die ruwe steil rotswande van Majoeba het ek bestyg, op die steil sye van Nicholsonsnek het ek uitgekruip—maar ek was nooit so moeg soos nou nie. Maar ek het 'n gevoel van voldoening diep in my gemoed, en al die swaar wat ons deurgeworstel het, was vergoed deur die pragtige gesig wat daar nou vir ons in die suide uitstrek. Dit was die oneffe veld tussen die gebergte waarop ons staan, en Witwatersrand. Deur 'n moot kon ons ver sien, en waar ons ook ons oog werp, was daar voor ons niks wat na 'n vyand lyk nie.

AFWISSELING VAN OESTE.

Dit is 'n seer belangrike saak waar groot hoeveelhede groente verbou word, omdat dit voorsiening maak in die gebruik van verskillende grondlae deur diep- en vlak-wortelende oeste te plant; verskillende groentesoorte vereis verskillende plantvoedsel om 'n eersteklas artikel te lewer; hierdeur spaar 'n mens baie mis uit. Afwisseling dra baie daartoe by om van insektepeste ontslae te raak, van siektes en onkruid; want deur oesafwisseling en voortdurende bewerking word hierdie vyande van die oeste nie in die geleentheid gestel om te vermeerder nie. Om die grootste voordeel uit die grond te haal, moet die bewerker 'n dagboek van die gesaaide saad hou; wanneer hulle verplant is, en die datum van die oes, sodat hy kan weet watter grond hy vir toekomstige oeste beskikbaar het.

Aspersie, rubarber, artisjok en seekool wat verskeie jare op dieselfde grond staan, word in die herfs altyd goed met verrotte stalmis bedek om die krone te beskerm en tegelykertyd die grond te verryk. Wanneer hierdie wortels uitgehaal word, moet hulle gevolg word deur oeste wat gou ryp word, soos radyse, slaai of boontjies, moet op aartappels, wortels, witwortels of rape volg; boontjies kan op vroeë kool of biomkool volg. Worteloste, soos wortels en witwortels, volg op slaai, radys en spinasie.

Tamatics volg op uie, ertjies of laat kool. Uie kan op dieselfde grond 'n paar seisoene geplant word maar

daar bestaan altyd die gevaar dat weervlekkte of roes die plante sal aantast. Die klimaat en die plaas sal vir elke saaiër aanwys watter oes hy kan saai en watter seisoen hy die saad moet saai. Gewoonlik groei plante weinig op die Hoëveld en Middelveld of in die Karo gedurende die wintermaande—d.w.s., van Mei tot Augustus. Na April groei plante weinig in die Karo. Op die Laeveld, langs die Kusstreek en in die Suidwestelike Provinsie is dit tog moontlik om 'n paar, indien nie alle, van die teer groentesoorte weens die afwesigheid van ryp, die hele jaar deur te plant.

DIE KLUISENAAR VAN DIE KARO.

„Vervelige en eentonige wêreld, sê jy, neef Kerneels?”

Nader as van Noach af was daar geen berekenbare verwantskap wat hom die reg kon gee om my „neef” te noem nie, en ek het hom nou maar pas vir die eerste maal in my lewe ontmoet. Maar mog die ou gebruik nooit onder Afrikaners uitsterf, wat ons tot een famielie saamsmelt nie, sodat elke ou man ’n „oom” is en elke ou dame ’n „tante”. En mag ons lewensloop die ou voorvaderlike suiwer koers hou dat ons van weerskante, wanneer ons mekaar as vreemdelinge ontmoet, die onbewuste gevoel het dat daar niks is om vir mekaar weg te steek, niks om oor skaam te wees nie: sodat daar geen sweem of skadu van vrypostigheid by is nie, maar eerder ’n wedersydse blyk van simpatie en belangstelling, dat die twee vreemdelinge mekaar dadelik uitvra na naam en betrekking, woonplaas en nering, reis en bestemming.

„Eentonige wêreld ” (herhaal hy my aanmerking); „vervelige en nare en kaal ou Karo, noem jy dit, neef Kerneels? Nee, dit nooit, my neef! Wag totdat ek die lekker beskuit en koffie klaar geniet het wat jy so vriendelik was om my aan te presenteer—hoe heerlik smaak die swart koffie (sonder melk of suiker, sonder ’n sak in die ketel, sodat hy dik en sterk is) tog op ’n pad; maar jy maak ’n fout, neef Kerneels, om dit uit ’n blik-kommetjie te drink: as die koffie al yskoud is dan brand die blik nog jou mond. Maar wag, sê ek, tot-

dat ek dit klaar gedrink het, dan sal ek jou 'n paar uit die duisende wys van die stukgies en brokkies wat ek hier uit die Boek van die Natuur lees—of liever spel, in my ongeleerde onkunde!—en wat my aandag in beslag hou, sodat my kluisenaarslewe my nooit verveel nie.”

En terwyl hy besig is met die koffie, betrag ek die rimpels en plooië wat nog groter waardigheid verleen aan die fyngebeitelde, intellektuele, maar daarby kragtig-sterk gelaat van die grysaard; en verwonder ek my welke trawalle die vore daar geploeg het en hom hier as 'n eensame banneling uit die gesellige kring van vriend en maag gestoot het om sy laaste jare te verslyt in 'n afgesonderde vaalhuisie in die dorre, half-woeste Karo.

Ek self was, na 'n halwe dag van siels-verdriet en liggaams-uitputting—een koppie af en die ander uit in 'n eindelose opeenvolging; stamp-stamp, oor die vaal nabanke; grr-r-r als die kar afskuif teen die skuinspad; stoot, en rem, en beur, en vashou, en afklim en opklim om die arme perde te spaar en te help waar die klippe te groot was of die walle te lelik of die hoogtes te steil—ek was eindelijk die laaste rand uitgekom en het 'n innige sug van Goddank! geslaak toe ek vóór my die bekoorlike doring sien van die kronkelende Dwiekarivier. En daar het ek skadu en koelte gevind en my kapotte perde kon hulle laaf met 'n paar bekke-vol sout-brak water; en toe ek uitgespan het en my vuurtjie aan 't opmaak was, toe sien ek hom nader, my ou sonderling: 'n gestalte van ses voet ses, regop, die gewig van 'n hoë ouderdom trotserende, met gelapte en verslyte klere maar netjies gelap en nie ongewas verslyt nie; kragtig en waardig, statig en edel, met die lange wit baard en golwende wit lokke soos die kruin van die Swarte-berge regs van

my pad wanneer die seldsame wintersneeu daarop 'n verganklike en wisselvallige rusplaas vind. En daarop het die gebruiklike handdruk gevolg vóór die self-introduksie: „Wie is neef, as ek mag vra? Kerneels Langenoë? Ek het 'n ou Langenoë geken vanmelewe, dit was..... En ek is Esaus—noem my maar „Oom Sias”, dit sal my aan die dae laat dink toe ek nog wis wat geselligheid was.”

Toe die oukêrel sy beskuit en koffie ophad, het ek hom 'n pypvol tabak gegee, en nadat hy dié gerook het met die blykbare genot wat dit altyd so interessant maak om 'n ou man te sien rook, staan hy op.

„Nou ja, neef Kerneels, nou sal ek jou 'n paar van my vrinde wys, en die planne wat hulle maak om 'n bestaan te vind in hierdie dorre wêreld. Jy weet, glad sonder vogtigheid kan geen plant, geen bos of boom, in die wêreld klaarkom nie; maar soos dit met 'n mens is, so is dit met hulle: jy weet nie op hoe min jy kan bestaan voordat jy dit probeer het nie. Net maar, hulle is slimmer as ons; en jy sal jou verstom om te sien die oorleg waarmee hulle te werk gaan onder die karige behandeling wat hulle ou moeder-aarde hulle hier toeken. Laat ons eers hier inloop—nee neef, nie daarlangers nie: die wal van die rivier is hier twaalf voet hoog en ons moet onder hom wees. Laat ons die pad neem tot in die drif, dan kan ons in die bed van die rivier afloop.

„Sien jy die vaste blou-bank hier dwars deur die loop? In die grootste droogte kom die watertjies nog hier uit; hulle kan nie onderdeur nie, die bank is te dig. Nou die hoë wal waar ons netnou op was, lê ook maar op die rivierbed: as jy daar grawe, kry jy naderhand dieselfde blou-gruis wat nou hier meegee onder jou voete, en daaronder dieselfde vaste bank. Die gruis is swaar—die

water kan hom nie daar oppak nie; maar wanneer die rivier vol is en die rooiwater oorstroom die oewers, dan bly die fyn grond wat uitsak, bo op die wal agter. En so is dit daar laag vir laag opgestawel om die geil alluwiale grond te vorm wat nou oorgegee is aan die doringbome en ongeskik is vir landbou totdat ons land eendag te nou sal wees om sy bevolking kos te gee, en deur die nood gedryf word om hier van die Natuur se boerdery te kom wysheid leer; en hulle die droogland-boerdery so sal verstaan dat hulle net so goed vrugtebome en graan hier sal kan laat aard as die doringbome en gras nou hier aard.

„Maar ek praat van die hoë walle. Natuurlik, dieselfde oorstrominge wat vir hulle daar stadig opgepak het, dié vat nou en dan weer in een oomblik groot stroke daarvan weg: dit smelt soos botter en gaan dan weer verder rivier-af, deur Gamkaspoort en Gouritsrivierpoort om julle plase in Oudtshoorn en die Grasveld te verryk met miljoene wavrage grond wat julle nooit gekoop het of transport voor betaal het nie. Kyk, hier is met die laaste dondervloed so 'n lap wal afgestort, sodat die wortels van daardie wilde klawerstool en daardie koeniebos hier blootgelê is, en ons hulle kan waarneem sonder die moeite om hulle agterna te grawe. Kyk nou die klawerwortel wat ek 'ier uitruk, is so dik soos een van jou kar-speke en vyftien voet lank. Hier bo is hy kurkdroog, maar die onderpunte, sien jy, kom uit die modder uit. Die klawerstool weet waar die water is en hy laat hom daar haal; en daardie bloubank-damwal kom hier op—onder die arde waar die Karoson die vog nie kan bykom om dit te verdamp nie, en hou dit hier vir die klawer en die doringbome en die wag-'n-bietjie en die koenies en die wilde granate en die—”

„Dus, oom Sias,” val ek hom in die rede, „as ons dieselfde soort vrugtebome kon aankweek en 'n soort graan wat die plan van die lang wortels verstaan—”

„Juistement, neef Kerneels—dan kon ons hier boer soos die Natuur nou hier aan 't boer is. Jy weet mos, ál ons graan is van gras ontwikkel en al ons vrugte van wilde bessies. Maar dis ontwikkel op plekke waar geen vogskaarste was nie—in die reënryke streke van die aarde—en ons is tot nog toe met die ou resultate tevrede ge-wees. Ons het nog nie die ontwikkeling op die nuwe koers gebring vir die nuwe omstandighede van die minder bevoorregte plekke nie.”

„Maar as dit nou die plan hier is, oom Sias, dan moes daardie Karobossies daar teen die rante mos verskriklike wortels gehad het om daarvandaan tot hier in die rivier te loop om by die watervlakte te kom? En hulle het die ontsaglike lang wortels immers nie!”

Die ou man glimlag. „Teenoorgestelde toestande, neef Kerneels, vra teenoorgestelde planne om hulle te benuttig. Laat ons uit die rivier uitklim en 'n endjie in die veld instap. Die son is effe gedaal en die luggie wat begin te trek, versag die warmte al 'n bietjie. Ons kan onder die koelte van die dorings uitloop.”

Toe ons buite kom, trek hy 'n Karobossie uit. „Jy merk op, neef Kerneels, die wortels is plat uitgesprei en fyn vertak. Daar bly skaars 'n duikie of gaatjie in die grond waar ek die bossie verwyder het, hoewel die grond, soos jy sien as ek met my kiere daarin boor, nog sag genoeg is sodat die wortels maar dieper kon ingeskiet het as hulle dit wou gedoen het.”

„Dus hulle haal nie hulle vogtigheid van onder af nie, oom?”

„Hulle sou verniet probeer. Die sagte grond hou 'n

endjie aan, maar jy sien daar steek my kierie nou vas : hy is op die rots. Daardeur kon nooit geen wortels kom me, en onder die rots is ook niks as andere rotse of daar mag 'n toevallige wateraartjie wees. Want die watervlak van die Dwyka lê in 'n geut. Daarom moet die wortels hier hulle vogtigheid van bo kry, en daarom soek hulle die oppervlakte in plaas van die diepte, om nie 'n krieseltjie van 'n druppeltjie te mis nie."

„Maar die oppervlakte is dan so dor, Oom? Dit reën dan hier byna nooit!"

„Daar het jy gelyk, neef. Maar die reën kom maar uit die wolke uit, en die wolke kom maar uit die lug uit. Die blou atmosfeer is vol vog al is daar nie so 'n oorvloed altyd dat dit te veel is om in die vorm van yle damp onsigbaar te bly nie, maar aanmekaargepers word tot sigbare wolkblasies en reëndruppels. Die probleem, dan, wat die Karobossie had om die oplossing van te prakseer, was dit : „Hoe moet ek self die water uit die lug uit kry as die wolke my nie help nie?" Bekyk nou die blaartjies van die bossie, hoe fyn is hulle by die geweldig dik stam. Nou soos jy weet, hoe kleiner 'n voorwerp is, hoe groter is sy oppervlakte gereken by sy inhoud; en hoe groter, na verhouding, sy oppervlakte is, hoe makliker word hy koud : hoe meer padgee-plek is daar vir sy hitte. Die oogmerk van die blaartjies dus is om 's nags koud te word : daarom, sien jy, is hulle stengel-tjies ook so fyn soos haartjies waar hulle aan die takkies vas is, sodat die warmte van die aarde nie net so vinnig deur die takke in die blare kan instroom as wat dit van die blare in die lug uitstroom nie. Deur die koue van die blare dan word die damp in die lug rondom hulle verdig en dit vorm die druppeltjies aan hulle wat ons „dou' noem. Wanneer dit te veel is vir die blaartjies om

op te drink. val dit af op die grond en dan is die mondjies van die uitgebreide wortels—baie mondjies omdat die wortels so dig vertak is—daar klaar om dit op te vang. Daarom sit die wortels so naby die oppervlakte. As jy smôrens vroeg by die bossies verbykom, is dit somar so nat onder hulle.”

„Dan,” vra ek toe, „kan die bossies sonder reën klaarkom?”

„Klaarkom, ja—aan die gang bly; maar nie floreer nie. Dis baie tye maar hongersnood-rantsoen wat hulle kry. En dikwels, as die droogte aanhou, gee die arme ou blaartjies naderhand op—val die laaste een af, en al wat jy sien, is die droë stompe. Maar juis omdat hulle so dik en vas en droog is, hou hulle die lewe—hulle kan nie verwelk nie.”

„Ek verstaan omtrent, Oom. Maar die lewensaard van die bossies kan tog nie daarin bestaan om knaend-deur te kwyn en gebrek te ly en net maar ter nouernood aan die lewe te bly nie. Daar moet tog ’n blomtyd en ’n saaityd wees!”

„Ja, neef; en daarvoor moet hulle vir die reën wag. En as hy kom, weet hulle, hulle moet wakker word en haastig wees, want hulle kan nie op nog ’n reën reken nie. Jy weet hoeveel maande jou graan groei voordat sy blommetjies—sy aartjies uitkom. So kan die goedjies hier in die Karoveld nie talm en draai nie—dan verdroog hulle elke jaar voordat daar ooit ’n blom is. Daarom, wanneer hier in die Koup ’n lentreën of ’n somerreën val, hoef jy maar veertien dae of drie weke te wag, en waar jy die droë stompies gesien het, sien jy ’n blomtuin.

„Hulle blom haastig, solank as die veld nog klam is: nie net die droë stompe van die bossies nie, maar die goudblomme en veldlelies, waarvan jy nou glad geen

stoel of stam of teken sien nie, die skiet op uit die graf waar hulle saadjies begrawe lê soos die wonder-kalbas van Jona en vervul hulle roeping om vir die nageslag te sorg, en verdwyn weer soos 'n droom."

„Dan Oom, as ons ooit die Karoveld wil bebou—”

„Dan, neef Kerneels, moet ons wag totdat ons vrugdraende kruid ontwikkel het wat fyn blaartjies het en dunvertakte wortels, en wat drie weke neem van die uitloop van die blare tot die uitloop van die bloeisels."

„Maar hoe is dit dan met die dik weelderige blink van blare van daardie plant daar met die ongeradige dik stam?"

„Dis 'n botterboom. Hy gaan en stoor sy vog op in sy stam en in daardie dik blare. So maak ook die spek-bome; die plakkies; die asbossies—soos dié waarvan ek hierdie takkie afpluk wat die blare nes vet groen erdwurms lyk; die aalwee; die kannie-dood. Die pekelbossie, weer, gaan sout op wat 'n dubbele oogmerk het. Hy hou sy kruidetende vyande, soos die duiker wat jy die spoor van sien en wat net daar bokant in die gannas lê as jy lus het om hom te skiet—”

„Hoe weet Oom dit?" val ek hom verbaas in die rede.

„Hy had eers 'n plan om hier teen die wal te gaan lê onder die brakbos, kan jy sien aan sy spore—hy het hier uitgedraai en 'n paar maal vertrap, maar die plekie was nie na sy sin nie."

(Tussen hakies mag ek hier sê dat ek die duiker daar opgejaag het.)

„Maar die pekelbossies nou, waar ek van praat," gaan die ou man voort,—„die sout daarvan hou die diere weg en is self 'n aantrekking vir die vog van die lug, sonder dat dit eens hoef te dou. Sien jy hoe die sout-

korrels in die warm son blink bo op die blare? Die aalwee, weer, wat sy doring en sy gal het vir sy verdediging, hou kuiltjies water weke lank na die reëns bo in die holtes van sy blare. Maar vir die lang droogtes gaar hy dit binne-in op, en die nerf van die blad is so dik en dig en nog daarby so verkwistig geolie, dat daar absoluut niks uit verdamp nie. Baie mense weet dat jy 'n kanniedood (wat maar 'n klein soort aalwee-boompie is) in jou huis kan ophang vir jare; en hy sal naderhand krimp en taai word soos 'n sool, maar hy word nie kurkdroog nie en hy behou sy lewe. Vir die eerste tyd gee hy selfs sy blomme soos hy daar hang: dat daar tog 'n kroos moet nably, reken hy, omdat hyself nie kan vorder nie!"

„Kon 'n mens tog maar sulke soort plante hier aankweek, wat jou diere kon vreet!" sê ek toe.

„Ja, dié wat hier is, is ryklik voorsien van voedingsstowwe, maar die sappigste daarvan moes juis die beste sorg vir hulle beskerming teen die plantetende diere. So maak die aalwee, soos ons netnou gesien het. So ook die plakkies en botterbome en pekelbossies: hulle is almal oneetbaar deur hulle onmolike smaak. En so ook is dit met die turksvy. Natuurlik, neef Kerneels weet, hy is 'n ingevoerde plant, maar nes ons Afrikaners, aard hy eksellent-goed in sy aangenome vaderland. Maar by die turksvy is die hoop van die Karo: by die turksvy wat nou 'n vervuiling is. Maar hy sal eers deur kunsmatige seleksie so moet gewysig word dat hy geen dorings aan hom het nie; sodat sy blare eetbaar word; sodat sy pragtige vrug allerhande nuwe vorme aanneem."

En so het die ou man my daar in die veld rondge-
noem, en waar ek niks kon sien as 'n vervelige eentonig-
heid nie kon hy uit elke bossie 'n preek haal. Nie ai

wat hy gesê het, was seker juis nie, want hy had maar sy eie waarneming en nie die opgesamelde ervaring van baie waarnemers, wat uit 'n skoolopvoeding te kry is nie. Maar sy oë was oop en sy verstand helder; en nie 'n tiende het ek hier opgeskryf van al die dinge wat hy dié dag vir my blinde oë geopenbaar het nie.

Ek moes my losskeur van die ou man af want ek moes nog die aand Prins Albert toe. Ek wou hom saamneem Oudtshoorn toe om 'n tydjie by my te kom bly, maar daarvan wou hy nie hoor nie. En hy was so vol van die wondere van sy omgewing—verbeel jou, daardie akelige woeste Karo-omgewing!—dat hy geen woord van homself te sê had nie, sodat ek kon verneem wat die geheim van sy sonderlinge lewe was. (Op Prins Albert het ek die aand navraag gedoen. „O,” word my gesê met 'n ophaal van skouers, „daardie ou mal Sias? Geen mens weet waar hy vandaan kom nie, en ou Sors laat hom maar daar bly in sy veld omdat hy geen kwaad doen nie.” Mal Sias! Was meer van ons maar in sommige van ou Sias se koerse mal!)

Toe ek ingespan was, vra ek hom of hy niks nodig had wat ek hom kon gee of stuur nie. Nee, hy wou niks hê nie; hy had aan geen ding gebrek nie; hy was gelukkig en tevrede daar. Met groot moeite het ek hom my trommeltjie koffie en my halwe rol tabak opgedring. En so het ek hom daar dag gesê, en toe ek die lang opdraand van Dwieka af uit was en bo stilhou om my perde te laat blaas, en omkyk, toe sien ek hom nog daar staan—allenig in die woestyn. Allenig maar nie eensaam nie. Want rondom hom was sy vrinde—die hoë doringbome en die kort Karobossies. Rondom hom was hulle, en hoe naby hom seker was sy Skepper. Wie se wonderwerke dit sy lus was om op sy eenvoudige ongeleerde manier te bestudeer!

MARTHINUS OOSTHUYSE.

Saggies trek die Nag haar mantel
oor Natal se groen gebergtes,
vee die son eers uit die hemel,
duik hom in 'n bad oranje,
in 'n verfbad gloeiend, goudgeel
wat daar spoel met sagte golfies
teen die steile Drakensberge;
dan met purperkwas in hande
skilder hy die Oosterrande.
Hier, voor, sprei hy nog die miste
soos 'n spierwit sagte deken
oor die vlcie in die voorgrond.
Toe asof die rooiverf opraak,
word die bad oranje bleker,
word die purper dieper bloukleu
en die blou die word nog dieper
tot die kleur in swart verander,
donker soos die gitte voering
van die Nag se somber mantel
tot op Bosmanspruit se walle
Nag die skoon gesig verduister
en Natuur se meesterstukke
bêre vir die nuwe dag.

* * *

In die donker, tussen bosse,
donker bosse doringbome,
lê die lugdamp doods en duister,

lê daar swart en swaar en swygend
 oor die Afrikanerwaens,
 en die sterre flikker, flikker,
 asof hul oë staan met trane
 vir die droefheid wat daar nader.

* * *

Uit die stille nag so donker
 sluip daar Soelaregimente,
 kom hul net so stil en donker;
 maar soos Rome eens gewek is
 deur geraas van gansegille,
 so van harde hondeblawwe,
 skrik die Afrikaners wakker.

* * *

Langs die Bloukransspruit se walle
 en sy kleine takriviertjies,
 le die waens van die Boere.
 Daar geduldig wag hul tyding
 van Retief se ekspediesie,
 van sy reis na Oemkoengoenhowo,
 van sy onderhoud met Dingaen,
 toe die tyding wreed en skielik
 kom gedra op assegaaië—
 op tien duisend assegaaië,
 op hul pas geslepe punte—
 skerpe punte diep begrawe,
 rooinat punte trots verhoog weer,
 rooi met Afrikanerbloed.

* * *

Ja die lewensbloed van moeders
 vaders, suigeling, kinders,

loop daar diep in strome, polsend
 val op blomme, vlek die aarde
 donkerrooi en diep skarlaken
 wat 'n heel geslag se trane
 nie kan wegwas of verminder.
 En as laaste man vermoor is,
 laaste suigeling en moeder
 van een laer daar vermink lê,
 dring die koolkleurskaar weer verder,
 keer na hulle broederdwiwels
 wat nog speel dieselfde treurspel .
 by die naaste Boerewaens.
 spruit op, ja die Soela-wreedaards
 Spruit op, nou met bloedrooi hande,
 nes 'n vloed van pikswart water
 nes 'n grote sprinkhaanswerm
 wat verwoesting agterlaat.

* * *

Voor die eerste lig ten Ooste
 straal half bang'rig oor die hemel,
 is die swarte skaar versamel
 om die laaste kleine klompie,
 om die burgers van Van Rensburg
 wat daar soos 'n rots gestaan het.
 Net soos golwe bars op rotse
 maar verdwyn as skuimfyn water
 sonder dat die rots verskuiwe,
 so ook breek nou elke aanval,
 en die golwe—Kafferkrygers—
 val maar weg--nou swarte lyke
 wat daar lê in sand en byt.
 Tog al moet hul telkens wegval,

is die meerderheid te magtig,
 want die veertien op die koppie
 kan tog op die duur nie weerstand
 teen die Soelá-skare bied.

* * *

Wag ! 'n klompie medeburgers
 wat die stryd gewaar geword het
 en Celliers se kamp verlaat het,
 pak die Soelas aan van agter.
 En al sien die eerste strale
 treurig neer op bitter droefheid,
 nasleen van die Nag so donker,
 wat daar in haar diepste donker
 die aansyn aan 'n moord gegee het,
 bring die helder dag te voorskyn
 helde en hul heldedade.

* * *

Op 'n koppie staan van Rensburg
 met sy dapper dertien burgers,
 en daar rondom dam die Swartes.
 Meermaal duisend donker duiwels
 dans daar, dreun daar om die koppie;
 maar daar bly 'n ruimte ope
 tussen kring van swarte wreedaards
 en die emigrante-roere—
 tussen emigrante-roere
 en die Swartes wat nog lewe,
 want die koppie is omsingel
 deur 'n hoë wye ringmuur
 van gedode Soelakrygers,
 deur 'n wal wat hoër opgroei

telkens by hernude aanval,
 En daar buite? Sewentien helde,
 Stry nou om die swarte leër,
 om die groot en wrede monster
 so erg te beseer van agter
 dat hy voor sy prooi laat los.
 Kort-kort stórm Celliers se manne,
 druk sy bende deur die Soelas;
 maar hoewel hul dikwels diep dring
 in die wilde koolswart massa,
 het dit hul nie eens geluk nie
 om te kom tot by die koppie,
 telkens moet hul maar terugdeins
 om die roere weer te laai.

* * *

Kom daar stemme van die koppie :
 „Tienie, ons is kort van koeëls
 en ons kruit is haas gedaan,
 gou-gou haal nog by die pakwa
 wat daar op die vlakte staan.”

* * *

Soos 'n reuseongedierte
 uitgesprei oor kop en vlakte
 lê die wrede Soelaleër
 uitgestrek tot daar waar voorraad
 skietgoed op die wa verberg was.

* * *

Sonder makker—hy allénig !
 ja Marthinus deur die Kaffers,
 deur die skaar van bese Soelas,
 en bereik die ammuniesie

voordat hulle eens gewaar was
 wat die dolle Amaboena
 wat die gekke Afrikaner
 als hy nie sy straf kom soek nie,
 meen te doen in hulle midde.

* * *

Eenmaal by die ammuniesie
 stop hy gou sy saalsakke
 vol van kosbaar kruit en koeëls,
 en soos pyl uit boog daar vlieg hy
 reguit deur die dikste skare
 na die vasgekeerde burgers.
 „Swartjie!” sê hy vir sy merrie
 „ons het hier kom soek vir beeste,
 vir die beeste van my vader
 en ek dag dat jy jou lede
 agter hulle sou moet rek het,
 maar ou Poon, vandag se resies
 is nie vir my pa se beeste;
 jy loop nou hier vir die lewe
 van my pa se seun—se vrinde!
 Toe ou Swartjie! Loop nog harder!
 Links nou van die klompie Soelas!
 Kom nou! . . . Kan jy? . . . Oor die dongha?
 Mooi ou perdjie! . . . Dit was pragtig!
 Dit het hulle nooit verwag nie! . . .
 Stadig nou 'n bietjie Swartjie,
 agter hierdie doringbome!
 Hulle vorm 'n goeie skuiling!”

* * *

Soos 'n koeël bars gewillig
 uit 'n groot kanon se keel—
 uit die skuiling bars Marthinus
 spore in sy perd se sy.
 Swartjie haal nou swaar haar asem,
 maar sy is haar baas gehoorsaam
 en met hoewe soos 'n windstorm
 dra sy Tienie deur die skare
 deur die swarte see van Kaffers
 deur gedreun, gebars, oordowend,
 Kaffervloeke, skelle, krete
 en die ril van Kafferskilde
 wat teen assegaie rammel.

* * *

Stille lug van someroggend
 hang daar warmpies onbeweeglik
 oor onmenselike krete;
 maar die lug, gewoonlik helder
 oor Natal se skone vlaktes
 is vandag 'n gele stofwolk
 wat verstik die perd en ruiters
 soos hul voortsnel deur die wasem.
 En gemeng met stofwolk rysend
 is daar damp van Kaffer stygend
 wat nog meer die lug vervuil
 met die sterke geur wat altoos
 aan die Witmans asem raak.

* * *

Maar ons burger gaan nog voorwaarts,
 en hy snel nou voort so vinnig
 dat dit lyk asof die Soelas

gly terug aan albei kante
 met die dreigend' assegaaië
 met die grote beesvelskilde
 met die vreselike gille.
 Kort-kort kom daar oor die skreë
 swaar gedreun van olifantroere.
 Brom 'n sleggegote koeël
 deur die sware lug gedurig
 brom tot, in 'n Kafferliggaam,
 hy sy korte loopbaan eindig.
 'N Kaffer val nou eers op die kant,
 dan op ander kant 'n ander
 tot daar weer 'n verder geur is,
 onvergeetbaar geur van bloed.

* * *

Deur gevaar wat dreig daar rondom,
 deur die lug onrein en warm
 vol van klanke oordeurdringend,
 deur dit alles kom die redder
 klouter oor die wal van lyke,
 ja daar oor die ope ruimte
 en bevind hom tussen vrinde
 met sy kosbaar kruut en koeëls.

* * *

Nes 'n slaper skielik wakker
 na 'n nag van slegte drome,
 met die druppels sweet op voorhoof,
 siel en liggaam glad uitasem,
 staan hy, redder van die laer
 asof hy nie self begryp nie

dat dit oor is,—al die spanning;
dan met knie gebuig eerbiedig
dank hy in eenvoudige woorde
vir sy Skepper in die Hemel,
vir die Bron van al die dae
wat soos sterre blink en skitter
in ons Volk se groot verlede.

DIE TOORDOKTER.

Die Kafferkaptein het met sy krygsbende op 'n stywe galop teruggery na hulle berge toe en die twee gevangene met hulle saamgevoer. Onderweg neem hulle nog 'n paar beeste mee wat daar in die veld gewei het, en onder luid geskreue en vrolike gelag kom hulle in die kraal terug.

Die perde was nat van die sweet, koeke skuim slaan uit hulle uit van die vinnige rit. Die meide en kinders kom uit die hutte te voorskyn. Die jonges neem die perde van die Kaffers en lei hulle weg.

Die meide sleep takke bymekaar. Dit was 'n loop en draf sonder end. Daar sou 'n fees wees. Die beeste word geslag. Bier word in groot potte aangedra. 'n Groot vuur word aangesteek, en nie te lank nie of die teruggekeerde barbare sit met baie ander om die vuur. Die een vertel sy heldedade aan die ander. Letelle sit ook daarby. Algar sit op hulle hurke en lag en praat en verheug hulle oor die pas verrigte heldedaad.

Ondertussen was die vleis al gaar gebraai. Met toevoeging van kafferkringpap word dit gretig verslind. Die Kaffermeide staan op 'n afstand die verrigtinge en beskou. Nuuskierig luister hulle na die verhaal. Die kinders loer uit die hutte uit na die vuur. Party byt aan 'n stuk been of vleis. Die dapperste dwaal om die kring. Weldra was die grootste honger gewyk. Die bier word aangedra en ingeskink in kalbasse. 'N flink teug gaan deur die dorstige kele. Dit word al luider en die bewegings al wilder. Die geelrooi vlamme flikker hoog in die

lug. Die dag was gedaal, en bo aan die uitspansel skitter reeds die sterre met hulle silwerglans.

Die vuur, waarvan die hoogopslaande vlamme sag heen en weer beweeg deur die aandkoelte, beskyn met 'n onseker lig die kraal en veroorsaak lang skaduwees agter die omsittende.

Tussenin beweeg die skemeragtige gestaltes van die nuuskierige wat nie plek om die vuur gekry het nie. Dik rookwolke trek skuins op in die lug. En uit die skimme-wêreld kom 'n geluid, by rukke nes die geklater van 'n waterval, dan weer soos die gedruis van 'n storm. Uit die verte aangesien en gehoor, was die hele toneel huiweringwekkend en skrikaanjaend in die hoogste mate.

Dit sal nog erger word. In die loop van die dag is die lyk van 'n Kaffer in die veld gekry met asgaaie deurboor. Dit is aan die kaptein gerapporteer, en hy het sy raadsliede om hom vergader. Na lang diskussies is besluit dat hulle Chapi, die „Ngaka" of toordokter sou vra, wie die moordenaar was. Maar hy was in 'n ander kraal, en so duur dit 'n geruime tyd eer hy kon kom. Nou was hy egter daar, en Letelle wil hom nog die aand hoor, want die volgende dag sou hy weer vroeg wegry.

Soos Chapi daar aankom, is dit die moeite werd om hom eers goed te beskou. Kyk, hoe deftig stap hy nader, bewus dat honderde oë op hom gevestig is en hom vreesagtig aanstaar.

Geen wonder nie. Chapi se uitspraak is beslissend. Wee die ongelukkige wat deur hom as die dader aangewys word. Hy moet sterwe. Hoër beroep is daar nie. En daar is baie, op wie hy reeds vroeër die dreigende vinger gerig het. Hulle het verdwyn en keer nie terug nie.

Die opgewondenheid van netnou het plaas gemaak

vir 'n doodse stilte. Wat 'n mens nog hoor, is die geknetter van die hout wat in die vuur gegooi word. In grote spanning en sonder om die minste beweging te maak, staar die menigte met kloppende harte na die nadertredende geheimsinnige gestalte. Daar is hy in die middel van die stam gekom. Die naasbysittende is opgestaan en maak 'n groot sirkel om hom heen. Hy bly staan voor Jan Lettelle wat self onder die indruk is van die gewig van die oomblik.

Die een helfte van sy liggaam is besmeer met witagtige klei, die ander helfte is nog swarter gemaak as hy reeds is deur 'n mengsel van houtskool en vet op die huid gesmeer. Om sy skouers hang 'n tiervel. Bewus dat hy 'n man van gewig is, hef hy sy hoof hoog op en elke beweging word so langsaam en plegtig uitgevoer soos die van 'n vors wat hom omring sien van duisende onderdane en nou 'n goeie indruk wil maak op sy volk.

In sy regterhand het hy 'n asgaai waarvan die ysterpunt 'n ligte geflikker gee by die skynsel van die vlamme.

„Weet Chapi, waarvoor hy hier is?”

Chapi gooi hy hoof heeltemal agteroor, slinger die karos agteruit, sodat sy grillig gekleurde bolyf duidelik sigbaar word, plant die asgaai met 'n skok voor hom in die grond, steek die regtervoet vooruit, kyk dan met borende oë die kaptein aan en roep langsaam, maar met swaar stem wat ver in die rondte gehoor word :

„Seun van Mokwaetsi, seun van Motlomi, wat groot was van dae, sy naam klink in al die krale wat weeskinders beskerm, groot is sy naam, en groot is die naam van Mokwaetsi, en groter is die naam van sy kind.

Magtige opperhoof ! Jy roep en jou hond kom kruipkruip nader ! Jy is 'n regter van jou volk ! Jy verdruk die arme nie ! Jy straf die misdade ! Seun van Mokwaetsi, jy

wil die naam weet van wie moor. Jy wil straf, wie jou volk aanval ! Chapi is jou kneg ! Hy is jou hond ! Hy wag op jou woord !”

Merkwaardig was die indruk van die taal op die omstanders. Die hoofde vooruit, met ope monde, staan algar op 'n klomp, terwyl die agterste tussen die voorste deurloer. In angstige stilte het hulle alles aangehoor, en nou kyk hulle neer na die kaptein wat op 'n stuk van 'n boomstam sit en blykbaar met welgevalle die vleiende toespraak aangehoor het.

„Chapi is wys en groot van naam ! Hy maak reën en bring vrugbaarheid. Sy oog sien verder as ons oog. Hy sien wat vir ons verborge is ! Hy volg die moordenaar na sy hut ! Hy sien die bloed, al is hy ver weg ! Chapi weet reeds dat een van my manne vermoor is, doodgesteek met 'n asgaai, en dat hy alleen in die veld gelê het. Die moordenaar het gevlug. Waar is hy, Chapi, sê ons dit en hy sal doodgemaak word, soos hy doodgemaak het !”

Die toordokter laat die hooi sak. Ernstig kyk hy op die grond. Dis of hy oor die geval nadink. Na 'n poos skyn dit, of hy 'n besluit geneem het. Hy rig hom op, gryp na 'n sak wat hy aan sy sy dra, maak hom oop en haal sy dolosse uit.

Eers bekyk hy hulle, en daarop gooi hy die beentjies op en kyk hoe hulle val. Al die omstanders is vol spanning. Nou sal die uitspraak kom. Hulle dring vorentoe. Hulle wil sien en tog.....baie is bang, want wie sal die skuldige wees ? Hulle kyk mekaar aan en dan weer die dokter.

Chapi het neergekniel. Hy kyk, hoe die dolosse neergeval het. Hy studeer hulle en probeer om uit die

manier, waarop hulle lê, die moordenaar sy naam uit te vind.

'Toe hy opkyk, is sy oog woës. Skerp kyk hy rond, maar hy sien die skuldige nie. Hy keer hom tot Letelle wat 'n lewendige aandeel in die seremonies geneem het en eweged onder die indruk is as sy mense.

Chapi begin te praat :

„Groot kaptein van die groot nasie hier! Ek weet! Chapi weet! Hy het die dolosse gevra, en hulle het hom geantwoord! Die man is doodgesteek. Hy was in die veld. Hy ploeg..... Agter hom kom sy vyand..... oor hy sy vrou afgeneem het..... hy wil hom wreek..... hy loop saggies agter hom..... hy kom vlak agter hom..... hy gryp die asgaai..... steek hom hoog in die lug..... en nou stoot hy die yster diep in de rug van daardie man. Hy val op die grond en nou steek die moordenaar hom weer, en hy steek hom weer..... hy is dood.

Die moordenaar kyk oral rond. Hy sien geen mens nie. Hy loop weg, hy vlug agter die koppie en daar steek hy die asgaai diep in die grond, om die bloed af te skuur. Stil en rustig loop hy nou na die ander kant van die Koesberg, na die kraal van April!”

'n Gebrom ontstaan op die woorde in die dig op-eengepakte klomp Kaffers. Die gebrom verander weldra in gehuil. Dit was ook te erg gewees vir hulle. Miskien sou dit die doodvonnis wees van een van hulle wat sal uitgespreek word. Gelukkig nie. Dis nou 'n Kaffer uit 'n ander kraal. En nou lyk die gehuil baie of hulle wraak wil neem; en hulle sal seker wraak wil neem, maar tog, daar is baie wat net meebrul, omdat hulle nou seker is, dat hulle nie skuldig kan gevind word nie.

„Wat is die naam van die Kaffer?”

Dis doodstil. Almal luister, wie dit mag wees, wat Chapi sal aanwys

„April self!”

Op plegtige toon klink die naam van die moordenaar deur die nagtelike stilte. Daar bars die ingehoue angs van die meeste en die toorn van die famieliebetrekkinge opeens uit op 'n manier, wat 'n mens doof sou maak. Dis geen menslike geluid meer nie. Dis gebrul en gehuil en gekletter van asgaaie wat ver oor die eensame veld se weerklink. Gelukkig is die afstand te ver vir Jan Olivier om dit te kan hoor. Anders sou hy sekerlik nog dieselfde nag gaan trek tot buite die bereik van Letelle se skerp asgaaie.

Chapi buk om die dolose op te tel, die kaptein laat vir hom 'n groot pot bier bring en 'n stuk vleis, genoeg vir drie dae.

En ewe ernstig en afgemete stap hy daar weer weg, sonder om ag te gee op al die lewe om hom en sonder om een Kaffer te groot.

Ofskoon hulle seker wis, wie die moordenaar was, want geen een dink daaraan dat die toordokter hom kan vergis nie, is hulle tog meer gerus, nou hy weggestap het. Nou is die laaste hinderpaal weggeval om eenkeer regtig goed feces te vier.

Hulle het opgespring, party begin te dans, en nou dans almal om die vuur.

In die sonderlingste springe gaan hulle vooruit en agteruit, draai met arms en bene en laat die oë rol. So gaan die pret aan. Kry hulle dors, dan kom die bierpot, en tot laat in die nag duur die feces voort, tot Letelle opstaan en sy hut opsoek. Dis die sein vir al die ander om op te breek.*

Kort daarna is alles stil en net die vlamme wat al flouer en flouer word, getuig nog van die woelige aand.

DIE BAASSNYER.

Helder blank lê die milde hawerland in effen uitgestektheid. Roerloos en heerlik rein soos die môreson dit dagsê. Die eerste strale lig op die blink van die sckels wat uit hulle bêreplekke kom en weerlig met sagte geswaai aan hulle lissies om die polse van die manne. Dis nog 'n kort russie van regstaan en 'n rukkie, waarin die boer hom agtermekaarsit vir die werk, 'n halsdoek regskek vir die son se hitte, 'n pruimpie sny, 'n behoorlike vak afmeet langs die snylyn, in eweredigheid na die kragte en dan..... dis wegsak met die sekel in die broos strooi. 'n Ry van arbeid wat uitbuig en opduik oor sy lewendige kronkellengte langs die kartellyn van die oes en daar galop bo die goue gelykte uit van die hawervlak. Stemmig nog, want die bloed het die slaapstwywe spiere nog nie deurstroom nie. Maar gaandeweg onreëlmatiger in sy buiging, dring die ry vorentoe met merkbaar toenemende ywer, vasgevat deur die begeestering van gesamenlike aksie in die platsny voor..... Elkeen weer hom in sy eie vak, nou die litte lekker los begin te voel in die slag van die sny en nou die passies maat hou met die sekel se gesuf en die ritsel van hawer wat ruim hande neerlê, oop in die son, en nou die wonderlike bekoring onbewus tot 'n wedstryd dwing.

Dis opduik, opdruk onverpoos, telkens tot die waterlei voor wat die end van die streep wys, wat eers in sy gehele lengte af moet. Die môre-koelheid sterk 'n lustige wil, hou vermoeidheid gebind en die sorg van hul eie

lewe het nog geen vatkans op die snyers nie. Oor enkele ure gloei die son se hitte op die krom rûe en sweet trek spoortjies oor die rooi gesigte. Stadig skeur die verband wat eenheid in die aksie gehou het. Die ry begin te breek. Die swakste snyers raak al agter. Dis nog net Japie Gouws en Willemse wat kop aan kop bly en as die een bo uit is. dan slaan die ander ook sy sekel oor die skouer. sit hande in die sy en haal diep asem. Sodra die laaste klaar is met sy vak, begin almal gelyk weer met die volgende stuk. En dis meer as wat die gewillikste snyer kan verdra. Die swakstes moet nou les opsê. Party word onverskillig, party nukkerig. Dit lyk of daardie twee moedswillig is.

„Dis malgoed wat so maak ,neef Niklaas!” sê een vir sy maat hier langs hom, wat net so tam voel soos hyself. „Gouws se pit is netnou uit! Wat wou hy met Willemse saamsny? Nog nooit nie! Dis maar net om ’n oog te maak!”

„Ek het net een geloof: ’n man moet jou nie gaan staan en doodwerk nie,” antwoord neef Niklaas, „en ek sê vir jou, die wat so vinnig aanja by die voorvaart, dis hulle wat die eerste ingee! Ek glo aan egalig werk, soos jy my nou hier sien, sal ek aanhou, oor ’n boeg tot more sulke tyd.” „En ek net so Neef Niklaas! Maar hulle moenie vir my aanja nie, Matie!

Tydsaam suf die sekel in die strooi, heeltemal werktuiglik. Die geeskrag help die liggaamskrag nie voor nie. Gesels, so rus-rus kom hier en daar nou aan die orde.

Gouws het eers in lustige stemming langs Willemse gesny, gedurende die wedstryd, wat hy onbewus uitgelok het, tot hy gewaar dat hulle twee alleen nog volhou en hy vermoënis bemerk. ’N ergernis verdryf sy

beste stemming en kwaai gedagtes van die môre ky weer die oorhand. Dis nou meer sy humeur as iets anders, wat Jaap so opdryf teen Willemse. Die winkelrekening spook ook weer deur sy kop. Hy is vererg, hy wil trotseer en hy voel dubbel sterk. Nydig slaan die sekel in die strooi met vinnige vaarte, en Willemse, die baassnyer van die distrik, verwonder hom, dat Jaap dit regtig meen. Sy opgeruimde aard beheers hom en hy wil Jaap se end sien, net vir die sport. Vir die swak snyers wag hy nou nie meer nie .

„Hulle maak my tam ou Jaap! Kom jong! Wat sal ons sukkel?” En Jaap val langs hom in en telkens weer. Daar is nou geen stuk verlosing meer vir die twee nie. Die ander snyers kyk kort-kort nuuskierig op en sny so op hul tyd. Neek Niklaas en sy maat rus werklik. Dit lyk of daardie twee die land wil kafloop in een dag!

Andries Vry het in sy leuningstoel die wedstryd ook bespeur. Sy hart tintel lewendig in sy oë en hy stap land toe. Hy was ook 'n uitsoek-snyer in sy dae.

'n Los slag, 'n forse gryp en maklike beweging so egaal in die grootste spoed, wys Willemse se meester-skap oor Gouws wat vaarterig en wild opdruk, ordeloos. Maar Gouws se kwaai kop wil vir Willemse nie ingee nie. Vermoeidheid voel hy glad nie meer nie, hy is daar verby. Die drif brand in sy lyf, en redelose vlae sweep hom op om Willemse te trotseer. Dis ja en niks as ja teen Willemse, met malle oormoed. En Willemse het die winkelrekening verdring en Willemse word die duiwel wat nou in Jaap se kop spook. Sy bloed kook deur sy lyf en rooi gesig; sy asem blaas geweldig soos 'n jong bees wat vir die eerste keer 'n juk dra. Dit gaan so stadigaan na flou-word se kant toe en hy haat

Willemse nou amper, want geen stuk verswakking is daar te bespeur nie.

„Wat blaas jy dan so ou Jaap? Jy wil tog nie sê dat jy al moeg is nie?” sê Willemse so in die glorie van sy krag en handigheid. En dit breek Jaap op die plek. Hy smyt die sekel in die kluite vas en vinnig ruk hy sy moeë lyf regop. Op sy moeë voorkop plak die natbeswete hare en hang in glimpunte oor sy kwaai rooigies wat daardeur nydig vir Willemse begluur. Half heserig snou Jaap hom toe:

„Ek daag jou en jou hele famielie uit om met my saam te sny! Maar ek het klaar met boer! Ek is nou moeg vir hierdie plek!” „Ek sal jou goed glo!” sê Willemse, toe Gouws vinnig wegstap en hy lag 'n skaars bedwonge lag van heerlike voldoening.

Neef Niklaas sê „Ek kon dit dink! Die voorvaart was te vinnig! Ou Jaap is poot-uit, nè Willemse?” „Ja, al te seker!” gee Willemse vrolik antwoord.

DIE WELSE.

Die Welse is die eintlike voortrekkers van Patagonië, en daarom is dit die moeite werd om so terloops die een en ander omtrent hulle aan te stip. Die kolonie waar hulle hul 'n halwe eeu gelede neergesit het, lê ongeveer 300 myl hoër langs die kus op, aan die mond van die Rio Chubút. Hierdie, by Sarmiento, is maar 'n buitepos, waarvan daar verskeie in die land is, byvoorbeeld Choel. Afstammelingen van 'n Keltiese ras, soos die Iere, is die Welse 'n baie ou nasie, wie se herkoms taamlik diep agter die geheimesluier van die wêreldgeskiedenis verborge is. Dit word gesê dat hul in die loop van eeue selfs in Spanje verblyf gehad het; vandaar dat hul taal wat heeltemal verskillend is van Engels, hier en daar wel ooreenkoms met Spaans het. Maar dit sal miskien juister wees, as ons sê dat Wels, vir die ongeoefende oor tenminste, meer lyk na Hebreeus as na enig ander bekende spraak.*

Waar ander nasies heel maklik hul identiteit in Argentinië verloor, is die Welse teen alle verspaansing ongevoelig gewees. Selfs na vyftig jaar van eensame rond-

*) Die ergste in Wels is die gutturale nog nie, maar die kiesklanke ll wat 'n mens vind in sulke name of Llewelyn en Lloyd. En dan staan Lloyd voor alle name, byna; dis Lloyd Jones, Lloyd Roberts, Lloyd George. Dan is daar byna nie 'n Welsman nie of hy heet Jones. Hulle vertel dat die eerste koning van Wallis aan sy onderdane moes name gee en toe hy al aan die end van al die name gekom het, was daar nog 'n groot klomp buite wat nog name moes kry. Gevraag wat nou gedaan met die ander wat nog nie name het nie, was sy antwoord: „Noem hulle maar Jones!”

swerf hou hulle, met uitsondering natuurlik, nog vas aan hul godsdienst, taal en sedes. Ieder klein groepie van hierdie kolonie hou nog soos in Wallis hul eistedfods, hul baie soorte tea-meetings en sing uog by die geleentheid hul kore. Om jongmense van die fiestas van die Argentyners by Sarmiento af te hou, het hulle op Nuwejaarsdag 'n groot „meeting” gehad, waar koek en tee volop was, en die jongkêrels het resies gejaag. Eienaardig van die mense is dat hul vroue self die koeie melk en die dogters skape oppas. Dis dan geen seldsaamheid om Welse meisies op oosterse wyse ver op eensame pampas agter groot troppe skape te sien sit nie! Die Welse staan bekend as seer gasvrye mense, maar ook hier tref 'n mens soos by alle nasies skitterende uitsonderinge aan. My verblyf in die huisie wat Mr. Jones my aangewys het, was alles behalwe bemoedigend, en lang jare daarna was die behandeling wat ek daar ontvang het, vir my 'n bron van geregtigde ontevredenheid. Moontlik omdat daar geen deur of vensterrame in was nie, het 'n hoop sand, omtrent anderhalf voet diep, met half bedolwe blikke, sakke en ander vuilgoed die kamers tot gelyk met die vuurherd opgevul. Gelukkig was die kaggel met skoorsteen nog heel, want 'n vuur was onontbeerlik, nie alleen vir vleisbraai nie, maar vir die koue. Die dak was vol gate en die ou put langes aan vol groenagtige water. Om water te gaan haal moes ek 'n blik leen, wat ook toe as kastrol vir die Nuwejaars-ete moes dien. Vir melk moes ek veertig sent, ag pennies, en vir brood en vleis meer as gewoonlik betaal. My eerste proewe van weer in 'n huis te slaap was dus teleurstellend. Middernag was die gedreun so skriklik hard dat 'n mens ieder minuut kon verwag dat net die vier mure sonder dak sou oorbly.

'n Bladsy uit die Lewensgeskiedenis van een wat vyftig jaar Predikant in Patagonië was.

Dit was 'n koue winterdag, ja die modder in die pad was bevrore soos klip so hard, toe ek, geruime tyd na my aankoms in Argentinië, voor die huis van 'n Welsman afsaal. 'N vrindelike ou juffrou met 'n wit mus op wat sy tot oor die ore getrek het, maak die deur oop; dit was niemand minder as die Welse predikantsvrou in eie persoon. Haar waardige, grys eggenoot was die Rev. Lloyd Jones wat vyftig jaar gelede op 25-jarige leeftyd met die eerste trek uit Wallis na Patagonië gekom is. Voor 'n groot vuur in die kaggel sit die ou heer met sy lang, dun, wit baard. Vir 'n man van sy jare was hy nog mooi regop, en dit was aan hom te sien dat hy vroeër 'n goed geboude en forse liggaam gehad het. Na die ou juffrou ons alleen gelaat het, vertel ek die ou heer wat nou eintlik die rede was van my besoek. „As u u hier in die huwelik wil laat bevestig, dan het u seker plan om u metterwoon in Patagonië neer te sit?” antwoord die Eerwaarde en kyk bo oor sy bril. „Nee, Dominee, nie vir goed nie, maar ek reken tog dat ek etlike jare hier sal moet vertoef.” „U sê die huweliksgebooië het u al afgekondig en dat u nou Maandag oor ag dae sal wil trou?” „Ja, Dominee.” „Maar kan u nie die datum verander nie, want ek sien nou, ek het op die dag 'n vergadering?” „Miskien wel, maar ek moet gou weer in Colonia Escalante terug wees.” „O! ek sien, die son sal nie meer op of onder gaan nie, as u daar moet weg wees! Maar goed,” laat hy daarop volg, „ons sal dit wel regkry.”* Alhoe-

*) Die huwelik het tog eindelijk weens die subiete dood van die waardige grysaard, nog in daardie week, nie voor hom kon plaasvind nie.

wel die bejaarde predikant al voor enige jare sy emeritaat verkry het, was hy nog altoos werksaam. Hy wys my toe ook seker MSS. wat hy besig was om vir die pers in orde te bring, van twee boeke wat in die Welse taal sou verskyn. Die geskrifte was netjies en vir 'n man van oor die sewentig was die handskrif uiters sierlik. Van die Welse Kolonie aan die Chubút vertel hy die volgende:—

„Omstreeks die jaar 1850 was daar in Wallis 'n beweging om na 'n nuwe land te trek. Die armoede onder seker klasse was so groot en daarby was die bevolking in seker sentra so uitermate buiten alle verhouding tot die bronne van inkomste, dat 'n groot seksie van die samelewing* met gretige hande na emigrasie-voorstelle gegryp het. Van die maande-lange reis van sewe duisend myl sal ek swyg, want dit sal te lank neem om van al die ontberings en gevare te vertel. Die eerste trek is aan die kus van Patagonië geland omtrent daar waar die Rio Chubút in die Atlantiese Oseaan vloei. Die Chubút-vallei het die voorkeur gekry, omdat baie van die Emigrante bedrewe landbouers was, en soos u sien getuig die alfalfa- (loesern) lande vandag van hul vlyt en volharding. Die Regering het die Emigrante gehelp, want vir die land was dit goed dat klompies beskaafde mense hier en daar as bruggehoofde op die grense tussen Europeane en Indiane gestasionneer word. Patagonië was destyds nog totaal onbewoon en so te sê in die mag van die wilde Roodhuide. Soos dit egter met alle nedersettings gaan, was daar in die begin ontsettende moeilikhede, waarvoor vele wat nog moes kom, afskrik en ander wat reeds hier was, ontmoedig is. Twee groot vyande, water en Indiane, was daar, waarmee die

eerste aankomelinge moes rekening hou. In die winter van 1853 het die Rio Chubút die ganse rivierstreek oor stroom, latende 'n woestyn waar lande en huise gestaan het. Op party plekke het die golwende waters ses myl breed geloop, 'n ware skrikaanjaende sondvloed. Maar daarna was daar weer 'n tyd van rus, en die Emigrante kon weer met taai volharding hul verwoeste huise en landerye herstel. Toe ons ruim 'n jaar op 'n pos genaamd Gaiman, omtrent sestig myl van die kus af, was, moes ons tot die alles behalwe gelukkige ontdekking kom dat ons nie die enigste bewoners van Patagonië was nie. Enkele Emigrante wat op skiettogte hoër langs die rivier opgegaan is, het opgemerk dat klompies Indiane die rivier op verskeie plekke deur is. Die mees gevreesde van alle Indiane, die Tehuelche-stam, was in daardie dae ver van onderworpe. Op Nuwejaarsdag, 1855, terwyl die jong mense met die resies besig was, kom daar 'n jongkêrel langs die rivier af aangeja van 'n plek, ongeveer drie uur te perd hoër op, waar 'n paar veeboere met hul famielies gewoon het. Tot die ontsteltenis van almal skreeu die jongman so hard as hy kan: „Die Indiane het met dagbreek ons veepos aangeval en al die mense vermoor; ek alleen kon op die perd spring en wegja!” Die seun was so verskrik dat ons vereers nie 'n samehangende verslag van die gebeurde uit hom kon kry nie. Dit skyn of die aanval heel onverwags was. Al wat hy nog wis, was dat die Indiane hom 'n ver end agternagesit het; hy het hulle tenminste sien aankom, selfs toe dit goed lig was. Daar was, by die ontvangs van die treurige tyding, byna 'n paniek onder die mense, wat ook heel natuurlik was. Ons was al ruim vyf jaar in die land en nooit is selfs 'n bok

gemis nie, uitgesonderd wanneer die puma onder die vee op sy gewone manier huisgehou het. Maar hoe opgewonde almal ook was, dit wis 'n ieder dat ons nou êrens skanse moes opwerp om ons so goed as wat in ons vermoë was teen die heidens te kan verdedig. Vir daardie doel sou die kamp na die rivier se kant toe versit word. Wat eers 'n kermis was, moes nou 'n laer vir selfbehoud word. Daardie aand was die spanning ontsettend groot, want die ding het soos 'n donderstorm by helder sonlig oor ons gekom. Al die feesgangers het bymekaargebly, net 'n klompie mans het eers na die plaas gery om die geweeers en ammuniessie weg te haal. In die kamp self sou geen vuur toegelaat word nie, en na sononder het daar 'n doodse stilte geheers in die rivierwalle waarin ons diep gate gegrawe en waar ons die vroue en kinders laat ingaan het. Die walle was ses voet hoog, dus kon ons, mans, aan altwee kante posiesie inneem. Die vee het ons, veiligheidshalwe, na die kus gestuur. 'N Indiaan, soos 'n skip, kom selde in tyd van gevaar naby die kus; maar met die Indiaan is dit so: Hy vlug die pampa in, sy element, terwyl die skip by stormweer die wye oseaan verkies. Die Tehuelche het tog nie hul verskyning gemaak nie. Met dagbreek stap die wagte van hul angstige poste weg, waar hulle die nag getrou hul plig vervul het. Ons het toe meer tyd gehad om 'n geskikte plek vir 'n kamp uit te kies en planne te beraam om ons teen die ewentuele koms van die barbare voor te berei. Die plek wat my die doeltreffendste vir 'n verdedigingslaer gelyk het, was daar, waar die rivier in sy loop byna 'n volkome sirkel vorm en 'n soort laag geleë eiland insluit. Daar het ons pale in die vorm van 'n kraal ingeplant en weer in die droë

walle kamers vir die vroue en kinders uitgegrawe. Nog 'n nag van angstige afwagting het ons so deurgemaak, maar die vyand het nie opgedaag nie. 'n Week lank het die mans nog ieder nag wagte uitgesit tot almal min of meer gerus gestel was. Daarna het ons meer oplet-tend alle moontlike deurgange van die rivier hoër op bewaak. Veewagters het orders ontvang om die minste teken van bewegings van die vyand, spore van vreemde perde, ens., te rapporteer. Intussen is daar 'n Spaanse skip aangekom, op weg na 'Tierra del Fuego, en also kon ons die voorraad kruit en gewere uit die skip wat in Puerto Madryn geanker was, aanmerklik aanvul. Die skip het ons, opmerklik genoeg, berig gebring dat 'n Spaanse kolonie hoër op langs die kus, in Bahia San Antonio, ook kort gelede deur Indiane aangeval is. Die noodlottige dag ,waarop ons klein garnisoen 'n swaar vuurproef sou moet deurstaan, het na drie maande aangebreek. Tussen 1 Januarie en 31 Maart het ons nie een enkel Indiaan gewaar nie, selfs nie 'n spoor of enige teken dat die gevaar so naby voor die deur kon wees nie; almal het gemeen dat die tyd vir 'n aanval, nog voor die streng winter maande sou intree, verby was. Maar gelukkig het die Heer dit so beskik dat ons van hul koms geweet het, anders was ek dalk nie vandag hier om die ou geskiedenis te verhaal nie. Die môre jvroeg voor die aanval is daar 'n perd aangekom wat van hulle weggehoop het; almal herken hom dadelik as een van die perde wat hulle by die moord op Nuwejaarsdag weggevoer het. Dat hy nog die dag tevore in gebruik was, kon 'n mens aan die sweetmerk van die recado en die vars bloedplekke van die spore teen sy pens aan sien. Teen sononder weer, het een



'N INDIAAN.

van die veewagters ons vermoede bevestig deur 'n verhaal dat hy in die veld 'n perd gekry het wat die dag deur 'n messteek gedood is. Vars spore van ander perde loop in die rigting van die kus. Blykbaar was hul plan, ingeval hulle ons kon verras, om die kolonie deur 'n omsingelende beweging te oorweldig. Maar ons was nou tot die tande toe gewapend, en al die ander voorsorgmaatreëls was pragtig. Die buitenste poste (want ons laer het 'n binne- en buitenste ry pale gehad) was 'n honderd man sterk, almal kêrels wat weet om met 'n geweer om te gaan. Verder, voorsien van water, voedsel en ammunisie vir byna onbepaalde tyd, en, met die vertroue op Hom, by Wie honderd regverdiger sterker is as duisend rowers, het ons die vyand kalm afgewag. Om elf uur die aand het hulle die huise hoër op aan die regteroewer van die rivier stormgejaag met 'n ontsettende oorlogskreet. Aan die heldhaftige manier waarop hulle op die huise aanstorm, was dit duidelik dat hulle van ons posiesie niks geweet het nie. 'N mens kon dit aan hul beweging in die helder sterrelig merk dat hulle verbaas was om die deure oop en die huise leeg te vind. Enige minute later staan die hartbeeshuise in vlamme wat in die wind soos tonge om hul heen lek en alles op die werwe vernietig. Maar in hul dommigheid het hulle nie vir ons alleen nie maar vir hulself kwaad gedoen, want, daar dit donkermaan was, kon ons die vyand nou duidelik van agter die walle van die rivier sien, waar hulle tussen die brandende huise heen met hul perde langs die rivier af ry. Toe die onderste huise hul lig ver langs die vlei af stuur, kon 'n mens 'n vyftigtal na die kant van die rivier sien kom. By die lig kon 'n mens die bont poncho van die aan-

voerder duidelik onderskei. Vinnig genoeg ry hulle op ons af dat 'n mens kon dink dat hulle vermoed het dat die groot paalmuur iets meer as 'n gewone kraal moes beteken, maar seker nie, dat daar agter die rye pale in die pikdonker, weldra vuurtonge uit die monde van gewere sou uitsteek nie. Die Welse was vasbeslote om geen kruit of koeëls te mors nie! „Laat hulle tot op tien tree kom, kêrels,” fluister ek. Op vyftien ruk die hoofman sy perd om en voor hulle kon retireer, druk hulle teen die agterstes op 'n klomp en ons trek los. Die eerste sarsie was uitmuntend: die helfte het dadelik in die sand gebyt, gedood of gewond. Die saluut uit die donker walle was heel onverwags en enige vyand, hoe dapper ook, moes daarvoor wyk. Maar die aanvoerder het vir 'n oomblik uitdagend op sy groot perd bly sit. Sy tamaai rooibruin liggaam staan voor ons soos 'n swart monument teen 'n gloeiende agtergrond van brandende huise. Dadelik is nog 'n vyftig perde-ruiters opgedaag om hierdie te kom help en met die aanvoerder voor aan retireer hulle vir ongeveer drie honderd tree. Nog voor die tweede lading mooi reg was, storm hulle met 'n demoniese geskreeu op die pale aan. Om met geweld teen 'n paal aan te stamp is iets wat ieder Indiaan van kindsbeen af leer. Die vurige perde verstaan dit baie goed om in volle vaart, selfs 'n muur nie te ontsien nie, maar met die bors alle hinderpale te verpletter. Net die gewig van die stormaanval teen ons paal beskutting was genoeg om die heining op verskillende plekke te deurboor, en daardeur het 'n paar dosyn van die vyand ingedring en drie van ons mense swaar gewond en een gedood. Die res moes terugsteier, want 'n derde van die perde en ruiters lê soos 'n swart wal

rondom ons verskansing. Ons syne het aan wondplekke gely, veroorsaak deur die val van die perde; die Indiane is met perd en al die wal afgestort. Een van hulle het sy cuchillo nog gebruik, na hy in die rivier onder ons te land gekom het; soos 'n boosaardige bees het hy sy glinsterende mes gehanteer en voor ons hom 'n skoot deur die hart kon gee, het hy een van ons kêrels 'n doodsteek toebring. Toe die aanvoerder onder die dooies agterbly, het die ander die wyk geneem."

OP JAG VIR JOHANNES.

Dit was eenuur in die middag. Willem van Wyk en sy vrou sit aan tafel op Someroord. Hulle was al klaar met eet en op die punt om op te staan. Gert was alreeds op en die kamer uit.

„Wat sal sy arme vader daarvan sê!” sug die huisvrou met 'n vroom gelaat.

Haar man bly stil.

„Ek het jou mos altyd gesê,” gaan sy voort, „dat Johannes 'n deugniet is, wat ons moet wegstuur.”

„Dit het jy eers begin te sê,” antwoord van Wyk met sagte stem, „vandat sy pa, op my spesiale versoek, oorgehou het om vir hom of ons geld te stuur vir sy onderhoud. Johannes was altyd 'n liewe kind.”

Debora sien haar man onvergenoeg aan. „En ek sê,” antwoord sy, „dat hy altoos 'n karnallie was—'n opperste karnallie.”

„Hy is dood, moedertjie,” herinner haar man haar, nog altyd sag en bedaard.

„Dood of nie,” antwoord sy, „hoe kan ek die skande vergeet wat hy op ons huis gebring het!”

„Vroutjie,” sê haar man, terwyl hy sy hand in alle liefde op hare sit, „jou hart is al te hard vir dié van 'n vrou!”

„En joue,” antwoord sy, terwyl sy haar hand wegtrek, „is al te pap vir dié van 'n man—behalwe as dit jou stiefseun betref!”

„Behandel ek vir Gert nie goed nie?”

„Jy het vir Johannes voorgetrek—ook voor *my*!”

„Is *dit* jou grief teen Johannes?”

„Dis my grief teen *jou*!”

„*My* grief teen *jou* is, vroultjie, dat jy jou allerhande dinge deur Gert laat wysmaak.”

„Sien!” roep sy. „Daar *het* jy dit! Asof *my* seun 'n leuenaar en ophitser is! Dankie!”

Van Wyk staan op met 'n diep sug en stap die gang in om na 'n ander kamer te gaan, maar net toe hoor hy 'n geklop aan die voordeur en gaan dit oopmaak. „Wel, Köhler?”

„Is Gert hier?” vra die besoeker, vervaard.

„Hy is tuis. Wat makeer?”

„Johannes leef! lui die antwoord met gejaagde asem.

„'N karweier wat hom ken, het hom vanmôre gesien.”

„Johannes?” stamel Van Wyk.

„Ja, Johannes!” antwoord die opgewonde man. „Hy het 'n vaal pak klere aangedad en was op weg na Stellenbosch. . . . Maar Gert—waar is Gert? Hy en ek moet hom gaan vang.”

„Jy en Gert?” vra Van Wyk, verontwaardig.”

„Waarom juis *julle* twee? Waarom kan julle dit nie aan *ander* oorlaat nie? Loop weg!”

„Mag Gert en ek nie so goed as ander ons plig doen nie?”

„Was Johannes dan nie 'n vrind van jou nie?”

„Kan nie help nie, meneer Van Wyk! Hy is nou hoogverraaier. Hy is rebel. Moet ek 'n rebel laat loop, net om ek eers sy vrind was?”

Die ou heer ag dit gerade om nie hierop te antwoord nie.

Köhler het die laaste sinsnede so luid uitbring

dat Gert wat besig gewees het in 'n agterkamer, die stem herken het en, uit nuuskierigheid, na die voordeur kom.

„Het jy gehoor, Gert,” vertel die senuweeagtige Köhler gretig, „Johannes is vanmôre op die Vlakte gesien?”

Gert staar sy maat vir 'n oomblik ongelowig aan. „Skiet jy nie alweer spek nie, Frits?”

„Op my woord van eer!” verseker Köhler.

„Wie het hom gesien?”

„Gert Olivier. Sy hond het by 'n bakkerbos naby die pad staan blaf. Hy gaan toe kyk, en daar spring Johannes op!”

„Die man wat verdrink het!” En het hy 'n baadjie aangehad?”

„Hy was aangetrek in die klere van 'n smous.”

„In die klere van 'n smous!” herhaal Gert. . . „Aha, dan was die nat klere op die strand blote oëverblindery. Die muis het 'n stertjie, Frits,” vervolg Gert met 'n veelseggende oogknip aan sy maat. „Ek sal nie graag die smous wil wees wat die klere geleen het nie! . . . Weet die polisie van die nuus?”

„Dis *ek* wat dit vir hulle gebring het, *ek*!” antwoord Köhler, uitermate trots op homself, „en ek het aangebied om met jou en 'n paar ander vir hom te gaan vang.”

Van Wyk kon dit nie langer krop nie. „Jy behoort jou te skaam,” sê hy, „om so uit jou weg te gaan om 'n goeie maat te vervolg.”

Gert spring terug die gang in en gryp 'n hoed van die kapstok. „Dag pa!” roep hy, nog eer sy stiefvader meer kon sê, wip die stoep af, en, gevolg deur Köhler, hol hy om die huis, stal toe.

Drie kwartier later verlaat Gert, Köhler, 'n diener en 'n Hottentotjong, almal te perd en almal met gewere gewapend, die Kasteel, na hul sekere bevele van die outoriteite ontvang het.

„Was hy tevoet?” vra Gert aan Köhler, toe hulle die stadspoort uity.

„Tevoet; en hy het gelyk of hy al doodmoeg was.”

„Hoe ver was hy toe van die Kaap?”

„Tien of twaalf myl.”

„Só ver? Dan sal ons hom nie al te gou inhaal nie?”

„Hoe verder hy is,” antwoord Köhler, „hoe prettiger die jag. Mensig! hy sal ook skeef opkyk as ons op hom afkom!”

Hulle ry intussen op 'n harde stryk. Aangesien egter die perde van die konstabel en die jong nie al te fluks was nie, moes die voortgang aanmerklik verslap.

Net waar hulle iemand op die pad ontmoet, vra hulle na Johannes; maar niemand kon hulle met informasie help nie. By De Kuilen, 'n plek halfpad tussen die Kasteel en die Drosdy van Stellenbosch, het hulle 'n bietjie stilgehou en 'n jong soldaat wat hulle daar ontmoet het en wat 'n flink perd onder sy ligte lyf had, na Stellenbosch gestuur met 'n boodskap waarvan die leser later meer sal hoor.

Na hulle meer as vier ure op pad gewees het—hulle het nie altyd reguit gery nie—stel Gert voor dat hulle na 'n seker heuweltjie, vanwaar daar 'n mooi uitsig was, sou stuur, om daar 'n slaggie af te saal en die perde 'n bietjie te laat rus. Die son was toe al goed laag.

„Maar as ons te veel versuim,” opper Köhler, „mag ons hasie wegkom.”

„Wegkom!” herhaal Gert, spotlaggend. „Weg-

kom vir hoelank? As ons hom nie vandag vang nie, dan vang ons hom môre!”

„Waar slaap ons dan vannag, meneer Rass?” vra die diener, terwyl hulle na gemelde heuweltjie ry.

„By die een of ander boer—by Adam Tas waarskynlik.”

„Adam Tas is ons vyand,” herinner Köhler vir sy maat. „Hy beskou mos die Goewerneur as ’n soort van pes in die land.”

„Soveel te meer rede waarom ons by hom sal oornag,” antwoord Gert. „Johannes is ’n bewonderaar van daardie fanatieke vent en sal heel moontlik nog vanaand of vannag by hom gaan skuil en hulp soek en so reguit in die wip loop.”

„Nou kyk,” versoek Köhler gretig, „sal julle aan my die plesier laat om hom die eerste te gryp?”

„Goed!” antwoord Gert wat weet dat Köhler se hart in sy mond sit. „Maar Johannes het vanmôre vreemde klere aangehad, het jy my gesê?”

„Nou wat daarvan?” vra Köhler.

„Iemand moet dit vir hom gee het!”

„Natuurlik!”

„Daardie iemand kan hom net so maklik ’n pistool in die hand gestop het.

Köhler se voorkop kry ’n paar donker voue.

„Maar,” vervolg Gert, op onverskillige toon, „jy is ook mos gewapend, Frits!”

„Miskien is dit die beste,” sê Köhler na ’n kort gepeins, „dat *al* vier van ons hom *gelyk* pak.”

Gert moes op sy lippe byt om nie uit te bars van die lag nie; en die diener kyk weg, dat Köhler sy geamuseerde gesig nie kon sien nie.

Al pratend het hulle by die bult aangekom, waar hulle vir 'n rukkie sou afsaal. Dit was nie ver van die dorpie van Stellenbosch nie.

Die kêrels maak hul perde aan enige suikerbosse teen die heuweltjie vas en klim toe met hulle gewere na die top, sowat veertig tree van die diere af. Gert sit sy roer teen 'n groot, gladde rots neer, klouter die klip op en kyk toe van daar in alle rigtings of hy nêrens die vlugteling kon gewaar nie; maar, buiten die lede van sy eie geselskap, kon hy geen mens, selfs geen veewagter, iewers bespeur nie, ofskoon die bossies orals laag groei of afgebrand was, behalwe in sy onmiddellike omgewing.

„Julie!” roep Gert vir die jong. „Gaan hierdie kannetjie vol water maak!”

Skoorvoetend stap die Hottentot na die klip waar Gert sit, en laasgenoemde gooi 'n blikkannetjie wat aan sy skouerriem gestrop was, in die jong se hande.

„Baas,” vra Julie vir die diener wat 'n paar tree van hom af was, „sal baas nie saamgaan nie? Ek is 'n bietjie bang om so ver alleen te gaan.”

Die skout willig in, en, met hul gewere op die skouers, stap die twee na 'n sloot, omtrent twee honderd tree van die top van die hoogte af.

„Dink jy, Johannes sal opgehang word?” vra Köhler vir sy metgesel.

„Wel,” antwoord Gert, terwyl hy op dooie gemak sy lyf agteroor op die rots uitstrek, met sy hande agter sy kop, „opgehang . . . doodgeskiet.”

„Doodgeskiet?” herhaal Köhler verwonderd. „Sy verhoor sal mos nie voor 'n krygsraad plaasvind nie.

Hy sal mos na Holland of Batavia gestuur word vir sy straf, nie waar nie?"

„Ja, maar veronderstel," antwoord Gert, „dat hy nie wil bly staan as ons op hom afkom nie; of veronderstel dat hy ons moeite gee op pad na huis—hoekom is ons gewapend?"

„Maar jy sal hom mos nie skiet nie," vra Köhler, bangerig, „as hy hom vrywillig onderwerp nie?"

„Sien jy hom graag lewe?" was die weervraag.

Köhler haal sy skouers op. „Die veragtelike manier waarop Johannes my behandel het, vandat ek jou party begin trek het, maak dat ek nie te veel tranes sal stort as hy bokveld toe verhuis nie. Maar, dat hy leef, kan my nie skeel nie."

„Dit sou jou skeel," sê Gert, „as jy in my skoene was. Ofskoon ek die vent nie kan verdra nie, sal dit my eenkant grieselig wees om persoonlik my hand koelbloedig aan sy lewe te slaan—dit erken ek. Maar daar is so iets as selfbeskerming. Elke mens dink eers aan homself. Dis sy *plig* om dit te doen. Veronderstel, Johannes kom voor vir hoogverraad as gevolg van die byvoegsel tot sy brief, en hy word vrygespreek? Wie is dan aan die pen? Of sê hy word in staat gestel om getuie af te lê in die saak wat ek teen Malherbe voer, en sy woord omtrent die rose word geglo? Sien jy wat dit vir my mag beteken? Nee, ek vrees, sake het nou al so ver geloop dat dit moet verder."

„Jy moet hom darem liewers nie moedswillig skiet nie," meen Köhler.

„Moedswillig? Nee! Maar," laat hy volg, met 'n veelseggende oogknip, „'n ongeluk is gou!"

Terwyl hulle so aan die praat was, val Köhler se

oog op iets wat 'n ysige rilling deur sy lyf ja—'n spoor, naamlik, 'n kort endjie van die rots af. „Genugtig, Gert,” hyg hy, „ek sien 'n vars skoenmerk, waar ons nie getrap het nie.”

Gert neem dadelik 'n sittende houding in. Wat roer daar?” sê hy, toe hy die top van 'n tak, geen ag tree van hom af nie, sien beweeg; en tegelyk spring hy en Köhler op, om hul gewere te gryp.

Maar hulle was net te laat. „Staan stil!” klink 'n harde stem van iemand, wat opvlieg kort onder die rots en een van die gewere gryp, „of . . . 'n ongeluk is gou!”

Gert staan botstil, en Köhler beef soos 'n riet, asvaal.

Hulle was geen ses tree van hul gewere af nie, maar die man teen wie die gebruik daarvan gemunt was, was ongelukkig ses tree nader,—ja mik al met Gert syn na die kop van Gert!

„Asseblief tog, Johannes!” soebat Köhler wat inmekaar kon sak van benoudheid. „Moet tog nie skiet nie!”

„Jy het my gevra om stil te staan,” sê Gert, met 'n stem wat weinig angs verraai, „en ek doen dit. Hoe-kom mik jy?”

Johannes wat 'n oomblik geweifel het, met sy vinger aan die trekker, of hy dit sou aftrek of nie, laat die wapen sak, gryp ook die ander geweer en stap met die twee 'n paar tree agteruit. Met een in elke hand, die kolwe op die grond kyk hy vir Gert aan. „Sou jy my lewe gespaar het, Gert, as jy my gevang net?”

„As jy ongewapend was, welseker!” antwoord die

geslepe Rass. „Ek val niemand aan wat nie vir homself kan verdedig nie.”

„Dit is seker die rede,” vra Johannes sarkasties, waarom jy en Köhler sonder gewere hierheen gekom het?”

„Hoe kon ons raai,” lui die weervraag, „dat jy nie 'n geweer het nie?”

„O, Gert,” roep Johannes, met vol gemoed, „is dit al so ver gekom dat jy, met wie ek saam opgegroeï het en vir wie ek meestal as hondjie gevolg en gedien het—dat jy my, in plaas van verdedig en help, agtervolg met gelaaide geweer, myle en myle van huis, asof ek jou aartsvyand is en 'n skurk wat slegs 'n koeël verdien! . . . Waarom doen jy dit?”

Gert bly stil.

„Jy sien, Gert,” gaan Johannes voort, op die oomblik het ek jou lewe in my hand. Ek kan met *jou* doen, wat jy met *my* gewil het. Maar ek wil jou wys hoe anders my gevoel is teenoor jou, as jou teenoor my—ek wil jou vergewe, ek wil jou vrind wees weer, jou maat. Kan ek dit nie?”

Gert swyg nog.

Johannes hervat: „Sê my dan tog wat my groot sonde is. Wat is die oorsaak van jou wraak- en vervolgsug? Moontlik kan ek dit wegneem, as ek dit weet. Ons sal mekaar tog in elk geval binnekort vaarwel moet sê. Toe, Gert! neem een stukkie bitterheid uit my lewe: laat dit van nou af aan iemand *anders* oor om my te vervolg. Sal jy?”

„Ek vervolg jou nie.”

„Vervolg my nie! Jy mag my net so goed vertel, dis nie jy wat met my praat nie.”

„Ek is hier,” verklaar Gert, „om ’n Regeringsbevel uit te voer; dis al.”

Johannes sien sy neef minder welwillend aan. „Is *dit* jou enigste antwoord, Gert, op my beroep op jou edelmoedigheid?”

Gert bemerk die ongunstige verandering in toon. „’n Regeringsbevel, wat,” las hy vir die versigtigheid by, „teen my sin is.”

„Teen jou sin!”

„Dit sweer ek.”

„Versweer jou siel nie!” sê Johannes. „Wil jy my kom vertel, die Goewerneur sal juis my *neef* uitkies om op my te kom jag? Nee, jy is hier om jou te wreek op iemand wat nooit ’n steen nog in jou weg gelê het nie—jy is hier om hom te vermoor! Jy het my van my eerlike naam beroof, jy het my in die tronk laat smyt, jy het my van huis en vrinde verban en tot ’n ellendige vlugteling gemaak. En *dit* alles is nie genoeg nie! Jy dors na meer! Jy wil my bloed sien—my lyk!”

Gert staar hom op die ongevoeligste manier in die gesig aan.

„Maar goed, Gert!” sluit Johannes, „ek weet nou ten minste wat ek aan jou het.” Hy kyk toe vir Köhler aan. „Wat *jou* betref, Frits,” sê hy met veragting, „van jou het ek sulke gedrag verwag: jy was van altyd af net so ’n gemene sluiper as wat jy ’n miserabele lafaard is. Jy is Gert se slaafse hond en niks meer nie. Maar een ding verseker ek jou: As ek jou vir ’n *twede* maal so vang, sal jy nie met ’n blote bewerasie daarvan afkom nie!”

Die koue sweet tap van Köhler se gesig af.

„Die eerste een van julle,” vervolg Johannes, „wat daar van die klip afspring, ja ek 'n koeël deur die lyf.”

Daarop stap hy met die twee gewere na die vier perde, sny die buikgorde van drie van die saals af en stukkend, slaan daarna sowel die nippel as die trekker van Gert se geweer met 'n skerp klip so plat as hy kon, en gooi die waardelose wapen daar in die bossies. Toe draai hy met die oorgeblewe geweer na Gert se pragtige merrie en lê op haar voorkop aan.

„Spar tog my Venus!” roep die anders so parmantige Gert byna smekend. Sy perd was die enigste ding op aarde wat hy opreg liefgehad het.

„Is dit nie genoeg dat ek *jou* spaar nie?” antwoord Johannes. „En moet ek jou in staat stel om my vandag verder te volg?”

„Dit, sweer ek, sal ek nooit doen nie!” belooft Gert nou. „Ek het twintig guldens in my sak,” voeg hy by, „en ek sal jou almal gee as jy my perd wil spaar!”

„Laat Köhler die geld hier bring! Dis tog maar 'n deel van wat jy my besteel het.”

In 'n oomblik was Köhler by Johannes met die silwer.

„Terug na die klip!” lui die bevel toe, en Köhler hol terug.

Johannes bemerk toe net, bo tussen enige bossietakke deur, dat die diener en die jong op 'n afstand van omtrent vyftig tree van hom af aangestap kom. „Gebied daardie twee maters van jou op die plek,” gelas hy vir Gert, „om hul gewere neer te gooi en nader te kom, of ek bewys niemand genade nie.”

Gert was vir die oomblik in Johannes se mag, en hy het laasgenoemde nog nooit so gedetermineerd ge-

sien nie. Wat kon hy anders as gehoorsaam? „Skout! Julie!” roep hy vir hulle. „Gooi neer jul gewere en kom hiernatoe!”

Die waterhalers het wel 'n luid gepraat gehoor, maar hulle het niks van Johannes gesien nie en tot nog toe nie die minste suspesie gehad dat hy een van die sprekers was nie. Toe hulle nog aarsel, skree Köhler so hard as hy kon: „Smyt *dadelik* neer jul gewere en *hardloop* hiernatoe, of julle is dood!”

Glad verbluf, laat hulle die wapens val en hol nader.

Toe hulle sowat twintig tree van Johannes was, gebied hy: „Bly nou staan, waar julle is!”

Nou eers gewaar hulle, tot hul ontsteltenis, hoe die vurk in die steel steek, en was terstond gehoorsaam.

Johannes gaan die gewere van Julie en die diener optel en slaan albei stukkend teen 'n groot klip. Toe kom hy die tooms en halters van die perde van Gert, die diener, en die jong, afhaal en bind dit alles met 'n stuk buikgord agter aan die saal van Prins, Köhler se rydier, vas. Daarop ja hy die drie los perde die veld in, spring op Prins se rug, en ry pylreguit van daar in die rigting van Elsenburg, 'n plaas wat toe in besit was van Samuel Elsevier, 'n gunsteling van die Goewerneur.

'N bietjie later was die son onder.

OP DIE DORP.

Die son was al hoog teen die rein hemelblou uitgeklim, toe Servaas Vermaak, bywoner by meneer Willem du Pré van Rietfontein, die dorp ingery kom. Al vroeg voordag is hy van die plaas om gewone besigheidjies te verrig, en veral ook om die pos te kom haal en die laaste nuus te hoor, want dit is die 12de Oktober 1899, die dag nadat die Republieke se ultimatum verstreke was, en elkeen praat net van oorlog. Maar hoewel die tyding van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog reeds op Steenburg bekend is, kan 'n mens uiterlik niks daarvan merk nie.

Rustige Karodorp, dromend in selftevredenheid en wyd omwoon deur slapende koprande wat in donkerbruin pantser en ylvaal groei uitgebeiteld rus teen die ewig-blou hemel aan! Vreedsame Steenburg, langsaam opgegroeï in jou klein kring van sukkel-werksaamheid, waar Februarie vir hom net so eentonig en traag uitrek soos Januarie, waar dieselfde mense elke dag langs die met populier en peperboom skraal beplante strate heendrentel sonder die haastige tred en verwarde blik van die stadbewoner, waar die son kan skroei in sy Afrikaanse wreedheid en die stofstorms oor kan heendreun dae, weke aaneen, veragterend in hul woeste triomftog die handewerk van klein mensies wat daar saamwoon in die kolletjie van beskeie beskawing—dorp, waar alle geluid en rumoer van menslike bedrywigheid nietig wegsterwe soos die breek van 'n dun, droë takkie in 'n

ontsaglike woud—dorp wat met al jou geboue, tuine, bome en mense soos 'n nouliks sigbare stippie wegsink in die omsluiting van eindelose velde en blou lug..... jy sal vir die eerste maal in jou bestaan kennis maak met moderne maniere van oorlogvoer, jy sal tot in jou binneste deurwoel word deur losgelate hartstog en bandelose vryheid; honderde en duisende sal jou deurtrek, en uit jou vredige eensaamheid sal opstyg die rumoer van waens en ruiters; die skaterlag van oorwinning en voordeel sal oor jou heengalm, maar ook die vloeke van teleurstelling en wraak!

Dadelik na sy aankoms het Servaas die oorlogsnuus vernem. Hy het besluit om sy sakies so gou moontlik in orde te bring en vanmiddag vroeg al te laat spaander na Rietfontein waar almal met verlange op tyding sit wag. Onder andere moet hy vir meneer Du Pré 'n skaapwagter soek, en na hier en daar te verneem het, kom hy heel toevallig vir Adonis teë.

„Aa!” sê Servaas, terwyl hy op Adonis toeloop wat op die stoep van 'n winkel op sy gemak sit rondkyk, skynbaar tevrede met die hele wêreld en heel in sy skik dat die ander volk steun by die aflaaï van swaar bale wol, „hier is net die man wat ek soek!”

„Moenie so praat nie, baas!” antwoord Adonis geheïnsinnig laggend, terwyl hy beleef opstaan. „Maar as ek dit wel het” en by hierdie woorde bekyk Servaas hom heel noukeurig, „dan is jy mos die jong wat vroeër by baas Koos.....”

„Net hy, baas,” val Adonis hom in die rede met 'n gelyktydige hand- en kopbeweging van voldoening en 'n salige lag, waarby sy wit tande voordelig te voorskyn kom.

„En jou naam is Adonis!”

„Net hy, my baas!” antwoord die jong met verheffing van stem en besonder nadruk op die eerste woord, terwyl sy oë in spannende verwagting op Servaas gevestig bly. Pas uit die tronk, nog sonder baas en werk, in die hoop dat hy nou tog ’n baas sal opdoen, so staan hy daar, Adonis, wel geen Griekse nie, maar ’n ligswart tiepe van jong van middelbare hoogte. Van sy voorgeslag kon hy self geen beskrywing gee nie. Selfs van sy ouers weet hy bitter weinig, want as kind het hy hulle in die Westelike Provinsie verlaat en is die land ingetrek met ’n togganger. Die mengsel van Hottentot- en Negerbloed het by hom uitgewerk ’n voordelige natuur, vol lewenslus en pret, ’n onbekommerdheid en lig-sinnigheid wat die swaar van die lewe met vernis weet oor te verwe. Al sy teenspoed is voortgespruit uit sy onweerstaanbare neiging tot sterke drank. Maar na ’n harde les te geleer het, is die oortuiging by hom nou sterk geword dat hy ’n beter lewe moet begin. En so staan hy daar voor Servaas as ’n toonbeeld van goeie voornemens, Adonis met sy skalkse oë, die wit vliese waarvan skerp afsteek teen die omsluitende agtergrond van swart vel. Sy groengeel dop van ’n laphoed, uitstekend gelug deur ’n paar dosyn gaatjies, skeure en snye, hang slap oor sy ore en sou vir ieder versamelaar van kuriositeite ’n gewaardeerde besit wees. ’n Baadjie wat twee Adonisse kon dek, die naderende end waarvan duidelik genoeg voorspel is deur ontelbare rafels, gapende openinge, en die afwesigheid van knope — ’n baadjie lewensmoeg en klaar met die wêreld, hang swaar oor sy skouers nes ’n natgreende sak. Die moue is opgerol, en van voering is geen draad meer te ontdek nie. Die dae

toe sy grillig-gekleurde broek nog op sy fleur was, sou dit wel 'n donkerferweelstof gewees het, maar nou is die ferweelgrondvorm volkome opgelos in die bontste spel van grof opmekaar geplakte lappe wat stry om meesterskap in onreëlmatigheid van vorm en in verrassende kleurevariasie, soos 'n bont menseseec by 'n wedstryd waar die son sy ligte glans oor heenstrooi op 'n vrolike somernamiddag. Ook sy velskoene met hul voorpunte omgekrul—die effek van menige avontuur in reen en sonnebrand—met hul nate half los, waar hier en daar 'n toon of wat donkerskemerend deurloer, is in volkome harmonie met die ander stukke. Inderdaad selfs nie 'n kennersoog sou weet aan watter van die kledingstukkie die prys vir oorspronklikheid toe te ken nie, en al het Adonis geen kunsgevoel nie, tog is sy oog vir eweredigheid skynbaar volmaak.

„Kyk, Adonis, ons moet kort speel. Is jy 'n los man?” vervolg nou Servaas.

„Maar nie altemit nie, my baas! Hotnot se kind sal hul nie kleinkry nie. Ryswater en skopgraaf was my maat.....kyk so,” sê Adonis, terwyl hy sy hoed afhaal en ter bevestiging op sy half kaal geskeerde hoof wys, „dit begin darem weer reg te kom.”

„Jammer dat jy nie met die soutrotting gekry het nie, dan sou jy 'n ander liedjie sing. Maar al die speletjies op 'n end, ek wil weet of jy my trop skape kan kom oppas, ek makeer 'n man.”

Enigsins huiwerig vervolg Adonis: „Maar baas, ek is nie alleen nie, ek het nog 'n vrou en 'n half dosyn kleingoed.”

„Dis goed, ek het nog 'n paar kleintjies ook nodig.

Is jy tevrede met kos en boonop nog 'n skaap in die maand?"

„Allamattie, my baas, dis darem rê-rê min," en Adonis lig sy laphoed effentjies op met 'n swaarmoedige sug, skud verleë sy kop en kyk grond toe.

„Ek kan jou nie meer gee nie, my jong, die tye is sleg, want die mense praat van oorlog," laat Servaas met beslistheid volg.

„A nee a! maar baas moenie so praat nie, en wie wil dan vir ons kom oorlog maak, baas?" „Aa, die Engelsman het mos nog nie sy sin gekry nie," antwoord Servaas en daarop Adonis met opgewektheid: „Baas, as die witmense mekaar wil staan doodmaak, dan sukkel Adonis net niks nie, maar een man moet hulle laat swaar kry."

„Jy praat so maklik, Adonis, pas maar op dat jy nie onderdeur kom nie, dan staan ek nie vir jou lewe in nie. Maar wie is dan die man wat moet swaar kry?"

„Die man wat hotnot se kind so maklik laat ryswater drink, net soos hy 'n bietjie plesierig word."

Glinlaggend antwoord Servaas: „Sal jy nou aanstaande Maandagmôre inval?" Die hotnot dink 'n oomblikkie na oor die voorstel. Hy is sonder werk, die idee om na die plaas te gaan, lag hom besonder toe. Hier in die dorp is hy tog nie veilig nie, dis te naby die magistraat—netnou-maar pak hul hom weer. En as hulle dan waarlik kom oorlog maak, dan keer hul hom dalkies nog hier vas ook, maar daar buitekant op die plaas sal niemand vir hom hinder nie. En met 'n vinnige kopbeweging antwoord hy nou: „Goed, baas, as die son Sondagaand sy kop wegtrek, dan is Adonis 'n man wat op Rietfontein intrap." „Top," sê Servaas, en terwyl hy

hom verwyder, wys hy half skertsend, half dreigend na Adonis met die voorvinger: „Maandag inval, anders... die ryswater!” Servaas kon altyd so heerlik gesels as hy op die dorp kom, want daar is ’n menigte vrinde en bekendes van sy soort. Hoe dikwels in die verlede het hy al sy tyd verbabbel. En trots heuningsoet beloftes aan sy vrou, kon hy hom nooit losmaak van die slegte gewoonte om eers heel laat in die agtermiddag, en partykeer na sononder in te span vir die terugreis nie. ’n Rumoerige huislike toneeltjie, waarby sy vrou die hoofrol wis te speel en minder bedagsaam met haar ryk woorde-skat wis om te gaan, was elke keer die onvermydelike gevolg daarvan. Arme Servaas, hy het dit tog so goed bedoel, maar hoe kon hy nou anders? Swak, ligsinnig en los van aard, hoe kon hy hom onttrek aan die vrolike geselskap van die dorpsvrinde, waar hy tuis heel selde die kans kry om hart en siel uit te praat onder sy soort mense? En is sy dorptoe-ryery dan nie sy enigste vakansie nie? En is dit dan so ’n groot sonde om eenmaal in die maand plesierig te word? Met sulke gedagtes het hy hom gewoonlik getroos. Maar vandag is hy al taamlik vroeg op pad na huis. Dit is of iets hom aanjaag, onrustig maak, en dié keer is dit die ernstige, somber Servaas wat daar anderkant die dorpsgronde teen die vaal hange uitslinger met sy kar. Die anders so gedagtelose en onverskillige Servaas is vol van vrees vir die toekoms—dit is of iets sy keel wil toedruk. Die sensuueeskokkende skilderinge van gruwelike oorloë wat hy vandag uit baie monde verneem het — bloedtonele, brand, verminkte liggame, honger, dors, perderuiters en bajonette — dit alles dans nou in wielende warreling voor sy gees en vererger die somberheid van sy gevoel,

namate die aandskaduwees oor hom en die eentonig-bleek velde neersak. Waarom sou dit vanaand tog so gou donker word en die swygende rande so naar, so onvrindelik lyk nes dreigende ongediertes? En werktuiglik wakker hy sy diere aan op die pad wat hom eindeloos toeskyn en spookagtig wegslinger daarvoor tussen die donker swartkoppe in, Rietfontein toe.

DIE NUWE REPUBLIEK VAN VRYHEID (1884-1888).

Na die Soeloe-oorlog in 1879 het sir Garnel Wolseley Soeloeland in dertien distrikte verdeel. Die politiek van verdeel en heers het eindelik tot tweedrag, onderlinge twis, en bloedvergiëting gelei. Die Britse Regering het derhalwe besluit om Cetywayo in sy vorige posiesie te herstel. Hulle het hom na Soeloeland teruggestuur en hom toegelaat om oor 'n groot deel van sy vorige grondgebied gesag uit te oefen. Die Regering het omtrent die helfte van die orige deel aan die kaptein Oesibeboe toegeken, en uit die orige deel 'n reserwe geskep, uitsluitlik vir naturelle bedoel, maar onder Britse beskerming.

Die outoriteite het Cetywayo vroeg in 1883 in sy ou hoofstad, Oeloendi, as koning van die Soeloes herstel. Die ou opperhoof kon geen mededinger duld nie. Hy het die kragtige steun van sy ywerige seun, Dinisoeloe, gehad, en hy het sy uiterste bes gedaan om sy gesag ten koste van sy buur, Oesibeboe, uit te brei.

Die gevolg was dat daar eindelik 'n oorlog tussen die twee opperhoofde uitbreek het. Oesibeboe het 'n skitterende oorwinning behaal, en Cetywayo was verplig om na die Britse reserwe te vlug.

Die vlugteling het daarop die hulp ingeroep van enige burgers wat in die suidooste van die Transvaal gewoon het. Ongeveer 'n jaar voor die insident het enige Boerfamilies uit die Transvaal na Soeloeland getrek,

want daar was uitmuntende weivelde vir hul vee. Die burgers het besluit om Cetywayo te hulp te kom, omdat hulle gevoel het dat hulle daardeur hul eie posiesie sou versterk.

Die koloniale sekretaris het 'n brief aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek gerig waarin hy teen die gedrag van die Boere geprotesteer het. Die Transvaalse Regering het 'n antwoord gestuur om die koloniale sekretaris te kenne te gee dat hulle hul nie met die inwendige sake van Soeloeland kon bemoei nie. Die Britse Regering het 'n weifelende houding aangenem en geen besliste stappe in die saak geneem nie. Insteede van die burgers met geweld uit te drywe, het die Britse outoriteit 'n agent gestuur om met die burgers in Soeloeland in onderhandelinge te tree. Die Transvaalse Regering het generaal Joubert na Soeloeland afgevaardig, maar hy kon die burgers nie beweeg om Soeloeland te verlaat nie.

In die tussentyd het Cetywayo, op aandrang van Dinisoeloe, sy skuilplek by Eshowe verlaat met die hoop dat sy vorige onderdane hom sou ondersteun. Daar was 'n aantal Britse troepe in Soeloeland, dog onvoldoende om die opperhoof in toom te hou. Oesibeboe het nogmaals teen sy mededinger te velde getrek, en hom 'n nog meer gedugte nekslag toegedien as op die vorige keer. Cetywayo het weer na Eshowe gevlug, waar hy 'n maand later, in Februarie 1884, oorlede is.

Die onvermoeide Dinisoeloe was egter gedetermineerd om die gehate Oesibeboe tot sy plig te bring. Drie maande later het daar weer 'n aantal burgers, waaronder Lukas Meyer en P. Spies die vernaamste was, na Soeloeland getrek. Daar was by die tyd 'n aansienlike

aantal burgers in Soeloeland, en 'n groot burgerkommando het te velde getrek om Dinisoeloe teen Oesibeboe te steun. Die onverskrokke opperhoof het soos 'n briesende leeu sy aanvallers ontmoet; maar dit was nodeloos vir die barbare om teen 'n gewapende burgerkommando weerstand te bied, en die gevolg was dat Oesibeboe die onderspit gedelwe het.

Die troebele op die suidoostelike grense van die Transvaal het die outoriteite by Pretoria heel wat hoofbrekens veroorsaak; want hulle het gevrees dat die Britse Regering hulle verantwoordelik sou stel vir die handelwyse van die burgers in Soeloeland. Die agerende president, generaal Joubert, het derhalwe 'n proklamasie uitgevaardig, waarin hy die burgers gewaarsku het dat hulle hulle nie met die sake van die naturelle moes bemoei nie. Die Boere het egter maar min notiesie gencem van die proklamasie. In dankbare erkenning het Dinisoeloe aan die burgers omtrent vyfduisend vierkante myle van sy grondgebied toegeken. Die onmiddelijke gevolg van die transaksie was dat die burgers 'n onafhanklike republiek in Augustus 1884 opgerig het. Dit was die oorsprong van die Nuwe Republiek van Vryheid. Die Boere het generaal Joubert uitgenodig om die pos van president van die nuwe Staat aan te neem, maar hy het die aanbod van die hand gewys. Die burgers het generaal Lukas Meyer toe eenparig as staatspresident gekies. Die konstitusie van die nuwe Staat het uit drie elemente bestaan: die Staatspresident, die Uitvoerende Raad, en die Volksraad.

Die stigting van 'n nuwe Boerrepubliek in Soeloeland het 'n groot opskudding in Engeland verwek. Die filantrope het die afgeleefde aantyging opnuut teen die

Boere gemaak dat hulle die wrede onderdrukkers van die onskuldige barbare is. Die kwessie het in die Britse Parlement onder bespreking gekom, maar Gladstone, die eerste minister, het 'n besliste houding ingeneem. Hy het met manlikheid verklaar dat Groot-Brittanje nie die saak van die Soeloes kon verdedig nie, want hulle het self die hulp van die Boere ingeroep. Mnr. Gladstone het al sy teenstanders stilgemaak toe hy verklaar het dat die teenwoordigheid van die Afrikaanse burgers in Soeloeland die inboorlinge sou belet om mekaar uit te roei.

Lucas Meyer en sy velgeling kon dus met nuwe moed en gervstheid hul hoofstad stig, waaraan hulle die gepaste naam van Vryheid gegee het. Twee jaar later, in 1886, het die Britse Regering die nuwe Staat op formele wyse erken. In Julie 1888, het die Transvaalse outoriteite die Nuwe Republiek by die Suid-Afrikaanse Republiek ingelyf.

DIE END VAN ONS WEG.

Omdat die dood so 'n regverdigte regter is dat ons hom nie kan omkoop nie, beskuldig ons hom dat hy onregverdig is.

Laat ons die Dood vandag vergesel op sy onafgebroke huisbesoek. Ons hoef nie bang te wees nie: hy sal ons nie raak voor ons tyd nie, en als dié kom, sal ons buitendien nie wegkruip nie.

Ons stap by die ryk man se deur in—sonder om te klop, want ons is onverskillig. „Wag, sê die ryk man. „Ek kan nie nou al kom nie. Ek het my hele lewe geslaaf vir die goed hier rondom my. Hoe kan ek hulle nou somarso verniet opsy gooi?” „Kom,” sê die Dood.

In die volgende huis hoor ons 'n beter rede. „Ek het 'n slegte lewe gevoer. Ek het jare lank my tyd vermors. Maar ek het tot inkeer gekom, ek is aan 't streef om die kwaad wat ek gedaan het te herstel en die goed wat ek versuim het nog te doen. Maar daar is nog baie te doen vóór ek gelyk is. Gee my nog 'n kans, ek kan nie so vertrek en so baie skuld hier agterlaat nie.” „Kom,” sê die Dood.

„Ek het die kennis van die mensdom verryk,” sê 'n derde. „My lewe was gewy aan studie en ondersoek. Maar daar is nog 'n oneindige Heelal vol geheime. Moenie my werk nou afbreek nie. My opvolger kan nie

daar begin waar ek opgehou het nie. Hy moet die hele lang opdraand-pad weer klim, en ek is nou hier om aan te hou verder." „Kom," sê die Dood.

Maar die swaarste vir ons is die kamers waar dit nie die sterwende is wat pleit nie, maar die nablywende.

„Kyk," sê die moeder. „Dit is my enigste kind. Jy het al die vader geneem. Is jy nie tevrede nie? Vat dan vir my liever ook saam."

„Ons is nog so kort getroud," sê die jong-gehude. „Ons het nog so min van mekaar gehad, en ons het mekaar so lief."

„Dit is ons broodwinner," sê die kindertjies. „As jy hom neem, sal ons moet honger ly. Wag tot ons self kan verdien—nou is ons hulpeloos."

„Nie ons beskermer nie,' 'sê die arme en verdrukte. „Jy maak 'n fout .Dit is ons goeie Samaritaan wat daar op die bed lê. Hy het sy eie leeftog aan ons gespandeer. Hy het sy stem laat hoor in die raad van ons land en die gewete van die welgestelde wakker gemaak. Hy is ons enigste kampvegter, ons kan hom nie mis nie."

„Sal jy dan hier deur die digte skare dring, o Dood?" sê die stem van 'n wenende volk. „Vat een van ons—vat tien duisend van ons—maak jou eie keus. Maar laat hom bly. Hy is die vader van sy land. Hy is ons beminde staatsman wat ons volk uit die modder gehelp het. Hy is ons Hervormer en Redder. Ons het niemand om in sy plaas te stel nie."

Maar die Dood is aan dié smeekstemme gewënd. Hy redeneer nie, hy antwoord nie. „Kom," sê hy. Die skurk is vir hom nie te sleg nie, die heilige is vir hom nie te goed nie. Die wysgeer is vir hom nie te slim nie en


die idioot nie te dom nie. Of jy klaar is, is jou saak; nie syne nie. Sy Wetboek is daar, en dis nie vir hom om na te gaan of die Wetgewer ander bepalinge kon gemaak het nie. „Kom,” sê hy; en hulle gaan. Hulle, en jy en ek.

WYSHEIDSFONTEIN.

Laat ek julle die storie vertel van oom Wysheid, en hoe hy baie in boeke gelees het omtrent hierdie dinge wat ek julle van vertel het, en hoe hy toe besluit het om self uit te vind of dit waar was wat in die boeke staan.

Die boeke het gesê dat 'n mens nie altyd kan aanhou om dieselfde gesaaide op 'n land te kweek nie, toe het oom Wysheid besluit om eers een gesaaide te saai en dan weer 'n ander.


Hy het sy landcrye op hierdie manier verdeel:—



Jaar na jaar het hy sy gesaaides omgeruil, en volgens die raad van die Proefplaas het hy tegelykertyd mis en kunsmis gebruik om die plantvoedsel weer terug te kry wat die oeste uit sy grond weggeneem het. Op geen land het dieselfde gesaaide twee jaar na mekaar gegroei nie. En so het oom Wysheid geleer dat dit werklik waar is dat sy lande 'n beter opbrengs lewer wan-

neer hy die gesaaides afwissel as wanneer dieselfde gesaaides jaar na jaar op 'n land staan .

,Hy het toe vir sy bure vertel van die lesse wat hy geleer het. Party kon nie insien dat oom Wysheid se plan goed was nie. „Ek ploë, saai en oes,” sê die buurman, „en die Voorsienigheid doen wat nog meer nodig is.”



Om jou land van siektes vry te hou, ruil jou oeste om.

„Jou grond,” so antwoord oom Wysheid, „jou grond produseer nou goeie oeste sonder bemesting omdat daar vir eeue lank al plantvoedsel in gebêre word. Maar al is dit nou ook hoe vrugbaar, sal jou grond tog eindelijk uitgeput raak. Die boer wat nie weet hoe om hierdie uitputting teë te gaan nie, is net 'n onwetende

saai- en maaimasien, en hy is nie in staat om vooruit te kom nie. Sonder die kennis wat slim geleerde mense nou opgedaan het, sou die boer afhang van die genade van slegte jare en siektes. Waarom moet die boer die enigste fabrikant wees wat die gevolge van sy werk aan die geluk oorlaat? Ander fabrikante ken en doen hulle werk so goed dat hulle byna presies weet wat die uitslag sal wees van hulle voorbereidinge. Waarom moet daar



SWARTVROT IN RAPE.

Ontkleuring van are en geleidelike afval van blare. Die are verkleur en die blare val stadigaan af. Om hierdie siekte te voorkom, wissel die oeste af en ontsmet die saad met kwikloriede (K). Hou saadakkertjies dop en vernietig besmette saailinge.

in die boerdery, wat tog die steunpilaar van alle ander industrieë is, soveel aan die geluk oorgelaat word?"

„Maar,” sê 'n ander buurman, „ek kan my gesaaides nie afwissel nie, want ek wil graag elke jaar dieselfde oeste hê.”

„Nou reg,” was die antwoord, „ek wil ook dieselfde soorte graan.” Hy het toe aan die buurman uitgelê hoe die plan werk. Alhoewel elke land 'n ander gesaaide het

as die wat verlede jaar daarop was, produseer die hele plaas tog jaar na jaar dieselfde oeste. Elke jaar dra een van die lande gesaaide A, 'n tweede gesaaide B, 'n derde gesaaide C, en die vierde gesaaide D. Die gesaaides word so omgeruil dat B altyd na A op 'n land kom, C na B, D na C, en A weer na D.

Vierde Jaar.

D	A
C	B

Derde Jaar.

C	D
B	A

Tweede Jaar.

B	C
A	D

Eerste Jaar.

A	B
D	C

Toe die bure die plan beter verstaan, sê hulle: „Oom Wysheid. Jy wissel gedurig gesaaides af: ons sal jou manier van boerdery die „Wisselbou” moet noem.”

Oom Wysheid wou graag weet waarom sy plan so goed geslaag het; toe het hy dieper in die nuttige boeke gelees en geleer omtrent die maniere waarop plante van mekaar verskil, en hoe dit sy goeie resultate moontlik maak het.

Hy het geleer dat party plante met vlak wortels naby die oppervlakte van die grond hul voedsel kry, terwyl ander plante met lang wortels dieper hulle voedsel gaan haal. Alle soorte plante het ook nie dieselfde dinge nodig nie; een plant het meer van 'n bepaalde soort voedsel nodig as 'n ander. Terwyl die vlak-wortelgesaaide op die land staan, hou die ondergrond vakansie, en dan versamel plantvoedsel stadigaan daarin. Daarna word diep-wortel-

plante gesaai, wat voedsel ver onder in die grond gaan haal. En terwyl die diep-wortelgesaaide groei, het die boonste grond weer kans om te rus en om voedsel voor



MIELIEROES.

Om jou land van siektes vry te hou, rui jou oeste om te berei vir die tyd wanneer dit weer die vlak-wortelgesaaide se beurt is.

Naderhand het die bure bymekaargekom om van oom Wysheid te hoor hoedat die wisselbou eintlik in die praktyk werk.

„Dis vir my onmoontlik,” so begin hy, „om 'n sisteem

aan die hand te gee wat almal net soos dit is, kan aanneem en volg; want nadat julle alles gehoor het wat ek te vertel het, sal julle insien dat 'n wisselbou wat vir een plaas baie geskik is, miskien glad nie op 'n ander kan toegepas word nie. Elke boer moet self besluit watter sisteem vir sy plaas geskik is. Maar laat my julle vertel van die Norfolk-vierjaar-wisselbou—'n plan wat vir jare lank al in een deel van Engeland met goeie resultate gevolg word. Luister mooi na die beskrywing, en laat my toe om op 'n paar van die sisteem se voordele te wys. Dit sal julle miskien help om planne uit te dink wat geskik sal wees vir julle eie plase en benodigdhede.....

Hy het toe 'n tekening op die bord gemaak wat die volgende wisseling voorstel:—

Eerste Jaar : Wortelgewas, soos mangelwortels.

Kry mis en word gewoonlik gedeeltelik op die land opgevoer.

Twede Jaar : Gars.

Derde Jaar : Klawer en Gras.

Vierde Jaar : Koring.

Vierde Jaar.

Koring	Wortelgewas
Klawer en Gras	Gars

Derde Jaar.

Klawer en Gras	Koring
Gars	Wortelgewas

Twede Jaar

Gars	Klawer en Gras
Wortelgewas	Koring

Eerste Jaar.

Wortelgewas	Gars
Koring	Klawer en Gras

„Een voordeel van hierdie sisteem ,” lê oom Wysheid uit vir sy bure, „is dat die werk mooi egaal verdeel word onder die jaargety, en dat die boer met min gereedskap en werkdiere kan klaarkom. Dit lewer volop

voer vir die boer se vee en genoeg graan om te verkoop. Die strooi is nuttig vir kooigoed, en op die manier word dit weer mis.

„As al die graan en al die vetgemaakte diere verkoop word, sal die grond natuurlik naderhand maer begin word; dit sal gebeur, al word daar ook baie plantvoedsel teruggegee aan die grond in die mis van beeste wat met die hooi en wortelgewasse gevoer word. Maar gewoonlik voer die boer sy beeste ook met hawer, katoen-saadkoek, ens. Hierdie soorte voer word gekoop wanneer die graan mark toe gaan...dus kom die waens met 'n vrag terug van die stasie of van die dorp. Die hawer en oliekoek help weer om plantvoedsel in die grond te maak, nadat die diere daaruit gehaal het wat hulle nodig het.

„As 'n Norfolk-boer hawer en oliekoek voer saam met die mangelwortels en hooi wat op sy plaas gewen is; as hy al die strooi as voer of kooigoed gebruik; en as hy al die mis laat terugry na die lande, dan sal so 'n boer feitlik jaar na jaar sy grond ryker maak, al verkoop hy ook al sy gars, vetgemaakte beeste en skape, en wol.

„Nog 'n voordeel van hierdie sisteem is dat die land skoongemaak word. Die wortelgewas word maar eers laat in die jaar gesaai, sodat daar baie tyd is om te ploë en êe. Gedurende die hele groeityd van die wortels word die grond gedurig met skoffels skoongehou. Hierdie gesaaide gebruik baie plantvoedsel.—Daarom word die meeste mis daaraan gegee. Nog 'n rede is dat die volgende gesaaide ryk, los en goedbewerkte grond nodig het—veral terwille van die fyn saadjies (klawer en gras) wat gesaai word kort nadat die gras op is.

„Baie maal word skape op ligte grond toegelaat om

die hele worteloes of 'n gedeelte daarvan af te vreet. Hulle bring mis op die grond vir die volgende gesaaide; en dit doen die grond goed om bietjie vasgetrap te word.

„Die klawer en gras lewer hooi vir die vee.”

Verder het oom Wysheid uitgelê hoedat die wisselbou hom geleer het dat dit dwaas is om al 'n mens se oeste te verkoop. Nou bêre hy party van die oeste vir sy vee, om in die winter te vreet, en dan verkoop hy die vet vee in die voorjaar. Hy laat op die manier sy oeste op vier pote mark toe loop. Baie van die kos wat op die plaas gewen word, bly dus agter in die mis. Die mis hou die grond in goeie kondiesie en vorm eersteklas-saadakkertjies.

Eerlank het die bure begin merk dat oom Wysheid gou ryk word, terwyl hulle maar net soos voorheen aansukkel. Dieselfde mense het hom eers uitgelag omdat hy so vas in die boeke geglo het!

„Hoe is dit dan dat jy so vooruit boer?” vra een van hulle. „Ek dink, jy moet meer vir arbeid uitbetaal as ek.”


„Dis waar,” was die antwoord, „maar ek betaal minder vir saad, want ek gebruik 'n saaimasien, en jy saai nog maar altyd uit die hand.”

Oom Wysheid se oeste was soveel beter as sy bure syne dat hulle hom geen antwoord kon gee nie.

Maar hoe kon dit dan gebeur dat hy profyt gemaak het waar hulle baie min of glad nie voordeel behaal het nie? Dit sal maar seker gewees het dat hy baie gelukkig was. Terwyl hulle oeste (wat jaar na jaar op dieselfde lande groei) deur siektes verniel is, waar hulle geen raad voor kon kry nie, was oom Wysheid syne heeltemaal gesond.

„Hoe lê jy dit uit,” vra een, „dat jou rape geen wortelwelsiekte het nie en ons syne is vol daarvan?”

„Die klein grondtiertjies (hulle word swamme of skimmels genoem) wat sulke siektes veroorsaak, kan net op sekere wortelgewasse lewe. Elkeen van my lande het maar net eenmaal in vier jaar 'n raapocs gedra; toe het



Die beplanting van mielies met 'n saamasien.

die siekteswam intussentyd van honger doodgaan. Ek het ook gelees dat sulke swamme net in suur grond kan lewe; toe het ek maar kalk op my lande gegooi om seker te wees dat hulle nie sou kon lewe nie.”

„Maar waarom,” so vra 'n ander buurman, „is daar vanjaar so min bossies in jou koring? My koringland staan vol wilde-mosterd.”

Omdat ek my land skoongemaak het," is oom Wysheid se antwoord. „Toe daar mangelwortels en mielies op die land was, het ek 'n kans gehad om die vuilgoed tussen die rye met die skoffelploeg dood te maak. Dit is ook die rede waarom my koring so mooi staan. Ek het nie toegelaat dat vuilgoed die plantvoedsel wegneem wat vir my koring bedoel is nie."

„En waarom het jy dan daardie roller gekoop?" vra 'n ander buurman.

„Ek het eenmaal 'n storie gelees," so vervolg oom Wysheid, „van 'n Engelse bywoner wat vreeslik kwaad was, omdat die baas van die grond met sy perde en honde agter 'n jakhals aan oor sy koringland geja het. Hy het uitbetaling vir die skade geëis en ook gekry. Maar na die oes het hy die geld weer gaan teruggee aan die grondeienaar, omdat daar glad geen skade gedaan was nie. Op die vastgetrapte gedeelte van die land het hy tweemaal soveel koring gewen as op die res—daarom het ek nou ook 'n roller gekoop om my koringsaad vas te trap."

Buiten die landerye waarop oom Wysheid sy gesaaides afgewissel het, het hy ook nog veld gehad waar sy beeste op gewei het. Jaar na jaar het hy meer en meer van die veld geploë om grassoorte te saai wat goed in sy distrikt beantwoord, totdat al sy weiveld naderhand vol gestaan het van die goeie gras.

Elke voorjaar het die bure hulle veld afgebrand, maar oom Wysheid het dit nooit gedaan nie. Stadig—aan kon sy plaas meer en meer vee kos gee, terwyl die bure van hulle vee moes wegmaak. Toe hulle hom vra waarom hy nooit gras brand nie, was sy antwoord: „Daar is twee soorte gras op die veld—growwe gras en

fyn gras. Die vuur maak elke jaar die fynste en beste gras dood en laat net die growwe gras oor. Ek het gedink dat dit beter sou wees om fyn gras op my weiveld te saai, dan is dit glad nie nodig om gras af te brand nie.”

Eendag, toe ek op oom Wysheid se plaas was, was hy juis besig om mielies te êe wat al 'n halwe voet hoog gestaan het; die eg het natuurlik party van die mielies uitgetrek. 'n Buurman wat ook net daar uitgespan was, het die oubaas uitgelag, omdat hy so dom was om sulke groot mielies te êe. Al wat oom Wysheid geantwoord het, was dat die eg een van die voornaamste en nodigste werktuie op die plaas was. Kort daarna het daar 'n groot droogte gekom, en oom Wysheid se mielies was die enigste in die hele distrik wat nie doodgegaan het nie. Met die eg het hy die nodige voorraad water in die grond gehou. En die buurman wat hom uitgelag het? Sy mielies het ook so verdroë dat hy by oom Wysheid saadmielies moes kom koop!

I.—DIE EERSTE BOER LAND IN PATAGONIË*.

Die maand Augustus was al byna uit, die sonnetjie klim al elke dag 'n bietjie hoër oor die noordelike horizon, maar die wind waai tog koud uit die binneland, waar die heuwels nog duidelike spore van 'n streng winter dra. In die klowe het die kapok ook nog dik gelê. In daardie maand, van die jaar 1902, was dit dat die eerste Boer, ons noem hom maar hier Voortrekker, sak en pak op die onherbergsame kus van Patagonië afgesit is. Met sonder staan hy op die strand, alleen, terwyl hy met 'n blik van weemoedige verlangete 'n stoomskip nastaar. Behaaglik waai 'n Spaanse mantel oor sy bree skouers. Agter hom word dit skemerdonker; net oor die see gooi die sonstrale nog 'n laaste groet, asof hulle 'n goeciennag na die ooste wenk. Enige myle ver in die see vertrek 'n skip in sy koers na die verre suidpunt van die nuwe wêreld. Volgens die donker wolk van steenkoolrook wat bo-oor hom hang, lyk dit of daardie produk van menselike kuns heel voldaan is met homself, nou, dat hy die waaghals van 'n Boer afgegooi en aan sy lot oorgelaat het. Naas 'n sterwende vuur en gewikkel in 'n paar karosse het die jong Boer op 'n hoop bossies gaan lê om sy vermoede liggaam die nodige rus te gee. Vir sy perde was daar volop te vreet, want tussen die bossies staan die vroeë opslaggras lowergroen. Om-trent dagbreek het die Voortrekker wakker geskrik van

*) Uit mondelinge oorlewering van hoe die eerste Boer in Patagonië aangekom is.

die gesnork en die rondspring van die perde en toe hy met die geweer in die hand orent kom, skuil 'n puma agter die mala espina weg. Daardie was die eerste leeu wat 'n Boer op die plek, waar vandag 'n groot stad staan, doodgeskiet het. Die volgende môre het die moedige Voortrekker meer tyd gehad om die landskap in sy onmiddellike nabyheid in oëskou te neem. 'N groot rand met kaal regop punte staan ongeveer aghonderd tree van die strand; groen bossies wat in daardie tyd van die jaar lang, sagte lote gee, groei dig aanmekaar in die klowe en laag teen die rante aan. Nou dat die water weggetrek is, was dit duidelik dat die baai baie ondiep was. Die kaptein van die skip het eindelijk 'n noodlanding gemaak, want hy wou eers verder noord ingery het. Die baai daar was dieper as hier, maar meer blootgesteld aan die slag van die westewind. Van hoe groot betekenis dit was dat die eerste kolonis hier by Punta Borgas en nie daar bo by Punta Marquez, 'n plek wat nou Vissersbaai heet, moes land, sal ons later sien. Dit was bloot toeval, maar vir die toekomstige bewoners van die streek was daarin 'n groot geluk in opgesluit. Uit die see styg daar die oggend 'n aangename seelug op, want die sterk landbries het gaan lê. Die vars, koel, skoon reuk van see-grasse, 'n reingewasse strand en blootgestelde seebodem was so verfrissend aanlokkend dat die eensame Voortrekker voor hy dit gewaar word, ver langs die strand af gewandel het. Sierlik kronkel die spierwit sand om die buiging van die strandsoom, terwyl die water op gelyke oewer hier en daar ver uitstoot en plek-plek blink dammetjies agterlaat. Min wis hy toe dat na enige jare hierdie selfde stuk strand 'n soort Brighton sou word, waar motors oordag en ook by elektriese verligting snags op die sand verby sou rol! Daarop voorberei dat

daar geen water naby die kus sou wees nie, het die Boër vroeg die môre gepak en na die binneland getrek. Op sy rit het die Voortrekkersgees in hom ontwaak en begin hy groot dinge te droom. Goedbekend met die geskiedenis van sy volk het vir hom nou uit die verlede opgedoem die lang rye bokwaens met wit tente wat omstreeks 1834 die binnelände van sy eie geliefde vaderland ingetrek is. Die geskiedenis herhaal hom, dink hy, en toe kry hy 'n gesig van 'n heerlike land van vleie en riviere, van diep klowe en hoë berge en gras aan sy voete wat tot aan die perd se pens sleep! Toe kom ook, al gaande, by hom op die awontuurlike stories wat hom reeds vertel is, van inboorlinge in die verre binnelände met duisende skape, beeste en perde wat hulle vir negosie wil verruil. Die eerste voortrekkers het selfs van cindades encantadas, towerstede van rykdom gehoor, waar 'n mens skatte in weinige jare verkry. Geen wonder dat die Voortrekker se hart vinnig klop, as hy in gesig kom van hoër rante, waar die kapok soos bont vlekke gepak lê. En daarby die gedagte dat hy nou 'n nuwe wêrelddeel gaan sien, dat hy ook aan 'n grootse opdrag voldoen en dat hy reeds al 'n waarborg in sy sak dra dat sestig van die mooiste plase syne sou wees, dit alles het inspirerend op hom gewerk. Die groot doelwit wat hy hom voorgestel het, sou weldra verwesenlik word! Die moedige reisiger was nog geen ses myl van die kus verwyder nie of hy kom tot die ontdekking dat 'n mens daar maar 'n flou denkbeeld kry van wat die binneland aanbied. Meer as een voor hom het Patagonië 'n verwenste land genoem, omdat hulle nog almelewe die land na die droë en kaal kusstreek beoordeel het. Maar nou verbaas hy hom dat daardie uitstekende veewêreld, veral in die maagdelike toestand, waarin hy dit in daardie tyd aantref, onbewoon

gebly het en bestempel word as 'n dor woestyn! Na hy vir twee uur so voortgery het, saal hy in 'n breë vlei af, waar water en gras volop was en biesies en riet jeugdig groen staan. So het die riet en ruigte, weet ons, in vroeër jare ook in menige plekke in ons eie land gestaan en daar waar vandag besige dorpe is daar het vroeër wildebeeste op die ruige gras gerol. Toe die jong Boer later links opgaan en die vleie soos diep klowe na alkante uitsprei, het hy hom begin afvra of dit nodig was om verder te gaan en of hy nie hier die eerste pen sou inslaan om sestig plase vir die eerste sestig Boerfamilies te laat afmeet nie? Nee, hy was gekom om die land te besien, „hoedanig het land zij, of het vet zij of mager, of er bomen in zijn of niet,” dus sou hy voortgaan en al hoër tussen die klowe indring om alles grondig te ondersoek. Of dit nou 'n vet jaar was wis hy nie, maar die veld was pragtig en water volop. 'N doolhof van klowe wat breed van die see af oploop, word toe al nouer en die rante hoër, 'n seer eenaardige landsformasie wat weer bewys dat die see vroeër hier was. So met verdrag loop die klowe (kanedones) na boontoe dat hy hom met sonder byna ongemerk op 'n hoë tafelberg (pampa) bevind. Hiervandaan had hy by 'n deursigtig helder luggesteldheid 'n vergesig oor al die klowe en heuwels na die see toe. Daar gunter, ruim 36 myl ver, lê die oseaan uitgestrek, oneindig, soos 'n tweede blou hemelrond. Terwyl hy van die Nebo sy begerige oog ongehinderd op die beloofde land hou, kom by hom ruim drie honderd guanacos die rant uitgestap, groot vet diere wat ongehinderd tot nog toe die velde afgevreet het. Toe die laaste strale agter hom purperrooi oor die heuwelrhye skitter, en donker skaduwees in die labirint van kanedones werp, daal die reisiger in die naaste kloof af om

daar te oornag, want die volgende dag moes hy die pampa oor om die land dieper in te gaan. Dis wonderlik wat die inspirasie van 'n groot opdrag kan doen. Om so op eie inisiatief 'n weg te vind, waar alle gewone middels, soos bekende paaie, ontbreek, grens aan die onmoontlikhede, was dit nie dat 'n man in wie groot vertrouwe geplaas is, daardeur inspirasie ontvang. Toe Louis Trigardt en andere Voortrekkers wilde gedierte en barbare getrotseer het om 'n nuwe land te soek, was dit ook die groot idee wat hulle bemoedig het. Hier ook, as die Voortrekker aan die groot moontlikhede wat in sy sending opgesluit is, dink, dan voel hy hom sterk en gaan moedig van dag tot dag voort om sy grootse plan verwesenlik te sien. Wat die hang van die pampa na die seekant toe betref, daarvan was hy nou seker dat die plase daar goed is. Selfs 'n duisend morg sou genoeg wees vir 'n man om 'n goeie bestaan te vind..... Wat hy nou deurreis het, was wat vandag bekend is as Colonia Escalante of die Boer-Kolonie. Maar die lotgevalle van die kloek Voortrekker sal ons nie verder volg nie; ons weet ook hoe die binneland daaruit sien. Genoeg dat hy enige maande daar deurgebring het, en eindelik, na hy 'n seer gunstige rapport oor die strek uitgebring het, verkry hy die gewenste stuk land van die Regering.

Afskrif van Dokument oorhandig aan Voorman van Immigrante uit Suidafrika :—

Argentynse Republiek

Buenos Aires,

Minister van Landbou.

Januarie, 19—

Stigting van 'n Kolonie.

Ek sertifiseer dat die Minister van Landbou beskik het oor die reserwes van die gedeeltes van grond A. B. C. D. van Seksie D I. en oor die vrye persele van die gedeelte D II. en oor die gedeelte A en B van Seksie

E I, nader omskrewe in die aangehegte sketsplan, in die Chubút-grondgebied,..... bestemd vir die huisgesinne wat van S. Afr. kom. Aan elke kolonis sal verkoop word 'n plaas, groot één legua (2,500 H.A.) teen die prys van een peso nasionaal ($\frac{1}{8}$) die H.A. benewens die koste van opmeting (ses centavos die H.A.) Die vorm van betaling sal wees as volg: die eentiende deel benewens die meetkoste, kontant en by die ontvangs van die provisionele koopbrief, en die res in vyf gelyke jaarlikse afbetalings met die rente van ses persent per annum..... Die kopers van die grond sal verplig wees om dit persoonlik te bewoon, met eie kapitaal. Hulle moet binne die eerste twee jare na die toesegging invoer: 400 skape of bokke of wel ook tagtig koeie, met die geboue en toebehore wat die eksplorasie daarvan vereis; en hulle moet honderd bome plant. Wanneer die kondiesie van okkupasie en bevolking van die plaas nagekom is en wanneer die totaal van die waarde betaal is, op die wyse en die terme soos voorgestel, sal die goewerment beskik dat vol eiendomsreg verleen word. Die koloniste sal deur die goewerment kosteloos vervoer word van Buenos Aires tot op hul plase in Chubút; ook sal die Regering kosteloos vervoer vier stuks groot vee en vyfmaal soveel klein vee, asook alle verskillende benodigdhede, soos sink en hout, rytuie, ens. wat die wet toelaat om vry van invoerbelasting deur die Immigrant ingevoer te word. Die koloniste, as Immigrante, geniet alle voorregte deur die Wet op Immigrasie toegeken.

Gegee te Buenos Aires, Jan 19—

Carlos Hargurez,

Sub-Sekr.

Get. Juan S. Goniez,

Sekr. Buitenlandse Sake.

II.—DIE AANKOMS VAN DIE EERSTE TREK.

Die *Guardia Nacional*, 'n transportskip van die Argentynse Republiek, het in 1902, begin van die jaar, die eerste trek op die strand van Patagonië by Punta Borgas afgesit. Daarby was hul leier, Lewis Bauman, dan John Coulter, Calvert, J. Behr, Edzard Grimbeek, J. Stegman en ander. Party het toe al famielies by hulle gehad, maar die meerderheid was jongkêrels wat hul fortuin in die vreemde gaan beproef het. By die eerste klompie was ook 'n Kolonel Richardie wat lank in Pretoria gewoon het. Deur hy Spaans goed kon praat, was hy hulle in die begin tot groot hulp. *) Eén van die trekkers het destyds aan 'n vrind geskrywe: „Die eerste indruk wat ek van die land gekry het, was seer ontmoedigend: kaal rante met hier en daar groot sandrotse wat dreig om na benede te stort; ja so onaantreklik is die kus dat 'n mens kan dink dat hierdie deel van die skeping nog onvoltooi is en dat daardie kaal berge hopies sand is wat die Skepper (met eerbied) nog oor had, toe Hy die aarde klaar had.” †) Die Argentynse Regering het die koloniste ongetwyfeld van die begin af op edelmoedige wyse behandel, en lank daarna word nog met lof gepraat van die hulp en gasvryheid wat die Boere

*) Camilo Richardi was 'n interessante figuur in die Boeroorlog. 'n Skrywer Hilligas sê, hy en Generaal Botha word beskou as die mooiste kêrels in die Boerleër! Richardi was boonop nog iemand wat oorlogmaak liefgehad het en 'n dapper vegsman.

†) In Januarie is die groen opslag al verby en dan is die kus soos hierbo aangedui.

te beurt geval het. §) Maar dit sê nie dat die koloniste van hul kant werkloos was, of dat hulle alles van die landsbestier verwag het nie. Nee die eerste trekkers het, b.v. dadelik pik, graaf en koevoet gevat en met eie hande 'n pad na die binneland gemaak. Vir base om soos knegte te werk was natuurlik geen geringe saak nie, maar dit het nietemin gebeur dat die baanbrekers van 'n Boerkolonie in koue en hitte die onmisbare pad in die woeste gekap het. Die streek waarlangs hulle die kus moes verlaat, was uiters moeilik en daarby moet 'n mens ont hou dat die Emigrante nie landmetersinstrumente vir opmetings had nie, maar hul pad was, soos daar baie by ons is, een wat die deur ondervinding geleerde Boere met sy skerp oog langs rante en deur klowe uitgekyk het. *, Toe het hulle weer die eerste huise van hout en sink in die klowe opgeslaan en die storms van sneeu en reën afgewag. Binne weinige jare het die kolonie, een deel, tenminste daarvan, soos 'n ander Vrystaat, 'n tweede model-kolonie in aansyn geroep. Die klein plantasie kry toe ook die seer gepaste naam van Colonia Escalante, die opgaande kolonie. In 1903 is daar 'n tweede trek aangekom onder C. J. N. Visser. Daarby was ook Lewis le Grange, Theuns Bester, Abraham Greyling. Theuns Trigardt, Stoffel Myburgh (Komdt. van rebelle gedurende die Oorlog) en nog 'n groot aantal famielies. Met hierdie geselskap is ook saamgekom Ds. L. P. Vorster, tans lid van die Volksraad. By geleentheid van die tweede trek het die Afrikaners nog op die skip onder leiding van gemelde Predikant, hulself tot 'n klein ge-

§) Die klagtes oor die landsbestier wat destyds uitgebasuin is, betref enkele amptenare wat hul mag misbruik het.

*) Dat dit daar soms broekskeur gegaan het bewys enkele name op die grootpad: beenbreek, remhoogte, bolshoogte, duiwelskantoor, brandsiekteberg.

meente georganiseer om later onder een of ander kerkverband in te gaan. Die heer Visser vind toe dat die sestig plase, wat tot nog toe as kern gedien het, spoedig te klein sou wees en neem toe stappe om by die Regering aan te dring op uitbreiding. 'N jaar daarna is vierhonderd plase tot die kolonie toegevoeg. Na al die goeie gerugtes oor die nuwe land, was dit geen wonder dat veel mense, na die swaar tye kort na die oorlog, aan trek begin dink het nie. Was dit nie dat die Afrikaner seer geheg is aan sy land en dat die wye Afrika tog pei slot van rekening vir hom oop lê nie, dan sou daar dalk 'n groot éksodus, 'n tweede Groot Trek, plaasgevind het. In Argentinië self het seker omstandighede meegewerk soos 'n langdurige droogte en een of ander misverstand met betrekking tot die verkry van plase, waardeur die trekgees 'n bietjie verminder het. Teen die end van 1905 het die grootste en bes georganiseerde trek onder M. M. Venter, L.V., plaasgevind. Daar hierdie aanvoerder onder die trekkers 'n gesiene man was, het hy dadelik veel aansoek gekry van mense wat wou meegaan. Veel arm mense is op onkoste van rykes gegaan op voorwaarde, natuurlik, dat die armes vir die rykes moes werk om op die manier hul passaat terug te betaal. Daardie reis was die veel besproke onderwerp vir jare daarna, want die ontberings was groot. Iemand het daardie dae 'n brief geskryf, waarin die volgende voorkom: „Org de Beer wat vir niks bang is nie, is eendag deur ons afgevaardig om met die kaptein van die skip oor die koffie te praat. Soos jy weet kan 'n mens aan enige ding van 'n Boer vat, maar net nie aan sy koffie nie. Nou ja, in die hoofoffisier se kajuit het Org die kan koffie voor hom in glase afgetap; dit was vol fyn aartappelskilletjies! Die koks het die dag tevore ,aartappels met baadjies'

gekook en die volgende oggend het hulle met die moerwater koffie gemaak!"..... Na 1905 is daar nog altoos klompies oorgegaan tot hul getal miskien altesaam een duisend was. Maar terwyl die uittoeg na Argentinië nog aan die gang was, was daar al weer mense wat die land gesien het en ontevrede na Suid-Afrika teruggekeer is. Na enige jare egter, was die koloniste behoorlik gesif en die helfte wat agtergebly het, is goed vooruitgegaan. Die Emigrante wat hardwerkend en oppassend was, het gou die luies en verkwisters vooruitgestreef. Daar is iets aantrekliks verbonde aan die stigting van 'n nuwe kolonie. Net so romanties dit is om 'n nuwe streek in te trek en 'n geskikte plek vir 'n nedersetting uit te soek, so is dit interessant om self deel te neem aan die planting en uitbreiding van 'n kolonie. Maar 'n mens moet darem weet dat al die mooi dinge nie tot stand kom sonder stryd of onderlinge verskil nie. Hier geld die spreuk natuurlik ook: veel hoofde, veel sinne. Verskil was daar veel, onder die Boere onderling, maar ook weens nuwe elemente, Spanjaarde, Italiane, ens. wat langamerhand die nuwe Eldorado ingestroom is. Om sulke totaal oneensgesindes oor gewigtige punte eensgevoelend te laat dink en handel is byna 'n saak van onmoontlikheid. Nieteenstaande dit was die vooruitgang wonderlik snel. Eers is alles op klein skaal gehou, maar toe die mense begin inkom, word daar orals vrederegters, polisie, posmeesters, en onderwysers aangestel; al wat tot grierf en vooruitgang van die aangroeiende bevolking was, word dadelik behartig. Kolonisasie en nie verowering nie, moet die leus van die volk wees. Daar is geen beter landsverowering nie as op 'n vreedsame manier na 'n ander land te gaan en daar, gehoorsaam aan die wette van die land, saam met die vreemde volk te lewe. Die

Emigrant bring nie alleen sy kapitaal, waarmee hy die land ontwikkel nie, maar hy het in sy geboorteplek kennis en kundigheid opgedoen wat vir sy nuwe tuiste van groot waarde is. Dis 'n saak van gee en neem, en daarom, as daar ooit 'n ryk van bevrinde volke sal tot stand kom, dan sal dit op die manier wees van kolonies uit te stuur.

LOOP EG JOU LANDE.

Toe die droogland-deskundige, mnr. Du Toit, die Verenigde State van Amerika verlaat het, het hy vir een van die groot droogland-deskundiges daar gevra, of daar nou miskien nog 'n geheim in droogland-boerdery is, wat hulle nie vir hom vertel het nie.

Die drooglanddeskundige sê toe : „Nee ou seun, ons het nie landbougeheime nie, en ek dink, ons het vir jou alles vertel en gewys wat ons self weet, maar ek wil jou darem nog 'n persoonlike geheimpie vertel en dit is : Jy moet nooit vergeet dat daar so'n ding in die wêreld is soos 'n eg nie.

„Kan jy nie slaap in die nag nie, loop eg jou lande.
Het jy tandpyn, loop eg jou lande.

„Breek jou been, loop eg jou lande, want dan doen jy tog altyd 'n goeie ding. Jy sal nooit spyt wees dat jy ge-eg het nie.”

Die Professor wou maar net te kenne gee, hoe noodsaaklik dit is dat ons grondkometers in orde moet wees voor ons saai

OORLOG.

Is 't oorlog? . . . In oom Koos se huis
woel almal net om klaar te kry.
Daar word geslag weer en gebak,
en buite voor die agterdeur
trek reeds die seuns die bokwa reg
om op te pak.

Die harte voel nie lekker nie,
die woorde is angstig-min geword —
soos steeds by donker voorbesef,
by ydel en vergeefs gevraag
van hoe en waar
d'ontwaakte lewenslot sal tref.

Lughartig praat 'n enkele seun
hoe hy die Engelsman sal skiet,
maar moeder maan: my kind, my kind!
Die seun wyk willig vir die woord,
want, ja, daar was 'n kleinigheid,
wat hy nog aan sy saal wou bind!

Dis haas gereed . . . Daar kom hul aan,
die burgers van die omtrek, want
oom Koos die is nog veldkornet . . .
Straks staan hul, teuel in die arm
en met geboë hoof,
want een gaan voor in smeekgebod

Die vrouens staan effens opsy
 met arrems oor mekaar gevou,
 nou dat hul taak is afgedaan.
 Nou kan hul eers hul smart besef,
 en enkle droog met voorskoot-punt
 al d' eerste oorlogstraan.

Dan skuif en skok, met gang en draf,
 die burgers op hul perde weg —
 dit lyk somar 'n mengelklomp!
 Maar tussen hulle flikker-blits
 geweldig in die lenteson
 die blinkgemaakte mouser-tromp!

Oom Gert wat hom meer thuis voel by
 dié ruiterskaar, en aan oom Koos
 sy krygsmansdiens het aangebied, —
 die luister hoe die jongspan in
 hul oorlogsblydskap sing
 die klanke van 'n oorlogslied:

Kom, burgers, trek die perde reg;
 nou vrou en kind goeiendag geseg.
 Jongkêrels los die nôi se hand
 en seuns verlaat jul moeders, want
 daar gaan 'n strydrop deur die land!
 Gryp nou die teuels bymekaar —
 die vierkleur is weer in gevaar!

Die regterhand gryp die visier.
 die bors oorkruis 'n bandelier;
 die spore in die sonskyn blink,
 stiebeuels teen mekaar weerklink.

die ketel aan die saal rinkink.
 Kom, burgers, hou nou bymekaar —
 die vierkleur is weer in gevaar!

Laat aan die trippelaar sy pas,
 maar hou die vuurge hingste vas.
 Die agterstes moet ingalop
 tot midde in die ruitertrop —
 die ponie en die bossie-kop.
 Kom, burgers ry so bymekaar —
 die vierkleur is weer in gevaar!

Trek burgers, almal nou geteld,
 al voort maar deur die wye veld,
 en of jul al omlaag verdwyn,
 of op die heuwels weer verskyn —
 wys steeds die volle slingerlyn.
 Kom burgers, trek so bymekaar —
 die vierkleur is weer in gevaar!

Jaag, burgers, jaag oor rand en rots,
 wanneer jul teen die vyand bots.
 Ruk in, spring af en pos gevat
 aan d' onverwrikbre ryperdblads.
 Mik fyn, kyk waar die stoffie spat!
 Staans, burgers, staans dan bymekaar —
 die vierkleur is weer in gevaar!

En moet jul val, val dan met eer,
 met d' oog die vyand toegekeer;
 val op die grense, man en perd,
 die oue vierkleur is dit werd
 en d' eerkroon wink al uit die vert'.

Val burgers, val dan bymekaar — —
Die vierkleur is weer in gevaar!

So sing die jonges vol van vreugde,
maar ag, oom Gert se hart is seer
as hy straks diep en dieper peinsend
gaan langs die oue slagveld weer.

Dáár lê Majuba, donkerkleurig,
sy sye een en al terras;
dis of die berg van alle eeue
vir wonderdaad geskape was.

Daar lê Langnek; dis of Gods hande
dit vir 'n skanswerk hēt gebou.
En daar's Ingogo's kronkelbedding —
net om die Britte op te hou.

Daar's nog die wonderlike hoeke,
net om die vyand vas te keer. —
Maar ag, oom Gert voel nou so anders,
sy hart is onverklaarbaar seer.

Hy sien nou orals groot kanonne;
hy weet nie of die ding sal gaan.
Die treine voer nou alle soorte
van wapens uit die hoofstad aan.

Daar is hom ook so baie mense,
en baie goed word aangevoer;
voorheen had hul so min maar nodig:
'n ryperd, biltong en 'n roer.

Dis nodig, ja, die tyd die vorder,
en daarom swyg hy maar en kyk.
Maar heel die Amajuba-wêreld, —
alles wil hom so anders lyk.

Tog leef hy weer, die oue krygsman,
al trek hy nou maar same net :
'n oue oorlogspêrd die runnik
wanneer hy hoor die krygstrompet !

'N ESAU.

(Die volgende is die Derde Toneel van 'N Esau deur
J. F. W. Grosskopf).

DIRK, HENDRIK.

Taamlik laat, dieselfde agtermiddag. Dirk en Hendrik sit voor die eettent en gesels. Regs van hulle staan 'n leë stoel, effens vorentoe.

Dirk soos in die vorige toneel.

Hendrik is maar 'n bietjie ouer as Dirk, maar in sy houding en in sy kalm, nadinkende manier van praat is hy al soos 'n man. Sy vel is veel bruiner gebrand as Dirk syn, maar hogerop is die voorkop wit. Hy is baie gekleed soos sy pa, armoedig maar skoon. Sy broek is egter 'n bietjie kort. Sy ou breërandhoed is grys en het ook 'n breë lanferband, wat al tamelik stowwerig lyk, daarom. In sy hand hou hy 'n paar boeke.

Dirk (*slaan op Hendrik se skouer.*) Jong, Hendrik, en later sal ek vir jou nog baie boeke kan stuur. Daar is mooies—soos die storie van Piet Uys en „Mooi Annie”—wat ek by die huis het en wat ek al baiekeer gelees het.—Jy moet net vir my laat weet waarnatoe ek dit moet stuur.

Hendrik. Dis jammer; ons gaan mos hiervandaan na Angola. Ons wag hier net vir Oom Willie Boshoff.—

Hy sou vandag of môre hier wees.

Dirk (*opgewonde.*) Na Angola?

Hendrik (*saaklik soos 'n ou man.*) Ja, die wêreld word hier vir ons te vol. Daar 's vir Boere geen plek meer nie—en al is daar, orals word jy maar getrap en vervolgt.—(*Verontwaardig.*) Jy mag nie eers meer skiet nie!—Daar is die wêreld nog oop.

Dirk (*vol romantiese geesdrif.*) Man—na Angola!—Ek wens ek kon saamgaan. Dis tog nog 'n Boer se lewe!—My oupa was so 'n vername wildskut in sy jong jare..... Jong, Hendrik, jy moet vir my skrywe daarvandaan, as jy kans kry. Ek sal vir jou dan altyd boeke stuur; want die sal jy daar glo nie kry nie..... 'n Kleinneef van Ma het ook soheentoe getrek, baie jare voor die Oorlog. Eenmaal het hy vir ons.....

OOM JAKOB (*agter op*).

Dirk (*breek verleë sy gesprek met Hendrik af; staan op.*) Pa, dit is Hendrik.....

Hendrik (*staan op, haal sy hoed af.*) Dag, Oom!
(*Weet nie of hy hand moet gaan gee nie.*)

Oom Jakob (*kortaf, sonder om hom aan die seun te steur.*) Dag!

Dirk (*met jeugdige bewondering.*) Pa, hy gaan my 'n paar waterbokhorings gee..... O ja, en weet Pa, hulle van is ook Grobler?—Ek het vir Hendrik gesê, ons moet nog uitvinde of ons nie famielie is nie. Ja, en daardie waterbok het hy self geskiet. Hy het al grootwild geskiet: 'n tier en meer as honderd bokke al.

Oom Jakob (*gaan sit; besig met 'n riempiesvelletjie.*) Vat hier, Dirk! (*Sny 'n naairiempic.*)—So? Hy kon gerus daaraan dink om beter werk te doen. Hy kan nie altyd so vir kwaad geld rondswerwe nie. Ons

land het bruikbare burgers nodig. (*Sny die riempie klaar, hy nerf dit, trek dit deur sy mond om dit nat te maak en laat Dirk weer vashou om dit te stryk.*)

Dirk. Maar Pa, hy was die hele Oorlog by die burgers in die veld..... onder Generaal Beyers. Hy het vir my vanmiddag baie vertel.....Nou gaan hulle na Angola.

Oom Jakob (*Stryk klaar.*) Dis miskien maar die beste ook. Die dae van die jagter is verby in die Transvaal..... Waar is jou meestertjie, Dirk?

Dirk. Ek glo hy slaap nog, Pa.

Oom Jakob. Hy slaap lank.

PIERRE (links op.)

Pierre, met 'n tekenboek in sy hand, kom stadig nader; hy het nou die ligbruin ferwcelbroek van Oom Jakob aan.

Dirk (*sien Pierre aankom.*) Nee, hy het glo tog nie meer geslaap nie. Daar kom hy uit die bos aan.....

Pa, ek gaan nog so 'n entjie saam met Hendrik.

Hendrik (*groet beleef.*) Middag, Oom.

Oom Jakob (*brom.*) Middag!

Dirk en Hendrik *regs af.*

Oom Jakob (*korswil.*) En toe, Meester, het jy tog nie tot nou geslaap nie?—Ons het nog nooit eers lekker gesels met mekaar nie.

Pierre. A nee, Oom Jakob, ek het net so 'n bietjie na die ete geslaap. Toe het ek weer na daardie kopie gestap. (*Geesdriftig.*) Die wêreld is vir my hier regtig mooi! (*Gaan sit ook.*) Ek sou so graag 'n skilder geword het—om ons pragtige Suidafrikaanse natuur af te skilder..... Ek het nooit behoorlik les

gehad nie; ek sukkel maar self so 'n bietjie aan.—

As ek kon kies, sou ek 'n groot skilder word.

Oom Jakob. Kan jy daarmee jou lewe goed verdien?

Pierre. Ek vrees, Oom Jakob, hier in ons land nog nie eintlik nie.

Oom Jakob (*droogweg.*) Skilder dan maar liewers huise of waens!

Pierre (*bietjie verleë.*) Nee, ek doen dit mos nou net vir my plesier..... Ek het daarbo gesit en neergekyk hier op die (*onseker*)..... die kamp.....

Oom Jakob. Staanplek sê ons, Meester.

Pierre..... en die rivier. Die bome en alles is vir my so onbekend en so interessant.—Watter boom is dit hierdie, waar die cettent onder staan?

Oom Jakob. Die? dis 'n wynruithaakdoring..... sy blare lyk mos soos wynruit syne. (*Staan op.*)

Pierre (*staan op en kom staan naas hom.*)

Oom Jakob (*wys.*) En daar, by ons tent, dis 'n swart-haakdoring. En sien jy daar, die groterige boom? Dis 'n tamberotie—dis uitstekende hout vir stoele en rusbanke. En daar op die gruisrant—die regop-bome met die donker stam—dis boekenhoutbome. My oorlede vader het self al ons bottervaatjies, en te-goedbakke, selfs emmers, gemaak—gewoonlik van boekenhout. En tussen hulle—die blare word nou rooierig—dis wilde sering. Ons het gewoonlik 'n wiel se naaf daarvan gemaak—dis bietjie 'n sagte hout..... Maar wag, ek sal jou later al die bome wys en die name sê.

Hulle gaan sit weer; Oom Jakob op die middelste van die drie stoele, Pierre links van hom.

Pierre. Ek het daarbo 'n tekening probeer maak van die staanplek.—Wil Oom Jakob dit miskien sien?

(Haal die los vel uit die tekenboek en gee dit vir Oom Jakob.)

Oom Jakob. Ja sekerlik. (Kyk na die tekening.) Het jy die prentjie self afgeteken, Meester? Maar jy het alles haarfyn gemaak..... die wa, die tente..... en daar die ou krom boekenhoutboom waar die weer ingeslaan het. (Staan op.) En..... gedomie, dis mos Outa Freek wat onder die boom op sy rug lê en slaap—met die hoed oor sy gesig! (Kyk weer.) Ja, dis sy hoed, met die volstruisveer!—Wag, ek sal die ou vabond kry!—Mag ek dit hou, Meester?

Pierre. Dis nog nie mooi klaar nie, anders sou ek dit graag vir Oom Jakob gee.

Oom Jakob. Ek wil dit net solank hê tot..... Maar, as jy dit vir my wil present gee as dit klaar is, sal ek baie bly wees. (Gaan sit weer.)

Pierre. As Oom Jakob dit wil hê, seker!..... Oom Jakob, dit lyk vir my, as 'n mens nog iets wil sien van die ou Voortrekkers se lewe, dan moet jy hier na die Transvaalse Bosveld kom.—Ek sou die regte jagterslewe nog so graag wil leer ken.

Oom Jakob. Is jy lief vir skiet?

Pierre. Ek kry nie dikwels kans nie, maar ek jag graag.

Oom Jakob. Eintlik groot wild is hierlangs nie meer baie nie; maar bokkies sal jy nog taamlik kry. Ek sal jou my jag-Mauser leen—dis 'n pragtige geweer..... een van die Duitse offisiere in die Oorlog het dit vir my present gegee. Die ou vrou het dit op Pretoria weggesteek vir die Engelse..... Wag, ek sal dit vir jou wys; ek het dit flussies al hier in die eettent neergesit. (Staan op en haal die geweer; gaan sit dan met die geweer oor sy knie.) Ken jy 'n

Mauser?—Kyk, so werk die slot! En so terug..... dan gooi hy die dop uit. Sien jy? (*Slaan die slot toe; laat die geweer staan teen die stoel wat leeg is, die verste regs voor.*) Jy kan môre met Dirk 'n slag (*wys met die hand*) so heen toe uitstap—hier naby hou 'n paar duikers en steenbökkies. Maar julle moenie mors nie; daar is nie al te veel patrone nie. (*Tel die patroon, wat uitgegooi is, op en lê dit op die leë stoel neer.*)

Pierre (*waarsku.*) Oom Jakob, die geweer is glo nog gelaai en oorgehaal.

Oom Jakob. Dis op rus. En daar is mos nou ook niemand hier nie.—Ek sal dit self netnou bêre.

Pierre. Ek het in die trein so 'n bietjie gesels met een van dié ou jagters..... Die jagstories wat dié ou kan vertel! Party is 'n bietjie kwaai om te glo.—Maar sy gesig was vir my so interessant—ek het 'n skets probeer maak. (*Haal 'n klein sketsboekie uit sy sak.*) Wil Oom Jakob dit sien?—Ek glo die plek waar hy eintlik woon is Naboomspruit.

Oom Jakob (*kyk daarna.*) Dis seker ou Saalmon Nuwenhuis! Ek ken die ou. Hy beteken vandag ook niks nie.—Ja, dis 'n ellend hier by ons: baie van die oues is net jagters—werk wil hulle nie. Nou sak hulle stadig aan al hoe laer.

Pierre. Ek weet nou nie eintlik genoeg daarvan af nie—maar is dit regtig omdat hulle niks beteken nie? Oom Jakob, ek sou dink, as ek in my jong jare gewend geraak het aan dié soort vry lewe, dan sou dit vir my vandag bitter swaar wees om my lewe te verander.—Ek kry vir hulle eerder jammer.

Oom Jakob. Ons moet almal maar ou dinge afleer en nuwe dinge leer.—(*Met 'n bietjie patos.*) Ek het 'n

voorbeeld in my eie famielie: my oudste broer was ook so 'n groot wildskut..... en ek moet sê, 'n onverskrokke man. Nou is hy totaal uitgeboer..... Hy het ook vir lange jare nie meer vir hom aan sy eie famielie gesteur nie..... Ons was baie lief vir mekaar as kinders.—(*Peinsend.*) Dis darem jammer!..... En hy het ook regtig baie teenspoed gehad..... Maar is dit nou 'n rede om..... (*Weer met sy gewone stem.*) Kyk, julle Bolandse Boere—julle het julle foute; maar aan die werkkant is julle 'n voorbeeld vir ons.

Pierre. Miskien, Oom Jakob.—Dis glo omdat ons moes.

Oom Jakob (*ernstig.*) Ons moet ook; ons Boere moet meer werk!..... Is jou famielie boere?

Pierre. Ja, Pa het 'n taamlike wynplasia naby Franshoek. Hy het nog altyd spyt dat ek nie 'n boer geword het nie..... Ek is die enigste seun.

Oom Jakob.—Reken jy, dat skoolhou betaal?

DIRK (regs op.)

Pierre. Ag, ek weet nie, Oom Jakob. Ek het nie daaraan gedink nie. Maar ons nasie moet tog leer.

Dirk (*gaan sit op sy hurke langs Pierre en luister.*)

Oom Jakob. Ja, dis waar! Vir my is dit een van die grootste dinge: ons Boere moet ons kinders goed laat leer.—Jy het miskien ook al gehoor, hoe ons in die ou dae moes sukkel met onbekwame meesters.—Ene wat die kinders tot by die reël van drie kon bring, was goed.

Pierre. My pa het my ook vertel, hoe swaar dit vroeër was op die plase wat ver van die dorpe af is.

O o m J a k o b (*met 'n glimlag.*) Wag, ek moet jou nog 'n grap van my pa vertel..... hy was 'n snaakse ou man partykeer: kortaf, en hy het niemand ontsien nie Eendag het hy en oorlede Ma met die wa gestaan by ou Tant Miëna Wolfaard, daar by Gatsrand..... Ons het dié dae mos nog nie dokters gehad nie, en sy was 'n vername ou doktersvrou. Een middag sit hy op die stoep, toe daar 'n klompie jongkêrels te perd kom kuier; en een van hulle stel hulle toe bekend by Pa: dis M i s t e r dié, en M i s t e r dié, ensovoorts. Die woord van 'Mister' was nog nie eintlik bekend nie. En Pa kyk vir hom so, en op sy vinnige manier sê hy: „So? Jul 's mos 'n trop meesters! Hoekom hou julle nie skool nie?” 'n T r o p m e e s t e r s. (*Lag so 'n bietjie.*)

P i e r r e (*lag lekker.*) Ek hou mos so baie van dié ou dae se stories.

D i r k (*lag saam; daarna verwykend.*) Maar Pa, hoekom was Pa so onvrindelik met Hendrik?—Hy wil so graag leer. Hy lees alles wat hy kan optel: hy het daar stukke koerante, 'n boekie oor koperdip..... selfs 'n ou „Strand Magazine”, wat hy iewers langs die pad gekry het. Al boeke wat hy het, is 'n Bybel en 'n Gesangeboek en 'n soort predikasieboek..... ek glo Coenraad Mel is die naam—o ja, en nog 'n verflenterde Hollandse boek; dit lyk my 'n geskiedenisboek, maar voor en agter is 'n klomp blaaie af. --Nou gaan hulle trek..... en hy laat sy pa natuurlik nie alleen gaan nie. Hy is baie lief vir sy pa.

O o m J a k o b. 'n Mens behoort vir die ou sy plig duidelik te maak—of hulle moes die seun van hom wegvat!..... Maar kyk, as jy met die Meester nog ta-

rentale wil gaan skiet, soos die plan was—dit word tyd!

Pierre en Dirk staan op.

OUTA FREEK (regs op.)

O u t a F r e e k (*verskrik.*) Oubaas, die beeste is oorkant die rivier!

O o m J a k o b (*spring op.*) Jou ou pestilensie!—Dit kom daarvan as jy onder daardie ou boekenhoutboom lê en slaap.

O u t a F r e e k (*skynheilig.*) A-nee-aa, Oubaas! Ek het nog nooit geslaap nie.

O o m J a k o b (*wys na Pierre.*) Maar Basie! Baas sal mos nog nooit van 'n ou Bolandsjong gaan nuus dra nie.

O o m J a k o b. Nee, die baas het ook nie.—(*Aan Pierre en Dirk.*) Toe loop julle nou maar liewers skiet.—Kyk, die baas het hierdie prentjie gemaak, en toe jy daar so vas lê en slaap, het hy jou maar saam afgeteken. Die baas wis nie eers dis jy nie—jou slegte ding!

Dirk fluit vir sy hond; Dirk en Pierre agter af.

O o m J a k o b (*vir Outa Freek.*) En nou roep jy vir September (*hy spreek uit „S'temmer"*) en die ander kaffer. En as jy terugkom eer julle al die beeste het—so oud as jy is, sal jy onder die strop deurloop!

O u t a F r e e k (*wil na agter loop.*)

O o m J a k o b (*kwaad.*) Hoe het die goed oorgekom?

O u t a F r e e k (*staan stil.*) Oubaas, hulle het daar naby die pad (*wys na regs*) geloop..... Ek het voetspore agter hulle gekry.

O o m J a k o b. 'n Kaffer?

O u t a F r e e k. Ek weet nie, Baas. Dis skoene se spoor—maar dit lyk my taamlik ou skoene.

O o m J a k o b (*ongeduldig.*) Loop! Maak nou gou! Ek het vandag glad geen geduld met jou nie.

Outa Freek *haastig agter af.*

O o m J a k o b (*gaan brom-brom in die tent. Dit begin al skemer word. Hy steek 'n kers op en sit dit op die tafel neer. Gaan sit met sy rug na die toeskouers, sodat sy kop en skouers net voor die lig is. Hy begin skrywe, maar kyk dan om en kom weer vorentoe. Brom :)* Die wind waai ook n e t van voor in! (*Hy trek die klap toe, sodat die skaduwee, as hy sit en skrywe, duidelik op die seil afgeteken is.*)

DIE VREEMDE OOM (regs op.)

V r e e m d e O o m (*kom suutjies nader asof hy iets bekruip, met 'n ou Lee-Metford-geweer in sy hande. Staan regs voor stil. Senuweeagtig, bitter*): K a f f e r s e v o l k !—sê jy..... (*Tussen sy tande*): J o u g e l d w o l f !..... Daar sit jy! (*Hy vat die geweer reg, klaar om gou te kan aangooi; met die vinger teen die sneller. Dan stap hy nog 'n bietjie nader. Staan stil by die stoel waar Oom Jakob se Mauser staan; sien dit. Hy sit sy eie geweer teen die stoel neer; vat die Mauser en kyk suutjies of dit gelaai is.*) S y e i e r o e r ! D i s v e i l i g e r !—(*Hy kom nog 'n bietjie nader tot skuins voor die tentdeur. Bring die geweer hoger, klaar om aan te lê. Laat dit weer sak, asof hy nog nie kan besluit nie. Hy lig die geweer dan weer op, maar nog nie vas teen sy skouer nie.*)

HENDRIK (regs op).

H e n d r i k (*hardloof sonder 'n geluid na sy pa. Roep hees*): N e e, P a ! (*Gryp dadelik na die geweer en ruk die tromp op. Daardeur trek sy pa se*

vinger die sneller af. Skoot dreun. 'n Mens sien Oom Jakob se skaduwee opspring, die kers val om; dis donker in die tent. Hendrik sien sy pa se geweer staan en druk dit gou in sy hand. Hy stoot sy pa haastig weg na regs).

Vreemde Oom regs af.

Hendrik (bly staan met die Mauser in sy hand).

Oom Jakob (druk die seil opsy. Dis buite nog nie heeltemal donker nie. Hy loer vinnig na regs. Skreeu): Wie is daar? (Sien Hendrik staan; gryp hom aan sy skouer.) Wat skiet jy hier? (Val die geweer.) My geweer! Hoe kom jy daaraan?

Hendrik (met vaste, effens stadige stem.) Ek het dit net gevat.....toe gaan dit af.

Oom Jakob (haastig.) Wou jy 't steel? (Laat sy skouer los.)

Hendrik. Nee.....(Met nadruk.) Ons steel nie!

Oom Jakob. Lieg jy?

Hendrik. Nee, Oom!..... Ten minste nooit vir myself nie.

Oom Jakob (wys na regs.) Wie loop daar, dan?

Hendrik (draai sy kop in dié rigting.) Ek sien niemand nie.

Albei staan 'n paar oomblikke stil sonder 'n woord.

Oom Jakob. Nou loop!

Hendrik (begin stadig wegslap, na regs).

*Oom Jakob (kyk onbeslis na hom. Skielik roep hy:)
Hendrik!*

Hendrik (staan stil en kyk na hom.) Ja, Oom?

Oom Jakob. Kom hier, seun!

Hendrik (kom nader.)

O o m J a k o b (*met 'n effens vrindeliker stem.*) Het jy
jou pa lief?

H e n d r i k (*knik.*)

O o m J a k o b (*asof hy plotseling 'n besluit neem.*)
Nou, dan sê vir jou pa, ek kom môreoggend na
hom.—Ek moet met hom praat. Ek verwag, dat
hy daar moet wees.

H e n d r i k *regs af.*

O o m J a k o b (*kyk half verskrik na die geweer in sy
hand, asof hy dit skielik die eerste keer raaksien;
stap na die tent; draai half om en kyk na regs.*)
Het..... ek..... my broer..... so.....? (*Harder.*)
Sou hy regtig.....?

EN DAN SÊ HUL NOG: „DIT SPOOK NIE!”

Toe die getrouste vors, die son, agter die bergrante oprys, sy pad deur die laagliggende wolkies deurbaklei en 'n nuwe dag met hom saambring, toe het Groot Fant al sy tweede kommetjie koffie begrawe. Hy stap daarop na sy veekrale toe om weer met ieder stuk vee sy kennis te vernieuw. Nie lank daarna nie verlaat die beste, onder gebulk van koeie en kalwers, die eën kraal, en die kleinvee weer verlaat stemloos die ander kraal—reguit veldtoe. Nadat hy enige klein belangstellinkies aan een en ander werkjie bewys het, was die tyd vir oggendete daar. Die oumense het altyd beweerd dat kinders, as hulle saans te baie vleis eet, in die nag lelike drome kry; dog Groot Fant begin reeds soggens om nagmerries te voer. Sy taks is dan: 'n halwe skaaprib, 'n tamaai rantsoen brood met ander toekos; en dit alles word met 'n bak melk bo-op verdrink. Na dit skuif hy sy stoel opsy en laai dan sy tabakkanon, om die lug met tabakwolke te bombardeer.

Hy stap kliphuis toe en staan nogmaals die pilaar bekyk, of hy wel die regte een gekies het om weg te skiet. Toe geen ligstraal sy twyfel verlig nie, sê hy tot homself: „Kom wat wil—as die grot instort, is ek tog nie baie slegter af nie, as dit so ondicsbaar bly dat ek dit vir niks kan gebruik nie. Kom nou wat wil—pilaar, jy moet hier vir altyd weg.”

Hy dra 'n groot stuk rots aan en gaan daarop staan om die boonste gat in te boor—die een wat die boor

draai, staan op 'n leer, en Fant gee die mokerslae op die boor.

In daardie selfde dae het daar 'n Simson van 'n man uit Europa gekom om hier in Suid-Afrika sy krag op die toneel, teen verkoop van toegangskaartjies, te vertoon. Dié man se spiere op sy arms en bene het so uitgedye gestaan asof hy daar op daardie plekke pampoentjies gehad het—sy nek en bors het gelyk of dié met koperdraad deurvleg was. Orals word hy met gevulde sale ontvang—alwaar dit daver van handgeklap en toejuiging.

Op Grahamstad het honderde toeskouers saans die saal gevul. Op die laaste aand van sy voordrag hoor hy toevallig van een dat Groot Fant ook so sterk is; dog die beriggewer het Fant self nie gesien nie, en weet dus nie dat die reus so groot was nie; dog hy gee die sterk man die vaste versekering dat Groot Fant 'n uitdaging om krag te monster, sal aanvaar. By die sluit van die verrigtings van dié aand kondig die sterk man af dat hy Groot Fant gaan uitdaag, en dat hulle twee oor twee aande op daardie selfde verhoog voor die publiek mekaar sal ontmoet.

Die gehoor klap hande, en stemme van: „Ons sal seker kom! Pas maar op dat die Boer jou nie baas-raak nie!”

Vroeg die volgende oggend, na die afsterwende maan sy twee horings regop agter die oosterkim uitsteek, vertrek die man met 'n huurkar reguit Kliphuis-koppie toe, om Fant voor die publiek uit te daag. Min het die reus van soiets gedroom. Dis waar, hy het wel van daardie danige sterk man en sy bedrywe gehoor, maar verder niks meer nie.

'Toe die kar op Kliphuiskoppie se werf stilhou, sien die man 'n ou aia en vra haar waar die baas van die plaas is. Sy beduie hom na die spelonk toe.

Die man het 'n nou broek aangehad met hoë heldergeelleer-kapstewels; sy velthoed en onderbaadjie was bloedrooi—en dit was meer as die klomp plaaskalkoene op die werf kon verdra: met rooi moet iemand van 'n kalkoen af wegbly. Dadelik koel-koel die mannetjies, en, in geselskap van die wyfies, agtervolg hul daardie Lekker Oom Jannie, en dreig met geweld teen daardie geel, blink kamaste te skop. Die man het daar na 'n los takkie gegryp om die moedswillige agtervolgers te verdrywe. Dit maak hulle nog boser, en hulle koppe swel en die belle word nog rooier. Omkykend en rondkykend, stap die man tot voor die spelonk. Hy hoor daar binne hamerslae en roep uit: „Môre, meneer!” want hy sien net die helper van Fant op die leer staan, terwyl Groot Fant agter die pilaar besig was.

„Koel, koel, koel!” blaker die kalkoene in koor uit.

Groot Fant en sy hulp hoor niks nie as net die geskater van die rusie-makende kalkoene.

Die man gee 'n waai met die tak om die bekke van die kalkoene toe te stop, en roep weer: „More, menecr.”

„Koel, koel, koel,” antwoord die dreierende rooi-koppe.

Die man, agtervolg deur die geraasmakers, stap die spelonk in, gaan by die leer staan, steek sy hand uit na Fant se helper en roep weer uit: „Môre, ou vrind!”

Weer 'n rumoer van kalkoene, asof hul regtig skoor seek.

Die helper van Fant groet, vat die tak uit die man se hande en dryf die geraasmakers uit. En die man

stap agterna tot by die ingang van die grot. Intussen het hulle net klaargehad met die boonste boorgat, en Fant, wat die stuk rots waarop hy gestaan het, nie meer nodig gehad het nie, tel die vreeslike blok steen op om dit by die grot uit te gooi. Hy was agter die pilaar en wis niks van die inkoms van die sterk man nie. Onderwyl die vreemdeling aan die helper vra waar die danige sterk Boer woon, staan Groot Fant net agter hom, en smyt die 300-pond-rots of dit 'n leë seepkissie is.

Die vreemdeling kyk om en skrik hom asvaal; want hy het nie verwag om so 'n groot reus aan te tref nie. Hy wou nog 'n beleefde buiging maak, maar daardie buig sterf in sy geboorte in verwarring.

„Koel, koel, koel!” spot die kalkoen. Dit op sigself is genoeg om iemand van alle vrymoedigheid te ontwapen.

In sy verleentheid stamel hy—sonder om te dink: „Kan u my sê waar die sterk Boer woon?”

Fant het lankal gemerk watter man hy voor hom het. Hy vat die leer uit die hand van sy helper, waarop dié gestaan het, neem dit in sy regterhand aan die een punt en wys daarmee na die woonhuis en antwoord: „Daar woon hy.” Daarop gooi hy die leer neer, asof dit 'n takkie was.

Die vreemdeling skud sy kop, staan Groot Fant van kop tot voet aan te gaap en stamel weer: „En is daardie man sterker as jy?”

Weer bulder die kalkoene: „Koel, koel, koel!”

„Slaan tog dié nare goed hier weg!” sê Fant aan sy helper.

En met 'n droë laggie antwoord hy die man: „Ek

sal dit so nooit as nimmer waag om aan daardie Boer se lyf te gaan vat nie."

Die man skud andermaal sy kop, vat met sy regterhand, in diepe oordenking, aan sy ken en praat verder niks nie.

Groot Fant merk op: „Ou vrind, jy kan maar gerus nader staan; hier is nie honde wat sal byt nie, en daardie geraasmakers van kalkoene sal vir jou niks maak nie; of sal ons liewers huis toe stap om 'n koppie tee te gaan drink? Dan kan jy meteens kennis maak met daardie sterk Boer."

„Nee, nee, dankie, meneer. Ek vra maar, en is haastig om dorp toe te gaan."

Hy stap toe kar toe, maar die gemene kalkoene was nie tevrede nie, alvorens die man in die kar sitplek geneem het. Hy gee Fant 'n verliggende groet met die hand; en toe hulle wegry, vra die Kaapse basterjong: „Seur, is daardie baas die man wat jy kom nooi het? Hoe lyk die ding nou vir seur?"

Die man was verward geraak in die spinnerak van sy eie gedagte en maak of hy die vraag nie hoor nie. So het hy daarop ook nie geantwoord nie, dog redeneer: Dan sê hulle nog: „Dit spook nie."

Op Grahamstad terug, het daardie Lekker Oom Jannie haastig ingepak en sonder afskeid stillietjies vertrek.

BRUILOF.

Op Soetlands-vlei is bruilof.
Stoffies trek omhoog in al die paaic,
dis karre wat op weg is na die fees.
Uitkyks kapkar is ook een daarvan.
Die beste perde van die stal
is ingespan vandag,
en tuie blinkend in die son.

Van ver alreeds
word karre en perde oor en weer herken.
En doeke by die raampies uitgewuif
bring groete reeds vooruit
van vrinde, aan vrinde langtyd nie gesien.
En daar waar paaie uitloop in mekaar
word stil gehou
om soene met mekaar te wissel eers
en hande-groet,
dan gaan die reis weer verder aan.

Tafels staan gedek op Soetlands-vlei
se werf,
in koele skaad'wee,
alles van die beste is daar op
wat d' Afrikaanse huisvrou kan berei,
gebakke, vrugte en blomme
in bonte mengeling.
Maar seker is die skoonste nog van al:
die blosend-lief gesiggies,

tawwertjies, soos blomme self
 met held're somerkleure,
 ryklik rondgestrooi
 al tussen-deur die swarte drom
 van mense —
 laggies hupp'lend deur die praatgebrom,
 die grappies spattend
 hier en daar,
 en handjies blank en tyn
 wat help om rond te dien.

Die vrolik-gulle lag van Roelf
 word nou en dan
 bo almal uit gehoor.
 Hy maak of hy die korswil nie verstaan
 wat doel op hom en Martjie.
 Wag, die ergste kry hy nog te hoor :
 In d'eetsaal is die gaste
 nou byeen,
 'n glasic word getik
 en stilte aangevra
 vir iemand wat 'n woord wil praat.
 Die sprekers woorde is maar baie gewoon :
 hy wens die ouerpaar
 en bruid en bruidegom geluk,
 maar laat dan daarop volge :
 „vrinde,
 „dis wel waarlik te verstaan
 „dat so baie mooi gesiggies
 „as ons hier vandag
 „versameld sien
 „wel maklik menig jonkman kan beweeg
 „om ook 'n plan te maak.....

„en 'k dink ek kan jul wel
 „verseek'ring gee
 „dat ons nie al te lang meer hoof te wag
 „om nogmaals so 'n fees te vier.”.....

Gelag gaan op, en onderbreek
 die sprekers woord,
 wyl ieders oog op Roelof is gerig
 en hande-kloppies op sy skouer val.
 'n Oënblik staan hy glad verbluf
 al-eer hy 'n laggie op kan wêk
 om hom te red;
 maar klankloos is die laggie,
 kort en leeg.
 In ope-staande deur,
 net agter haar,
 is Martjie, op die sprekers woord,
 verdwene in 'n kamer,
 ongemerk en snel,
 vergeefs dat hoofde en oë sig nou beur
 om haar te seek.
 En in die kamer bly sy tot
 die uur van huistoe-gaan.

